RES-18 A 2

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

# DIE DRINKPATROON VAN DIE BANTOES IN SUID-AFRIKA

deur

J. D. MILES

INLIGTINGSAFDELING
NA... ...EN MAATSKAPLIKE ... ORSING
...URAL AND SOCIAL RESEARCH
INFORMATION SECTION

NAVORSINGSREEKS Nr. 18

001.3072068 RES 18 NBSR

Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing

THIS REPORT IS ALSO AVAILABLE IN ENGLISH

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 NBSR RES 18 | 36379/0 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

303779/0

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE

EN

MAATSKAPLIKE NAVORSING

0000463984

2844363866

# DIE DRINKPATROON VAN DIE BANTOES IN SUID-AFRIKA

DEUR

J.D. MILES

1964

001.3072068 NBSR RES 18

*046398*

TOEKENNINGS VAN DIE NASIONALE RAAD VIR SOSIALE NAVORSING VIR DIE ONKOSTE VAN HIERDIE OPNAME EN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VERSLAG WORD MET DANK ERKEN

DIE INHOUD VAN HIERDIE VERSLAG MAG VRYELIK AANGEHAAL WORD, MITS DIE BRON ERKEN WORD

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1977-11-21
STANDKODE
NBSC RES 18
001.3072068
G
REGISTERNOMMER
36379 0

VOORWOORD

Hierdie verslag vorm die tweede deel in die reeks waarin die drinkpatrone van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika onder die loep geneem word.

Dié opname onder die Bantoe het plaasgevind voordat die nuwe drankwetgewing (Wet nr. 72 van 1961) van krag geword het. Hierdie verslag bevat dus baie vergelykbare gegewens vir 'n soortgelyke ondersoek wat later, nadat die Bantoe vir 'n tyd lank vryelik Blanke-drank kon gebruik het, uitgevoer sal word.

Graag betuig ek my dank aan almal wat bygedra het tot die suksesvolle voltooiing van hierdie ondersoek; veral aan die Departement van Bantoe-onderwys wat met die werwing van veldwerkers behulpsaam was, al die Buro-amptenare wat 'n bydrae gelewer het (veral aan drr. C.W. Wright en J.D. Venter onder wie se leiding die ondersoek beplan en deurgevoer is) en aan die lede van die adviserende ad hoc-komitee, nl. dr. J.A. Grobler, prof. F.W. Blignaut en prof. G. Cronjé.

P.M. Robbertse.
DIREKTEUR

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING.

INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Doelstelling | 1 |
| 1.2 | Metode | 1 |
| 1.3 | Begripsbepaling | 5 |
| 1.4 | Wetlike aspekte by die Bantoe se drankgebruik | 7 |
| 2. | ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STREEKPROEFGROEPE | 10 |
| 2.1 | Inleiding | 10 |
| 2.2 | Die ouderdomsverspreiding van die proefpersone | 10 |
| 2.3 | Die huwelikstaat van die proefpersone | 11 |
| 2.4 | Die inkomsteverspreiding van die proefpersone | 11 |
| 2.5 | Die beroepsverspreiding van die proefpersone | 15 |
| 2.6 | Die woonplekverspreiding van die proefpersone | 15 |
| 2.7 | Die onderwyspeil van die proefpersone | 17 |
| 2.8 | Die etniese groepe waaraan die proefpersone behoort | 17 |
| 2.9 | Die amptelike tale wat die proefpersone kan praat | 20 |
| 2.10 | Kwalitatiewe betroubaarheid | 21 |
| 3. | GEHEELONTHOUERS EN DRANKGEBRUIKERS | 22 |
| 3.1 | Inleiding | 22 |
| 3.2 | Geheelonthouding en drankgebruik | 22 |
| 3.3 | Geheelonthouding en drankgebruik by die twee geslagte | 22 |
| 3.4 | Geheelonthouding en drankgebruik by ouderdomsgroepe | 22 |
| 3.5 | Geheelonthouding en drankgebruik by beroepsgroepe | 26 |
| 3.6 | Geheelonthouding en drankgebruik by onderwyspeilgroepe | 28 |
| 3.7 | Geheelonthouding en drankgebruik by inkomstegroepe | 28 |
| 3.8 | Geheelonthouding en drankgebruik by huwelikstaatgroepe | 31 |
| 3.9 | Geheelonthouding en drankgebruik by etniese groepe | 31 |
| 3.10 | Geheelonthouding en drankgebruik by groepe wat in verskillende grade die amptelike landstale kan praat | 31 |
| 3.11 | Geheelonthouding en drankgebruik by woonplekgroepe | 35 |
| 3.12 | Geheelonthouding en drankgebruik by mobiliteitsgroepe | 35 |
| 3.13 | Geheelonthouding en drankgebruik by groepe wat in verskillende mate ervaring het van Blankedrank | 35 |
| 3.14 | Geheelonthouers en drankgebruikers se houding ten opsigte van die vrystelling van Blankedrank aan die Bantoe | 39 |
| 3.15 | Geheelonthouding en drankgebruik by groepe wat in verskillende provinsies of gebiede woon | 39 |
| 3.16 | Samevatting | 39 |
| 4. | DIE MOTIEF VIR DIE GEBRUIK VAN BANTOEBIER EN DIE VOORKEUR AAN BLANKEDRANK | 43 |
| 4.1 | Inleiding | 43 |
| 4.2 | Die motief vir Bantoebiergebruik by die twee steekproefgroepe | 43 |
| 4.3 | Die motief vir Bantoebiergebruik by die twee geslagte | 43 |
| 4.4 | Die motief vir Bantoebiergebruik by ouderdomsgroepe | 43 |
| 4.5 | Die motief vir Bantoebiergebruik by onderwyspeilgroepe | 47 |
| 4.6 | Die motief vir Bantoebiergebruik by inkomstegroepe | 47 |
| 4.7 | Die motief vir Bantoebiergebruik by huwelikstaatgroepe | 47 |
| 4.8 | Die motief vir Bantoebiergebruik by groepe wat verskillende hoeveelhede Bantoebier gebruik | 47 |
| 4.9 | Die motief vir Blankedrankvoorkeur by die twee steekproefgroepe | 52 |
| 4.10 | Die motief vir Blankedrankvoorkeur by die twee geslagte | 52 |
| 4.11 | Die motief vir Blankedrankvoorkeur by ouderdomsgroepe | 52 |
| 4.12 | Die motief vir Blankedrankvoorkeur by onderwyspeilgroepe | 52 |
| 4.13 | Die motief vir Blankedrankvoorkeur by inkomstegroepe | 57 |

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.14 | Die motief vir Blankedrankvoorkeur by die huwelikstaatgroepe | 57 |
| 4.15 | Die motief vir Blankedrankvoorkeur by groepe wat verskillende hoeveelhede drank gebruik | 57 |
| 4.16 | Samevatting | 57 |
| 5. | DRANKGEBRUIKGROEPE | 62 |
| 5.1 | Inleiding | 62 |
| 5.2 | Die gebruik van verskillende dranksoorte | 62 |
| 5.3 | Drankgebruikgroepe by die twee steekproefgroepe | 64 |
| 5.4 | Drankgebruikgroepe by die twee geslagte | 64 |
| 5.5 | Drankgebruikgroepe by ouderdomsgroepe | 64 |
| 5.6 | Drankgebruikgroepe by beroepsgroepe | 68 |
| 5.7 | Drankgebruikgroepe by onderwyspeilgroepe | 68 |
| 5.8 | Drankgebruikgroepe by geletterdheidsgroepe | 71 |
| 5.9 | Drankgebruikgroepe by inkomstegroepe | 71 |
| 5.10 | Drankgebruikgroepe by huwelikstaatgroepe | 74 |
| 5.11 | Drankgebruikgroepe by groepe wat in verskillende grade die amptelike landstale kan praat | 74 |
| 5.12 | Drankgebruikgroepe by mobiliteitsgroepe | 74 |
| 5.13 | Drankgebruikgroepe by drinkfrekwensiegroepe | 78 |
| 5.14 | Drankgebruikgroepe by groepe wat in verskillende grade drank gebruik | 78 |
| 5.15 | Drankgebruikgroepe by groepe wat in verskillende provinsies of gebiede woon | 81 |
| 5.16 | Samevatting | 81 |
| 6. | DRANKVOORKEUR | 84 |
| 6.1 | Inleiding | 84 |
| 6.2 | Drankvoorkeur by die twee steekproefgroepe | 84 |
| 6.3 | Die dranksoorte waarvan mees dikwels gedrink word | 84 |
| 6.4 | Drankvoorkeur by die twee geslagte | 86 |
| 6.5 | Drankvoorkeur by ouderdomsgroepe | 86 |
| 6.6 | Drankvoorkeur by beroepsgroepe | 86 |
| 6.7 | Drankvoorkeur by onderwyspeilgroepe | 90 |
| 6.8 | Drankvoorkeur by inkomstegroepe | 90 |
| 6.9 | Drankvoorkeur by huwelikstaatgroepe | 90 |
| 6.10 | Drankvoorkeur by etniese groepe | 90 |
| 6.11 | Drankvoorkeur by groepe wat in verskillende mate die amptelike landstale kan praat | 95 |
| 6.12 | Drankvoorkeur by groepe wat in verskillende grade drank gebruik | 95 |
| 6.13 | Drankvoorkeur by groepe wat in verskillende provinsies of gebiede woon | 95 |
| 6.14 | Samevatting | 95 |
| 7. | DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK | 100 |
| 7.1 | Inleiding | 100 |
| 7.2 | Die graad van drankgebruik by die twee steekproefgroepe | 100 |
| 7.3 | Die graad van drankgebruik by die twee geslagte | 103 |
| 7.4 | Die graad van drankgebruik by ouderdomsgroepe | 103 |
| 7.5 | Die graad van drankgebruik by beroepsgroepe | 103 |
| 7.6 | Graad van drankgebruik by onderwyspeilgroepe | 106 |
| 7.7 | Graad van drankgebruik by inkomstegroepe | 108 |
| 7.8 | Graad van drankgebruik by huwelikstaatgroepe | 108 |
| 7.9 | Graad van drankgebruik by etniese groepe | 108 |
| 7.10 | Graad van drankgebruik by woonplekgroepe | 112 |
| 7.11 | Graad van drankgebruik by drinkfrekwensiegroepe | 112 |
| 7.12 | Graad van drankgebruik by groepe wat in verskillende provinsies of gebiede woon | 115 |
| 7.13 | Samevatting | 115 |

HOOFSTUK BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 8. | DIE DRINKFREKWENSIE | 118 |
| 8.1 | Inleiding | 118 |
| 8.2 | Die drinkfrekwensie by die twee steekproefgroepe | 118 |
| 8.3 | Die drinkfrekwensie by die twee geslagte | 118 |
| 8.4 | Die drinkfrekwensie by ouderdomsgroepe | 121 |
| 8.5 | Die drinkfrekwensie by beroepsgroepe | 121 |
| 8.6 | Die drinkfrekwensie by onderwyspeilgroepe | 124 |
| 8.7 | Die drinkfrekwensie by inkomstegroepe | 124 |
| 8.8 | Die drinkfrekwensie by huwelikstaatgroepe | 127 |
| 8.9 | Die drinkfrekwensie by etniese groepe | 127 |
| 8.10 | Die drinkfrekwensie by woonplekgroepe | 127 |
| 8.11 | Die drinkfrekwensie by groepe wat verskillende dranksoorte mees dikwels gebruik | 131 |
| 8.12 | Die drinkfrekwensie by groepe wat in verskillende grade kennis het van Blankedrank | 131 |
| 8.13 | Samevatting | 131 |
| 9. | DIE MAANDELIKSE UITGAWE AAN DRANK | 135 |
| 9.1 | Inleiding | 135 |
| 9.2 | Die uitgawe aan drank by die twee steekproefgroepe | 135 |
| 9.3 | Die uitgawe aan drank by die twee geslagte | 137 |
| 9.4 | Die uitgawe aan drank by ouderdomsgroepe | 137 |
| 9.5 | Die uitgawe aan drank by beroepsgroepe | 137 |
| 9.6 | Die uitgawe aan drank by onderwyspeilgroepe | 141 |
| 9.7 | Die uitgawe aan drank by inkomstegroepe | 141 |
| 9.8 | Die uitgawe aan drank by huwelikstaatgroepe | 141 |
| 9.9 | Die uitgawe aan drank by woonplekgroepe | 145 |
| 9.10 | Die uitgawe aan drank by groepe wat in verskillende grade drank gebruik | 145 |
| 9.11 | Die uitgawe aan drank by groepe wat in verskillende grade ervaring het van Blankedranksoorte | 145 |
| 9.12 | Samevatting | 145 |
| 10. | DIE PLEK EN TYD VAN DRANKGEBRUIK | 150 |
| 10.1 | Inleiding | 150 |
| 10.2 | Die drinkplek vir Bantoebier | 150 |
| 10.3 | Die drinkplek vir brousels | 150 |
| 10.4 | Die drinkplek vir Blankedrank | 151 |
| 10.5 | Die dag waarop mees dikwels drank genuttig word | 151 |
| 10.6 | Samevatting | 152 |
| 11 | SAMEVATTING | 153 |
| 11.1 | Inleiding | 153 |
| 11.2 | Die drinkpatroon by die twee steekproefgroepe | 153 |
| 11.3 | Die drinkpatroon by die twee geslagte | 153 |
| 11.4 | Die drinkpatroon by ouderdomsgroepe | 154 |
| 11.5 | Die drinkpatroon by huwelikstaatgroepe | 154 |
| 11.6 | Die drinkpatroon by onderwyspeilgroepe | 155 |
| 11.7 | Die drinkpatroon by inkomstegroepe | 155 |
| 11.8 | Die drinkpatroon by beroepsgroepe | 155 |
| 11.9 | Die drinkpatroon by woonplekgroepe | 156 |
| | BYLAAG 1 Vraelys | 157 |

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1.1 | DIE PROVINSIALE VERSPREIDING VAN DIE BANTOEBEVOLKING IN SUID-AFRIKA EN DIE GEKOSE GETAL STEEKPROEFBUNDELS IN ELKE PROVINSIE OF GEBIED | 2 |
| 1.2 | GETAL PROEFPERSONE IN EWEKANSIG GEKOSE DISTRIKTE | 3 |
| 1.3 | DIE GESLAGSVERDELING IN DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 4 |
| 2.1 | DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE EN DIE TOTALE BEVOLKING | 10 |
| 2.2 | DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE PROEFPERSONE EN DIE TOTALE BEVOLKING | 13 |
| 2.3 | DIE INKOMSTEVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE | 11 |
| 2.4 | DIE BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE | 14 |
| 2.5 | DIE WOONPLEKVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE | 17 |
| 2.6 | DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE PROEFPERSONE | 18 |
| 2.7 | DIE ETNIESE GROEPE WAARAAN DIE PROEFPERSONE BEHOORT | 20 |
| 2.8 | DIE AMPTELIKE TALE WAT DIE PROEFPERSONE KAN PRAAT | 20 |
| 3.1 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE | 23 |
| 3.2 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY OUDERDOMS-GROEPE | 25 |
| 3.3 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY BEROEPSGROEPE | 27 |
| 3.4 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY ONDERWYSPEIL-GROEPE | 29 |
| 3.5 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE | 30 |
| 3.6 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY HUWELIKSTAAT-GROEPE | 32 |
| 3.7 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY ETNIESE GROEPE | 33 |
| 3.8 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT | 34 |
| 3.9 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY WOONPLEKGROEPE | 36 |
| 3.10 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY MOBILITEITSGROEPE | 37 |
| 3.11 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE MATE ERVARING HET VAN BLANKEDRANK | 38 |
| 3.12 | GEHEELONTHOUERS EN DRANKGEBRUIKERS SE HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN BLANKEDRANK AAN DIE BANTOE | 40 |
| 3.13 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON | 41 |
| 4.1 | DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE | 45 |

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.2 | DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY OUDERDOMSGROEPE | 46 |
| 4.3 | DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY ONDERWYSPEILGROEPE | 48 |
| 4.4 | DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE | 49 |
| 4.5 | DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY HUWELIKSTAAT-GROEPE | 50 |
| 4.6 | DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY GROEPE WAT VERSKILLENDE HOEVEELHEDE BANTOEBIER GEBRUIK | 51 |
| 4.7 | DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY DIE TWEE GESLAGTE | 54 |
| 4.8 | DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY OUDERDOMSGROEPE | 55 |
| 4.9 | DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY ONDERWYSPEIL-GROEPE | 56 |
| 4.10 | DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY INKOMSTEGROEPE | 58 |
| 4.11 | DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY HUWELIKSTAAT-GROEPE | 59 |
| 4.12 | DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK | 60 |
| 5.1 | DIE GEBRUIK VAN VERSKILLENDE DRANKSOORTE | 63 |
| 5.2 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY DIE TWEE GESLAGTE | 66 |
| 5.3 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY OUDERDOMSGROEPE | 67 |
| 5.4 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY BEROEPSGROEPE | 69 |
| 5.5 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY ONDERWYSPEILGROEPE | 70 |
| 5.6 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY GELETTERDHEIDSGROEPE | 72 |
| 5.7 | DRANKGEBRUIKSGROEPE BY INKOMSTEGROEPE | 73 |
| 5.8 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY HUWELIKSTAATGROEPE | 75 |
| 5.9 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT | 76 |
| 5.10 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY MOBILITEITSGROEPE | 77 |
| 5.11 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY DRINKFREKWENSIEGROEPE | 79 |
| 5.12 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK | 80 |
| 5.13 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON | 82 |
| 6.1 | DRANKSOORTE WAARVAN MEES DIKWELS GEDRINK WORD | 84 |
| 6,2 | DRANKVOORKEUR BY DIE TWEE GESLAGTE | 87 |
| 6.3 | DRANKVOORKEUR BY OUDERDOMSGROEPE | 88 |
| 6.4 | DRANKVOORKEUR BY BEROEPSGROEPE | 89 |

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 6.5 | DRANKVOORKEUR BY ONDERWYSPEILGROEPE | 91 |
| 6.6 | DRANKVOORKEUR BY INKOMSTEGROEPE | 92 |
| 6.7 | DRANKVOORKEUR BY HUWELIKSTAATGROEPE | 93 |
| 6.8 | DRANKVOORKEUR BY ETNIESE GROEPE | 94 |
| 6.9 | DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE MATE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT | 96 |
| 6.10 | DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK | 97 |
| 6.11 | DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON | 98 |
| 7.1 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE | 102 |
| 7.2 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY OUDERDOMSGROEPE | 104 |
| 7.3 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY BEROEPSGROEPE | 105 |
| 7.4 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY ONDERWYSPEILGROEPE | 107 |
| 7.5 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE | 109 |
| 7.6 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY HUWELIKSTAATGROEPE | 110 |
| 7.7 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY ETNIESE GROEPE | 111 |
| 7.8 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY WOONPLEKGROEPE | 113 |
| 7.9 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DRINKFREKWENSIEGROEPE | 114 |
| 7.10 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON | 116 |
| 8.1 | DIE DRINKFREKWENSIE BY DIE TWEE GESLAGTE | 120 |
| 8.2 | DIE DRINKFREKWENSIE BY OUDERDOMSGROEPE | 122 |
| 8.3 | DIE DRINKFREKWENSIE BY BEROEPSGROEPE | 123 |
| 8.4 | DIE DRINKFREKWENSIE BY ONDERWYSPEILGROEPE | 125 |
| 8.5 | DIE DRINKFREKWENSIE BY INKOMSTEGROEPE | 126 |
| 8.6 | DIE DRINKFREKWENSIE BY HUWELIKSTAATGROEPE | 128 |
| 8.7 | DIE DRINKFREKWENSIE BY ETNIESE GROEPE | 129 |
| 8.8 | DIE DRINKFREKWENSIE BY WOONPLEKGROEPE | 130 |
| 8.9 | DIE DRINKFREKWENSIE BY GROEPE WAT VERSKILLENDE DRANKSOORTE MEES DIKWELS GEBRUIK | 132 |
| 8.10 | DIE DRINKFREKWENSIE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE ERVARING HET VAN BLANKEDRANK | 133 |
| 9.1 | DIE DRANKUITGAWE VAN DIE BANTOES EN DIE GEMIDDELDE WAARDE VAN DRANK DEUR BLANKES GEBRUIK | 135 |

| TABEL | | BLADSY |
|---|---|---|
| 9.2 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY DIE TWEE GESLAGTE | 138 |
| 9.3 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY OUDERDOMSGROEPE | 139 |
| 9.4 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY BEROEPSGROEPE | 140 |
| 9.5 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY ONDERWYSPEILGROEPE | 142 |
| 9.6 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY INKOMSTEGROEPE | 143 |
| 9.7 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY HUWELIKSTAATGROEPE | 144 |
| 9.8 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY WOONPLEKGROEPE | 146 |
| 9.9 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK | 147 |
| 9.10 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE ERVARING HET VAN BLANKEDRANK | 148 |
| 10.1 | DIE DRINKPLEK VIR BANTOEBIER | 150 |
| 10.2 | DIE DRINKPLEK VIR BROUSELS | 151 |
| 10.3 | DIE DRINKPLEK VIR BLANKEDRANK | 151 |
| 10.4 | DAG WAAROP MEES DIKWELS GEDRINK WORD | 152 |

| FIGUUR | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE EN DIE TOTALE BEVOLKING | 12 |
| 2.2 | DIE INKOMSTEVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE | 16 |
| 2.3 | DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE PROEFPERSONE | 19 |
| 3.1 | GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 24 |
| 4.1 | DIE DRINKMOTIEF VIR BANTOEBIER BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 44 |
| 4.2 | DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 53 |
| 5.1 | DRANKGEBRUIKGROEPE BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 65 |
| 6.1 | DRANKVOORKEUR BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 85 |
| 7.1 | GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 101 |
| 8.1 | DIE DRINKFREKWENSIE BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 119 |
| 9.1 | DIE UITGAWE AAN DRANK BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE | 136 |

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 DOELSTELLING

Die gebruik van alkoholiese dranksoorte by 'n besondere kultuurgroep is altyd ineengestrengel met die ander gebruike en gewoontes van die besondere groep. Deur die gebruik van alkoholiese dranksoorte as sodanig word verskillende funksies in die gemeenskap vervul. By sekere bevolkingsgroepe, soos onder andere die Suid-Afrikaanse Bantoe, vul die gebruik van sekere gegiste dranksoorte onder andere 'n leemte in die volksdieet aan. By ander bevolkingsgroepe weer, speel die feit dat geringe hoeveelhede alkohol 'n aanpassing in sosiale verhoudings vergemaklik, 'n deurslaggewende rol. Die gebruik van alkoholiese dranksoorte in 'n groep behoort dus altyd teen die agtergrond van die betrokke waardestelsel van die besondere kultuurgroep gesien te word. Ketil Bruun gaan uit van die hipotese dat, omdat daar in die sosiale saamwees van die persone van 'n groep friksie ontstaan en daar 'n behoefte is om friksie te elimineer, die gebruik van alkoholiese dranksoorte by die groep ontstaan (1, bl. 9). Ook hierdie (omstrede?) hipotese impliseer dat die gebruik van alkoholiese dranksoorte by 'n groep verteenwoordig kan word in 'n betrokke waarde.

Die sosioloog wat hom die bestudering van die drankgebruik van 'n groep tot taak stel, sou dus bo en behalwe die sogenaamde drinkpatroon self, die groepwaardes betreffende drankgebruik en die inskakeling van dié gebruik by die gewoontes en sedes van die betrokke kultuurgroep moet nagaan. Weens die potensiële uitgebreidheid van so 'n studie onder die Bantoe (oor 'n aspek waar daar hier te lande geen pionierswerk bestaan om op voort te bou nie), is hierdie studie beplan om slegs algemene sosiologiese tendense wat as sodanig op die drinkpatroon van die Bantoe in Suid-Afrika betrekking het, vas te pen. Daarom is die klem gelê op vrae soos: Watter persentasie Bantoes in Suid-Afrika gebruik alkoholiese dranksoorte? In watter graad en met watter frekwensie word hierdie dranksoorte gebruik? Hoe, wanneer en waarom word die verskillende alkoholiese dranksoorte gebruik?

Hierdie studie wil dus niks meer wees nie as 'n algemene ondersoek waarop in 'n latere diepgaande ondersoek voortgebou kan word.

### 1.2 METODE

#### 1.2.1 Die steekproef

Aangesien dit in hierdie geval oorbodig is om meer as slegs 'n klein gedeelte van 'n totale groep aan analiserende meting te onderwerp, is eerstens van 'n steekproefmetode gebruik gemaak. Hierdie steekproef sou egter moes voldoen aan die eise vir 'n statisties suiwer gefundeerde steekproef: 'n klein maar verteenwoordigende groep wat ten opsigte van alle belangrike aspekte dieselfde kenmerke as die groot groep sal openbaar, verkry deur 'n seleksieprosedure waardeur teoreties elke persoon in die groot groep 'n kans kan kry om vir 'n onderhoud gekies te word. Die metodes van die Gallup Poll is as die geskikste beskou vir die verwesenliking van hierdie doel. Hierdie metode van steekproeftrek word reeds sedert 1936 in die V.S.A. gebruik vir die bepaling van openbare mening en het veral bekendheid verwerf vir sy lang geskiedenis van akkurate voorspellings van die V.S.A. se Presidents- en Parlementêre verkiesings. Op grond van die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se bevredigende steekproefresultate met die metodes van die Gallup Poll op landswye basis onder die Blankebevolking in Suid-Afrika,[1] is besluit dat die getal van 1500 Bantoes van 15 jaar en ouer voldoende sou wees om 'n getroue indruk te kry van die Bantoes se drinkgewoontes. Hierdie steekproefgetal bly egter, aangesien hierdie studie die eerste ondersoek in sy soort onder die Bantoe in Suid-Afrika is, uiteraard arbitrêr.

Met die trek van die steekproef is aanvaar dat die Bantoebevolking op die platteland[2] wat hulle drinkgewoontes betref, meer homogeniteit sou openbaar en om hierdie rede is slegs 500 persone uit die Bantoegebiede en die platteland gekies teenoor die 1,000 persone uit die stedelike gebiede. Omdat hierdie steekproef 'n

1) Venter, J.D.: Die drinkpatroon van die Blankes in Suid-Afrika.

2) Vergelyk die woordomskrywing van „landelik" en „stedelik" op bl. 6.

TABEL 1.1

DIE PROVINSIALE VERSPREIDING VAN DIE BANTOEBEVOLKING IN SUID-AFRIKA EN DIE GEKOSE GETAL STEEKPROEFBUNDELS IN ELKE PROVINSIE OF GEBIED

| Provinsie of landsgebied | Stedelike gebiede | | | Landelike gebiede | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bevolkingsgetal* | Getal steekproefbundels | Getal proefpersone | Bevolkingsgetal* | Getal steekproefbundels | Getal proefpersone |
| Kaapprovinsie | 576,872 | 18 | 180 | 1,021,487 | 7 | 70 |
| Natal | 407,316 | 13 | 130 | 1,166,388 | 8 | 80 |
| O.V.S. | 332,550 | 10 | 100 | 734,136 | 5 | 50 |
| Transvaal | 1,933,515 | 59 | 590 | 2,656,116 | 18 | 180 |
| Transkei | 9,261 | - | - | 1,400,330 | 9 | 90 |
| Zoeloeland | 13,236 | - | - | 513,229 | 3 | 30 |
| TOTAAL | 3,272,750 | 100 | 1,000 | 7,491,686 | 50 | 500 |

*(3, bll. 30 - 42).

TABEL 1.2

GETAL PROEFPERSONE IN EWEKANSIG GEKOSE DISTRIKTE

| Distrik | Getal proefpersone | |
|---|---|---|
| | Stedelike gebiede | Landelike gebiede |
| Wynberg | 60 | - |
| De Aar | 20 | - |
| Kuruman | - | 20 |
| Oos-Londen | 60 | 20 |
| Humansdorp | 10 | 10 |
| Queenstown | 20 | 10 |
| Worcester | 10 | 10 |
| Kaapprovinsie | 180 | 70 |
| Durban | 120 | - |
| Newcastle | 10 | 30 |
| Bergville | - | 20 |
| Umzinto | - | 30 |
| Natal | 130 | 80 |
| Bloemfontein | 80 | 10 |
| Thaba N'Chu | - | 30 |
| Odendaalsrus | 20 | 10 |
| O.V.S. | 100 | 50 |
| Pretoria | 120 | 30 |
| Johannesburg | 340 | - |
| Randfontein | 40 | - |
| Nelspruit | 10 | 20 |
| Benoni | 60 | - |
| Pietersburg | 10 | 50 |
| Groblersdal | - | 40 |
| Rustenburg | 10 | 40 |
| Transvaal | 590 | 180 |
| Butterworth | - | 20 |
| Engcobo | - | 20 |
| Libode | - | 30 |
| Mount Currie | - | 20 |
| Transkei | - | 90 |
| Hlabisa | - | 10 |
| Eshowe | - | 20 |
| Zoeloeland | - | 30 |
| TOTAAL | 1,000 | 500 |

bundel- of trossteekproef is, is besluit om hierdie 500 en 1,000 proefpersone in bundels of trosse van 10 te kies. Die steekproefeenhede sou dus bundels wees van proefpersone. Eenhede van 10 Bantoes per tros is sowel vir teoretiese as praktiese doeleindes voldoende beskou.

Op grond van die verspreiding van die Bantoes in landelike en stedelike gebiede in die verskillende provinsies en landsgebiede[3] is die getal steekproefbundels verteenwoordigend van elke gebied se bevolkingsyfers gekies. (Vgl. tabel 1.1.)

In die strewe om met albei steekproewe 'n getroue beeld van die Bantoebevolking in Suid-Afrika te verkry, is in elke provinsie 'n aantal landdrosdistrikte, waar die opname gedoen sou moes word, ewekansig gekies. (Vgl. tabel 1.2.)

Alhoewel die bevolkingsgetalle van die manlike en vroulike Bantoe nagenoeg gelyk is (5,426,296, manlik; en 5,338,140, vroulik), is meer mans in die steekproef van die stedelike gebiede ingesluit en meer vroue in die steekproef van die landelike gebiede omdat daar meer manlike Bantoes in die stedelike gebiede en meer vroulike Bantoes in die landelike gebiede woonagtig is. (Vgl. tabel 1.3.)

TABEL 1.3

DIE GESLAGSVERDELING IN DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE

| Geslag | Stedelike steekproef | Landelike steekproef |
|---|---|---|
| Mans | 550 | 240 |
| Vroue | 450 | 260 |
| TOTAAL | 1,000 | 500 |

Die nommers van die sensusopnemersdistrikte binne die gekose landdrosdistrikte wat 'n populasie van meer as 100 Bantoes het, is noteer en die nodige aantal opnemersgebiede is ewekansig gekies. Die kaarte van hierdie gekose opnemersgebiede is van die Buro vir Statistiek verkry en afgeteken vir die gebruik van die veldwerkers.

Op elke kaart is 'n aantal ewekansig gekose beginpunte van die „roetes" aangedui wat die veldwerker moes volg om sy onderhoude te voer tot die verlangde getal proefpersone gespreek is.

1.2.2 Die vraelys

'n Vooraf-gekodifiseerde vraelys is saamgestel. (Kyk bylaag 1, bll. 157-170.) Feitlik die hele vraelys kon beantwoord word deur die maak van kruisies in die betrokke antwoordblokkies by elke vraag. Die vraelys wat oorspronklik in Afrikaans en Engels opgestel is, is in die Bantoetale vertaal. Na afloop van die opname is die gegewens van die vraelyste op ponskaarte oorgedra en masjinaal verwerk.

1.2.3 Die opname

Die opname het gedurende Januarie tot Maart 1962 plaasgevind. Die persoonlike onderhoudsmetode is gevolg by die voltooiing van die vraelyste. Sewe groepe

3) Die gegewens van die 1960-sensus is gebruik.

Bantoeveldwerkers is met die hulp van die Departement van Bantoe-onderwys gewerf. In beheer van elke groep was 'n Blanke Vakkundige Beampte in diens van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing. Die Blanke veldwerkers het vooraf deeglik vertroud geraak met die vraelys as sodanig en met die prosedure wat by die verkryging van die proefpersone en die gegewens gevolg moes word. Elke veldwerkleier was verantwoordelik vir die opname in die betrokke gebied wat aan hom toegeken is. Hierdie persone het die plaaslik gewerfde Bantoeveldwerkers vir 'n paar dae deeglik opgelei in die metodes van onderhoudvoering (veral die inagneming van die gewoontes en gebruike van elke Bantoegroep waarvan hulle uiteraard deeglik kennis gedra het), die prosedure van veldwerk en die doel van die vraelys self. Die gewerfde Bantoeveldwerkers was almal ouer as 25 jaar - die meerderheid was oud-onderwysers - en daar is sorg gedra dat elkeen van hulle 'n deeglike kennis van een amptelike landstaal (en 'n Bantoetaal) het, elkeen oor ten minste 'n standerd 6-sertifikaat plus onderwysopleiding beskik, en dat geeneen uitgesproke houdings ten opsigte van die gebruik van alkoholiese dranksoorte sou huldig nie. Elke veldwerker moes na sy opleiding eers 'n aantal toetsonderhoude voer.

Die Blanke veldwerkleier wat voortdurend sy groep veldwerkers na die aangeduide opnamegebiede vergesel het, het alle vraelyste onmiddellik na voltooiing nagesien. Dié deeglike voorbereiding en opleiding van die veldwerkers het seer seker daartoe bygedra dat min persone teëgekom is wat geweier het om inligting te verstrek.

### 1.2.4 Die gebruik van die chi-kwadraattoets

By elke tabel waar die chi-kwadraattoets volgens S. Siegal se maatstawwe toegepas kon word is die chi-kwadraatwaarde bereken en die beduidenheidsvlak bepaal. Hierdie waardes verskyn onder die betrokke tabel maar daar word nie van die nul-hipotese gebruik gemaak nie. In die bespreking van die tabelle word slegs van persentasie-ontledings gebruik gemaak. Waar daar dus in hierdie verslag die begrip betekenisvol gebruik word, slaan dit nie op statistiese beduidenheid nie, maar word die begrip in sy algemene betekenis gebruik.

## 1.3 BEGRIPSBEPALING

### 1.3.1 Drank

In hierdie begrip word saamgevat alle dranksoorte wat 'n alkoholgehalte van meer as 2% van hul volume bevat - dit wil sê dranksoorte wat deur Wet nr. 30 van 1928 as alkoholiese drank beskou is - en Bantoebier.

Vir die doel van hierdie studie is die volgende klassifikasie van dranksoorte gemaak:

(a) Bantoebier:

Bantoebier (of kafferbier) is 'n dranksoort wat gewoonlik deur Bantoes gebrou word deur gisting van kafferkoring of ander graan. Wet nr. 30 van 1928 vereis dat Bantoebier nie meer alkohol as 2% van sy volume bevat nie. In teenstelling met die juridiese bepaling het die persentasie alkohol nie hier as norm gegeld indien 'n hoër persentasie alkohol deur 'n „natuurlike" en verlengde gistingsproses bereik is nie. Sodra ander „vreemde" stowwe soos spiritualieë, brandspiritus, ou suur bruinbrood ens. egter bygevoeg is om die alkoholgehalte aldus doelbewustelik te verhoog, is die betrokke dranksoort as 'n „brousel" geklassifiseer.

Die omskrywing van Bantoebier in Wet nr. 30 van 1928 sluit ook 'n verskeidenheid ander voedsame gegiste dranksoorte in soos byvoorbeeld pynappelbier en heuningbier. Hierdie dranksoorte moet egter ook voldoen aan die vereiste maksimum van 2% alkohol per volume eenheid. Aangesien dit meestal gebeur dat laasgenoemde vereiste deur die Bantoes, veral in die stedelike gebiede, deur die byvoeging van spiritualieë, en ander stowwe nie nagekom word nie, is hierdie dranksoorte deurgaans as „brousels" beskou.

(b) Sterk drank:

Sterk drank omvat alle dranksoorte, behalwe Bantoebier, wat meer alkohol as 2% van sy volume bevat. Hier kan onderskei word tussen Blankedrank en brousels.

(i) Blankedrank:

Blankedrank omvat alkoholiese dranksoorte wat met die kultuur van die Blanke geassosieer word en ten tye van hierdie opname vir die oorgrote meerderheid Bantoes in Suid-Afrika nie (wettiglik) verkrygbaar was nie. Hieronder val bier, wyn en spiritualieë.

Bier is 'n alkoholiese dranksoort berei deur die gisting van 'n moutpap waaraan deur die toevoeging van hop smaak verleen word. Wyn is 'n dranksoort berei deur die alkoholiese gisting van die sap van vars druiwe (of ander vrugte). Hieronder val soetwyn, droëwyn en vonkelwyn. Vir die doel van hierdie ondersoek word ander gegiste alkoholiese dranksoorte soos byvoorbeeld lemoenwyn ook onder „wyn" geklassifiseer. Spiritualieë is alkoholiese dranksoorte gedistilleer uit 'n verskeidenheid van grondstowwe byvoorbeeld brandewyn (berei uit distillasie van wyn), whisky (distillasie van gegiste graan), rum (distillasie van suikerriet of melasse), jenewer, wodka en likeur.

(ii) Brousels:[1)]

Brousels is die versamelnaam vir 'n groot verskeidenheid alkoholiese dranksoorte (dus, met 'n persentasie alkohol van meer as 2% van sy volume) wat onwettiglik deur Bantoes gebrou word deur 'n alkoholiese gistings en/of distillasieproses uit 'n groot verskeidenheid grondstowwe. (Vergelyk die omskrywing by Bantoebier.)

### 1.3.2 Geheelonthouer en drankgebruiker

'n Geheelonthouer is 'n persoon wat hoegenaamd geen drank (alkoholiese drank en Bantoebier) gebruik nie. Die gebruik van drank vir sakramentele redes word nie in ag geneem nie.

'n Drankgebruiker is 'n persoon wat wel drank gebruik, afgesien van die hoeveelheid wat hy verbruik.

### 1.3.3 Landelike en stedelike gebiede

Volgens die Sensusverslag van die 1951-volkstelling (Boekdeel 1) word onder stedelike gebiede verstaan „die dorpe wat die een of ander vorm van wetlike plaaslike bestuur gehad het, soos munisipale rade, dorpsbesture, gesondheidskomitees ens. en aangrensende voorstede van „die groter stede" en „die groter dorpe". Met plattelandse gebiede word bedoel „die hele gebied buite die jurisdiksie van die verskillende stedelike gebiede ......... hierdie gebied bestaan hoofsaaklik uit plase en naturellereservate, maar sluit ook die klein dorpies in, aangedui as plattelandse dorpe wat beskou word as te klein of nie genoeg verstedelik om as stedelik ingedeel te word nie". (6, bll. 5-6)

---

1) Dit gebeur by die vervaardiging van Barberton, Skokiaan en dergelike dranksoorte dat goedkoop spiritualieë, spiritus, paraffien, kopersulfaat en ander stowwe in die proses bygevoeg word in 'n poging om die alkoholiese sterkte daarvan te verhoog. In sy omvangryke werk oor die dieet van die Pedi maak P.J. Quin die volgende bewering in verband met brousels, „...... owing to a developed craving for alcohol, the indolence of the modern women to serve the laboriously prepared traditional article and the laws governing the brewing of beer, a tendency has developed towards the quickly brewed, highly intoxicating concoctions. These concoctions are brewed primarily for their high alcoholic content and probably have little food value; to the contrary they may be labelled poison". (11, bl. 257)

## 1.4 WETLIKE ASPEKTE BY DIE BANTOE SE DRANKGEBRUIK

Ten tye van hierdie opname was die Drankwysigingswet, Wet nr. 72 van 1961 nog nie van toepassing nie. Die wetgewing wat die beskikbaarstelling van drank aan die Bantoe tydens hierdie opname gereguleer het, word kortliks bespreek. (7)

### 1.4.1 Bantoegebiede

(a) Transkei

Bantoebier kon gebrou word vir tuisgebruik. Die gebruik van alle alkoholiese dranksoorte is in hierdie gebied beheer deur Proklamasie 333 van 1949. Blankedrank kon slegs bekom word deur Bantoes wat oor vrystellingsbriewe beskik het, Bantoes wat 'n erkende professie beoefen het of deur Bantoes in besit van vaste eiendom waarvan die waarde meer as R150 beloop het.

(b) Ander Bantoegebiede

Wet nr. 30 van 1928 was op hierdie gebiede van toepassing. Die toestemming van die plaaslike landdros of Bantoesakekommissaris moes verkry word vir die brou van Bantoebier vir tuisgebruik. Vir bierdrinkbyeenkomste waar meer as 3 lede van 'n ander kraal teenwoordig sou wees, moes 'n permit van die betrokke landdros of Bantoesakekommissaris verkry word. Blankedrank kon slegs bekom word deur 'n vrystellingsbrief van die minister of 'n vrystellingsbrief vir 12 maande van die plaaslike landdros of Bantoesakekommissaris.

### 1.4.2 Blankegebiede

(a) Stedelike gebiede

Die wetgewing wat die gebruik van Bantoebier in stedelike gebiede beheer het, was beliggaam in die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, Wet nr. 25 van 1945, soos gewysig. Hierdie konsolidasiewet het voorsiening gemaak vir die brou en verskaffing van Bantoebier deur die volgende stelsels:

(i) Die tuisbroustelsels binne die Bantoewoongebied (lokasie) en die permitstelsel vir tuisbrou in die Blankedorpsgebied buite die Bantoewoongebied. Hierdeur kon die huisgesin die reg tot die brou van Bantoebier (vir die uitsluitlike gebruik van die huisgesin) verkry.

(ii) Deur die biersaalstelsel kon die plaaslike owerheid die reg verkry om Bantoebier in 'n bepaalde stadsgebied by 'n Bantoebierlokaal te brou en te verkoop. Aan die Witwatersrand en te Pretoria is Bantoebier ook in staatsbeheerde lokale gebrou en verkoop.

(iii) Deur 'n lisensiestelsel kon aan sekere Bantoes die reg verleen word om Bantoebier te brou op 'n goedgekeurde perseel vir verkoop aan Bantoes wat in 'n bepaalde gebied woonagtig was.

Hierdie wet verleen aan die minister die reg om die maak of gebruik of besit van Bantoebier te belet, indien dit as skadelik vir die Bantoe beskou word as gevolg van misbruik of spesifieke plaaslike toestande.

Blankedrank kon slegs op die volgende wyses bekom word:

(i) Vrystellingsbrief van minister. Applikante moes 'n lewenspeil gelykstaande aan die lewensstandaard van die Blanke handhaaf. En die hoeveelheid en soort drank waarvoor hy om vrystelling aansoek doen, moes by die applikant se persoonlike behoeftes volgens inkomste en lewenspeil aanpas.

(ii) Die vrystellingsbrief van die plaaslike landdros was vir 'n tydperk van 12 maande geldig. Ook hier was die vereistes ten opsigte van lewenspeil deurslaggewend. 'n Godsdiensleraar kon ook vir sakramentele doeleindes langs hierdie weg alkoholiese drank bekom.

(iii) 'n Vrystellingsbrief kon van 'n polisie-offisier verkry word (vir 3 maande) deur 'n vreemde Bantoe wat tydelik in die Republiek gewoon het mits alkoholiese drank in sy eie land wetlik tot sy beskikking was.

(iv) Indien die gesondheid van 'n persoon die gebruik van alkoholiese drank vereis het, mog hy dit bekom indien 'n geneesheer die noodsaaklikheid daarvan sou sertifiseer.

(v) Alkoholiese drank kon in die O.V.S. deur werkgewers aan hul manlike Bantoewerknemers ouer as 18 jaar verskaf word. (Vergelyk die bespreking by landelike gebiede hieronder.)

(b) Landelike gebiede

Die brou van Bantoebier vir tuisgebruik is hier toegelaat indien die toestemming van die bewoner of eienaar van die betrokke grond verkry kon word. In die Kaapprovinsie kon enige volwasse boer aan sy manlike Bantoewerknemers ouer as 21 jaar daagliks $1\frac{1}{2}$ pinte Bantoebier gratis verskaf. Eienaars van myne en ander bedrywe kon jaarliks van die minister toestemming verkry om op die betrokke perseel Bantoebier te brou om gratis aan hul Bantoewerknemers te verskaf wat binne die omtrek van een myl van die myn of bedryf gewoon het.

Blankedrank kon op dieselfde wyses verkry word as dié wat by die stedelike gebiede bespreek is. In die Kaapprovinsie kon 'n volwasse boer aan sy manlike Bantoeplaaswerkers ouer as 21 jaar daagliks $1\frac{1}{2}$ pint ongefortifiseerde wyn gratis verskaf. In die O.V.S. mog 'n werkgewer aan sy manlike werknemers ouer as 18 jaar een sopie per dag gee wat op die betrokke perseel gebruik moes word. Hierteenoor kon werkgewers in die Transvaal en Natal geen alkoholiese drank aan Bantoewerknemers óf gratis óf as gedeeltelike of volle loon gee nie.

### 1.4.3 Samevatting

Op enkele uitsonderings na, wat slegs 'n klein groep Bantoes kon raak, was die gebruik en besit van alle Blankedranksoorte vir die Bantoe in Suid-Afrika onwettig. Vir baie jare het die Suid-Afrikaanse Blanke 'n beleid van prohibisie ten opsigte van die Bantoe gevolg. Reeds in 1883 het 'n Kommissie van ondersoek in die Kaapkolonie aanbeveel dat die prohibisie van alle alkoholiese drank ten opsigte van die Bantoe ingevoer moet word met 'n stelsel van vrystelling aan sekere Bantoes. (4, bl. 62). Die volgende uitlating van hierdie „Commission on Native Laws and Customs" sou die grondslag vorm vir die wetgewing wat die gebruik van alkoholiese drank by die Bantoebevolking sou beheer, „Para.129 - The Commission has been deeply impressed with the emphatic and urgent representations contained in nearly all the evidence taken and especially from the natives themselves, on the evils arising out of the sale and consumption of strong drinks ...... Those members of the Commission who, for the purpose of taking evidence, had occasion to visit the Border districts, were eye-witnesses of the mischief and misery which the multiplied facilities for the sale of spirits, by licensed "canteens" in the neighbourhood of native locations are producing and if unchecked, it can only have one result, and that is the entire destruction of that portion of the natives who acquire the taste of brandy" (4, bl. 62).

Sedert 1923, met die aanname van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923 (Wet No. 21 van 1923), word voorsiening gemaak vir die gebruik van die tradisionele Bantoebier in al vier die provinsies van die Republiek. 'n Onderskeid tussen Bantoebier en Blankedrank is dus wel deeglik gemaak: die Bantoe was dan

ook daarop geregtig om sy eie tradisionele dranksoort te kan gebruik, maar die Blanke wetgewer was vanweë sy voogdyskap moreel nie bereid om die Bantoe bloot te stel aan moontlike sosiale desorganisasie nie, deur die gebruik van 'n kultureel-vreemde dranksoort met 'n hoë alkoholinhoud. Ten spyte van die feit dat die Blanke entrepreneur groot ekonomiese voordele kon put uit 'n groter afsetgebied vir sy Blankedrank, is die algemene morele welsyn van die Bantoe met sy laer ekonomiese ontwikkelingspeil egter voorop gestel.

Met verloop van tyd het groot getalle Bantoes om die groot industriële sentra te lande gekom en ten spyte van die algemene beskikbaarheid van Bantoebier, het die behoefte vir Blankedrank toegeneem. Omdat hierdie behoefte nie wettiglik bevredig kon word nie, het 'n groeiende onwettige handel ontstaan. Dit was hierdie toedrag van sake wat die openbare mening langsamerhand, maar veral na die Tweede Wêreldoorlog (8, bl. 10) meer en meer laat beweeg het in die rigting van die algemene beskikbaarstelling van Blankedrank in die een of ander mate. W.J.P. Carr lewer tereg die volgende kommentaar in dié verband, „A veritable army of men, Police, Municipal and State officials, was engaged on the fruitless task of trying to enforce prohibition and all that was happening was that more illicit liquor was finding its way into the Bantu areas and more liquor sellers were setting up in business. A number of courageous Police officers said publicly that the policy of prohibition had failed and that the Police force was being subjected to unnecessary odium because of the constant raiding that had to be resorted to in an effort to keep liquor out of Bantu townships." (8, bl. 10)

Die Regering het besluit om 'n Kommissie van Ondersoek, onder die voorsitterskap van dr. A.I. Malan, te benoem om die „algemene distribusie en verkooppryse van sterk drank" onder die vergrootglas te bring. In hul verslag (10) vestig die kommissie pertinent die aandag op die feit dat die Bantoe as gevolg van die smokkelhandel nie alleen buitensporige pryse vir Blankedrank betaal nie, maar dan ook dikwels nadelige brousels in die plek van Blankedrank bekom. Die kommissie voel oortuig dat die status en lewensomstandighede van die Bantoe in hul eie gemeenskap sodanig verbeter het dat hulle in 'n groter mate as voorheen in staat sou wees om Blankedrank behoorlik te gebruik. Ook word beklemtoon dat die algemene ekonomiese omstandighede van die Bantoe gedurende die afgelope vyftig jaar sodanig verbeter het dat hulle in 'n groter mate die dranksoorte van die Blanke kan bekostig. (10, bl. 5.)

Dit is die aanbevelings van hierdie kommissie wat in die Drankwysigingswet van 1961 (Wet No. 72 van 1961) kulmineer het. Die weg is nou oopgestel vir die algemene voorsiening van Blankedrank aan die Bantoe, onderhewig aan bepalings wat die Minister van Justisie mag oplê. Hierdie wet bly egter in hoofsaak 'n eksperiment waarvan die uitwerking oor 'n tydperk getoets moet word (9, kolom 8462).

# HOOFSTUK 2

# ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEFGROEPE

## 2.1 INLEIDING

Dit is allereers noodsaaklik dat die algemene kwantitatiewe kenmerke van die twee steekproefgroepe bespreek moet word. Om 'n indruk van die steekproewe se kwantitatiewe betroubaarheid te verkry, word sekere vergelykbare kenmerke van die totale aantal stedelike en landelike Bantoes (soos dit weerspieël word in die voorlopige tabellasies van die 1960-volkstellings) met dié van die steekproewe vergelyk.

## 2.2 DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE

In tabel 2.1 word die ouderdomsverspreiding van die proefpersone met dié van die totale bevolking vergelyk.

TABEL 2.1

DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE EN DIE TOTALE BEVOLKING

| Ouderdom[1] | Stedelike steekproef | | Ouderdom[1] | Totale stedelike bevolking[2] | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | | Getal | % |
| 15 - 20 jaar | 84 | 8.4 | 15 - 19 jaar | 305,552 | 12.8 |
| 21 - 30 jaar | 293 | 29.3 | 20 - 29 jaar | 822,406 | 34.3 |
| 31 - 40 jaar | 268 | 26.8 | 30 - 39 jaar | 594,867 | 24.8 |
| 41 - 50 jaar | 190 | 19.0 | 40 - 49 jaar | 381,784 | 15.9 |
| 51 - 60 jaar | 99 | 9.9 | 50 - 59 jaar | 169,818 | 7.1 |
| 61 - 70 jaar | 50 | 5.0 | 60 - 69 jaar | 77,079 | 3.2 |
| 71 jaar en ouer | 16 | 1.6 | 70 jaar en ouer | 44,696 | 1.9 |
| TOTAAL | 1,000 | 100.0 | TOTAAL | 2,396,202 | 100.0 |

| Ouderdom | Landelike steekproef | | Ouderdom | Totale landelike bevolking[2] | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | | Getal | % |
| 15 - 20 jaar | 21 | 4.2 | 15 - 19 jaar | 729,948 | 18.3 |
| 21 - 30 jaar | 128 | 25.6 | 20 - 29 jaar | 1, 006, 120 | 25.3 |
| 31 - 40 jaar | 132 | 26.4 | 30 - 39 jaar | 777,054 | 19.5 |
| 41 - 50 jaar | 105 | 21.0 | 40 - 49 jaar | 619,937 | 15.5 |
| 51 - 60 jaar | 61 | 12.2 | 50 - 59 jaar | 404,989 | 10.1 |
| 61 - 70 jaar | 41 | 8.2 | 60 - 69 jaar | 265,848 | 6.7 |
| 71 jaar en ouer | 12 | 2.4 | 70 jaar en ouer | 181,605 | 4.6 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 | TOTAAL | 3,985,501 | 100.0 |

1) Die ouderdomsintervalle by die steekproefgroepe stem nie presies met dié van die totale bevolking ooreen nie.

2) 3, bl. 30.

Volgens tabel 2.1 stem die algemene tendens in die ouderdomsverspreiding by albei steekproewe ooreen met dié by die totale bevolkingsgroepe, naamlik 'n styging in die persentasie-aandeel van die 15 - 20 jaar-groep na die 21 - 30 jaar-groep en daarna 'n langsame daling in die persentasie-aandeel by elke ouderdoms-groep tot by die 71 jaar-en-ouer-groep. (Vgl. figuur 2.1.) Die verskil tussen die persentuele aandeel van elke ouderdomsgroep by die twee steekproewe en elke ooreenstemmende ouderdomsgroep by die totale stedelike en landelike bevolking is gering.

Die kenmerkende afwyking in die persentasie-aandeel by die jongste ouderdomsgroepe(15 - 20 jaar) van albei steekproefgroepe moet waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die veldwerkers minder dikwels jongmense en meer dikwels ouer mense tuis aangetref het.

## 2.3 DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE PROEFPERSONE

In tabel 2.2 word die huwelikstaat van die proefpersone met dié van die totale bevolking vergelyk.

By tabel 2.2 val dit op dat die getroudes 'n groter persentasie-aandeel in albei steekproewe het as wat hul persentasie-aandeel in die totale bevolking is, stedelike steekproef 64.6 persent teenoor 53.3 persent en landelike steekproef 71.2 persent teenoor 56.1 persent. Ten opsigte van die „ongetroudes" (persone wat nog nooit getroud was nie), is die teenoorgestelde verskynsel merkbaar. Hierdie groter en geringer persentuele verteenwoordiging van die getroudes en „ongetroudes" onderskeidelik, hang saam met die noodwendige gevolg van die feit dat die veldwerkers in die praktyk na verhouding minder dikwels jonger (en „ongetroude") persone by die steekproefhuishouding aangetref het. Origens vertoon die steekproewe 'n kenmerkende ooreenkoms met die totale bevolkingsgroepe.

Daar is gepoog om hierdie steekproewe so verteenwoordigend as moontlik van die Bantoe in Suid-Afrika te maak. Uit die voorafgaande besprekings wil dit voorkom of daar in 'n groot mate in hierdie poging geslaag is en waar die kenmerke van die steekproewe soms sekere afwykings met dié van die totale bevolking toon, is dié afwyking nie so radikaal verskillend dat die bevindings aangaande die tendens van die Bantoedrinkpatroon in twyfel getrek hoef te word nie.

Vervolgens word nog 'n paar kenmerke van die twee steekproewe bespreek. Hierdie gegewens kan egter nie met die totale bevolking vergelyk word nie aangesien die betrokke verwerking by die sensussyfer òf ontbreek òf daar van verskillende groeperings gebruik gemaak is.

## 2.4 DIE INKOMSTEVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE

Tabel 2.3 is 'n tabellasie van die inkomste van die proefpersone.

TABEL 2.3
DIE INKOMSTEVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE

| Inkomste per maand[1)] | Stedelike steekproef | | | Landelike steekproef | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | | Getal | % | |
| Geen | 43 | 4.3 | | 64 | 12.8 | |
| R 1 - 10 | 204 | 20.4 | | 266 | 53.2 | |
| R11 - 20 | 274 | 27.4 | | 102 | 20.4 | |
| R21 - 30 | 203 | 20.3) | 47.9 | 31 | 6.2) | 13.6 |
| R31 - 40 | 151 | 15.1) | | 17 | 3.4) | |
| R41 - 50 | 60 | 6.0) | | 7 | 1.4) | |
| R51 en meer | 65 | 6.5) | | 13 | 2.6) | |
| TOTAAL | 1,000 | 100.0 | | 500 | 100.0 | |

1) Hierdie inkomste sluit ook inkomste in goedere in.

## FIGUUR 2.1

## DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE EN DIE TOTALE BEVOLKING

### STEDELIKE STEEKPROEF




### LANDELIKE STEEKPROEF




——— DIE VERSPREIDING BY DIE TOTALE BEVOLKING

------- DIE VERSPREIDING BY DIE STEEKPROEFGROEPE

TABEL 2.2

DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE PROEFPERSONE EN DIE TOTALE BEVOLKING

| Huwelikstaat | Stedelik | | | | Landelik | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Steekproef | | Totale bevolking, 15 jaar en ouer | | Steekproef | | Totale bevolking, 15 jaar en ouer | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nie getroud nie | 265 | 26.5 | 917,496 | 38.4 | 88 | 17.6 | 1,290,933 | 32,5 |
| Op 'n erkende manier getroud | 646 | 64.6 | 1,271,647 | 53.3 | 356 | 71.2 | 2,226,488 | 56.1 |
| Lewe saam | 26 | 2.6 | 53,383 | 2.2 | 13 | 2.6 | 67,988 | 1.7 |
| Wewenaar of weduwee | 45 | 4.5 | 123,315 | 5.2 | 31 | 6.2 | 362,459 | 9.1 |
| Geskei of verlaat | 18 | 1.8 | 21,646 | 0.9 | 12 | 2.4 | 22,182 | 0.6 |
| TOTAAL | 1,000 | 100.0 | 2,387,487 | 100.0 | 500 | 100.0 | 3,970,050 | 100.0 |

Die inkomste van die proefpersone wat in tabel 2.3 getabuleer is, is 'n gesinsinkomste. Indien die ondervraagde se eggenoot of eggenote ook verdien, is dié inkomste dus ook bygereken. Wat in tabel 2.3 onmiddellik opval, is die groot persentasie-aandeel van die landelike proefpersone wat tussen R1-10 per maand verdien, 53.2 persent - die grootste enkele persentasie. By die proefpersone van hierdie steekproef neem die persentasie-aandeel af namate die inkomstegroepe persone met 'n hoër inkomste insluit, van dié wat R1-10 per maand verdien na 20.4 persent by die wat R11-20 per maand verdien en 13.6 persent by dié wat proefpersone insluit met 'n groter inkomste as R21 per maand. (Vgl. figuur 2.2.) Hierteenoor staan die stedelike steekproef met sy grootste enkele persentasie, naamlik 27.4 persent wat R11-20 per maand verdien. Die R1-10 per-maand-groep word hier verteenwoordig deur 20.4 persent van die proefpersone, terwyl 47.9 persent van dié proefpersone meer as R21 per maand verdien.

Hierdie verskil in inkomsteverspreiding tussen die stedelike en landelike steekproewe is heeltemal in ooreenstemming met die hipoteties verwagte verspreidings wanneer die bedryfstruktuur van Suid-Afrika in gedagte gehou word.

TABEL 2.4

DIE BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE

| BEROEP | Stedelike steekproef | | Landelike steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % |
| Plaasarbeiders (landbouwerkers) bv. plaasvoormanne, bosbouers, trekkerdrywers ens. | 18 | 1.8 | 99 | 19.8 |
| Mynwerkers wat nie 'n „geleerde" beroep beoefen nie maar hoofsaaklik arbeiders is | 13 | 1.3 | 5 | 1.0 |
| Ander arbeiders bv. in fabrieke, spoorweë, boubedryf ens. | 178 | 17.8 | 25 | 5.0 |
| Professionele, tegniese en verwante beroepe bv. dokters, predikante, onderwysers, prokureurs, aptekers, rekenmeesters, tolke, verpleegsters, landbou-opsieners ens. | 29 | 2.9 | 12 | 2.4 |
| Ander „geleerde" beroepe bv. administratiewe beamptes, opsigters, haarkappers, klerke, bodes ens. | 50 | 5.0 | 2 | 0.4 |
| Persone betrokke by aflewerings- en vervoerdienste bv. bestuurders van huurmotors, vragmotors, privaat motors, busse, kragfietse; aflewering met fietse, diere ens. | 52 | 5.2 | 3 | 0.6 |
| Voltydse studente en skoliere | 15 | 1.5 | 3 | 0.6 |
| Huis- en tuinbediendes bv. huisbediendes, tuinwerkers, was- en strykbediendes ens. by privaat persone; kelners in diens van die Spoorweë, hotelle ens. | 329 | 32.9 | 80 | 16.0 |
| Persone wat 'n eie privaat onderneming besit bv. handelaars (ook smouse) huurmotoreienaars, skoenmakers, huisopknappers ens. | 30 | 3.0 | 7 | 1.4 |

| BEROEP | Stedelike steekproef | | Landelike steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % |
| Persone wat hoofsaaklik uit hul eie boerdery 'n bestaan maak (plaasarbeiders en voormanne uitgesluit) bv. veeboere, landbouers, ens. | 1 | 0.1 | 63 | 12.6 |
| Persone wat nie ekonomies bedrywig is nie bv. pensioentrekkers, persone wie se familie vir hulle sorg, persone wat 'n ander bron van inkomste het bv. renteniers ens. | 23 | 2.3 | 2 | 0.4 |
| Veiligheidsdienste bv. konstabels in die polisie, bewaarders in die gevangeniswese en persone in diens van die weermag, asook nagwagte, brandweermanne, vuurslaners, verkeersinspekteurs ens. | 36 | 3.6 | 5 | 1.0 |
| Voltydse huisvroue wat nie vir ander werk om te verdien nie | 185 | 18.5 | 163 | 32.6 |
| Het nie gewerk toe onderhoud gevoer is nie (Is werkloos) | 38 | 3.8 | 31 | 6.2 |
| Doen werk wat nog nie genoem is nie | 3 | 0.3 | 0 | 0.0 |
| TOTAAL | 1,000 | 100.0 | 500 | 100.0 |

## 2.5 DIE BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE

In tabel 2.4 is die beroepstendense vir die twee steekproewe ook in ooreenstemming met 'n hipoteties verwagte tendens. By die stedelike steekproef domineer die huis- en tuinbediendegroep met die grootste enkele persentasie, naamlik 32.9 persent gevolg deur die huisvrou (18.5%) en die arbeidergroepe (17.8%). By die landelike steekproef is dit die huisvrougroep wat domineer met die grootste enkele persentasie van 32.6 persent. Hierna volg die plaasarbeidergroep, 19.8 persent, die huis- en tuinbediendegroep, 16.0 persent, en die boeregroep, 12.6 persent.

## 2.6 DIE WOONPLEKVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE

Tabel 2.5 toon die woonplekverspreiding van die proefpersone.

FIGUUR 2.2

DIE INKOMSTEVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE

STEDELIKE STEEKPROEF




LANDELIKE STEEKPROEF



TABEL 2.5

DIE WOONPLEKVERSPREIDING VAN DIE PROEFPERSONE

| Woonplek | Stedelike steekproef | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Verspreid in Blankedorpsgebied | 67 | 6.7 |
| Bantoewoongebied in Blankedorpsgebied | 85 | 8.5 |
| Verspreid in Blankestadsgebied | 269 | 26.9 |
| Bantoewoongebied in Blankestadsgebied | 536 | 53.6 |
| Kampong in Blankedorps- en Blankestadsgebied | 43 | 4.3 |
| TOTAAL | 1,000 | 100.0 |

| Woonplek | Landelike steekproef | |
|---|---|---|
| | Getal | % |
| Bantoegebied | 279 | 55.8 |
| Blankeplaas | 201 | 40.2 |
| Kampong in Blankegebied | 20 | 4.0 |
| TOTAAL | 500 | 100.0 |

Die grootste enkele persentasie by die stedelike steekproef word verteenwoordig deur die bewoners van Bantoewoongebiede in Blankestadsgebiede (53.6%), terwyl 26.9 persent van die ondervraagdes verspreid in Blankestadsgebiede woon. Die Blankedorpsbewoners word verteenwoordig deur 15.2 persent en die kampongbewoners deur 4.3 persent. By die landelike steekproef woon 96.0 persent van die proefpersone òf op 'n Blankeplaas (40.2%) òf in 'n Bantoegebied (55.8%). Die res (4.0%) woon in kampongs in landelike Blankegebiede.

2.7 DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE PROEFPERSONE

Tabel 2.6 is 'n tabellasie van die onderwyspeil van die twee steekproefgroepe se proefpersone. Dit blyk uit hierdie tabel dat die onderwyspeilverspreiding van die twee steekproewe kenmerkend verskil. Waar 53.2 persent van die proefpersone in die landelike steekproef geen skoolstanderd geslaag het nie, is dit slegs die geval by 28.0 persent van die proefpersone van die stedelike steekproef. Daarenteen beweer 35.1 persent van die proefpersone van die stedelike steekproef dat hulle wel 'n st. 5 - of hoër eksamen geslaag het, teenoor die 13.8 persent van die proefpersone van die landelike steekproef. (Vgl. figuur 2.3.)

2.8 DIE ETNIESE GROEPE WAARAAN DIE PROEFPERSONE BEHOORT

In tabel 2.7 word die etniese groepe waaraan die verskillende proefpersone behoort, getabelleer.

TABEL 2.6

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE PROEFPERSONE

| Onderwyspeil | Stedelike steekproef Getal | Stedelike steekproef Persentasie | | Landelike steekproef Getal | Landelike steekproef Persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Het nooit skool gegaan nie | 267 | 26.7 | 28.0 | 254 | 50.8 | 53.2 |
| Was op skool maar het geen standerd geslaag nie | 13 | 1.3 | | 12 | 2.4 | |
| Het sub-standerds A of B geslaag | 40 | 4.0 | 36.9 | 38 | 7.6 | 34.0 |
| Het standerds een of twee geslaag | 156 | 15.6 | | 67 | 13.4 | |
| Het standerds drie of vier geslaag | 173 | 17.3 | | 65 | 13.0 | |
| Het standerds vyf of ses geslaag | 216 | 21.6 | 31.9 | 41 | 8.2 | 11.0 |
| Het vorm een geslaag | 38 | 3.8 | | 7 | 1.4 | |
| Het vorm een geslaag en besit ook 'n tegniese sertifikaat of 'n onderwysersertifikaat of 'n landbousertifikaat of 'n dergelike sertifikaat | 12 | 1.2 | | 4 | 0.8 | |
| Het vorm twee geslaag | 26 | 2.6 | | 1 | 0.2 | |
| Het vorm drie geslaag (dit sluit in al die verskillende juniorsertifikate) | 27 | 2.7 | | 2 | 0.4 | |
| Het vorm drie geslaag en besit ook 'n tegniese sertifikaat of 'n onderwysersertifikaat of 'n landbousertifikaat of 'n dergelike sertifikaat | 19 | 1.9 | 3.2 | 5 | 1.0 | 1.8 |
| Het vorm vier geslaag | 3 | 0.3 | | 0 | 0.0 | |
| Het vorm vyf geslaag (dit sluit in al die verskillende matrieksertifikate) | 6 | 0.6 | | 2 | 0.4 | |
| Het vorm vyf geslaag en besit ook 'n tegniese sertifikaat of 'n onderwysersertifikaat of 'n landbousertifikaat of 'n dergelike sertifikaat of 'n ander kwalifikasie behalwe 'n universiteitsgraad | 4 | 0.4 | | 1 | 0.2 | |
| Het 'n universiteitsgraad behaal | 0 | 0.0 | | 1 | 0.2 | |
| TOTAAL | 1,000 | 100.0 | | 500 | 100.0 | |

FIGUUR 2.3

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE PROEFPERSONE



TABEL 2.7

DIE ETNIESE GROEPE WAARAAN DIE PROEFPERSONE BEHOORT

| Etniese groep | Stedelike steekproef | | Landelike steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Xhosa | 249 | 24.9 | 146 | 29.2 |
| Zoeloe | 231 | 23.1 | 111 | 22.2 |
| Ndebele | 53 | 5.3 | 35 | 7.0 |
| Noord-Sotho (Sepedi) | 104 | 10.4 | 77 | 15.4 |
| Tswana | 145 | 14.5 | 69 | 13.8 |
| Suid-Sotho (Sotho) | 116 | 11.6 | 29 | 5.8 |
| Tsonga (Sjangaan) | 30 | 3.0 | 6 | 1.2 |
| Venda | 20 | 2.0 | 4 | 0.8 |
| Swazi | 29 | 2.9 | 21 | 4.2 |
| Ander groepe nog nie genoem nie | 23 | 2.3 | 2 | 0.4 |
| TOTAAL | 1,000 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Uit tabel 2.7 blyk dit dat die Xhosa- en Zoeloegroepe by albei steekproewe die grootste enkele persentasie-eenhede uitmaak, naamlik 24.9 persent en 23.1 persent (stedelike steekproef) en 29.2 persent en 22.2 persent (landelike steekproef). Hierna volg die Suid-Sotho-en Tswanagroepe met 11.6 persent en 14.5 persent by die stedelike steekgroef en die Noord-Sotho- en Tswanagroepe met 15.4 persent en 13.8 persent by die landelike steekproef onderskeidelik.

## 2.9 DIE AMPTELIKE TALE WAT DIE PROEFPERSONE KAN PRAAT

In tabel 2.8 word die amptelike tale wat die proefpersone kan praat, getabelleer.

TABEL 2.8

DIE AMPTELIKE TALE WAT DIE PROEFPERSONE KAN PRAAT

| Amptelike tale wat gepraat kan word | Stedelike steekproef | | Landelike steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Net Afrikaans | 156 | 15.6 | 117 | 23.4 |
| Net Engels | 218 | 21.8 | 71 | 14.2 |
| Afrikaans en Engels | 473 | 47.3 | 67 | 13.4 |
| Nie een van die twee amptelike tale nie | 154 | 15.3 | 245 | 49.0 |
| TOTAAL | 1,000 | 100.0 | 500 | 100.0 |

Die gegewens in tabel 2.8 dui op kenmerkende verskille tussen die stedelike en landelike proefpersone. Waar slegs 15.3 persent van die proefpersone in die stedelike gebiede glad nie Afrikaans of Engels kan praat nie, is dit met bykans die helfte van die proefpersone van die landelike steekproef die geval, 49.0 persent. Aan die anderkant kan ongeveer die helfte van die proefpersone van die stedelike gebiede sowel Afrikaans as Engels praat, 47.3 persent, teenoor die 13.4 persent van die landelike steekproef. Die landelike steekproef se proefpersone wat van die twee amptelike landstale slegs Afrikaans kan praat, word verteenwoordig deur 23.4 persent van die totale aantal proefpersone. Die stedelike steekproef se groep wat van die twee amptelike landstale slegs

Engels kan besig, word op sy beurt weer deur 'n groter persentasie verteenwoordig as dié van die landelike steekproef, nl. 21.8 persent teenoor 14.2 persent.

## 2.10 KWALITATIEWE BETROUBAARHEID

Die Bantoeveldwerkers is vooraf deeglik opgelei in die interpretasie van die vraelys en ook in die metodes van onderhoudvoering. Ook die aard van die vrae was sodanig dat antwoorde oor en weer gekontroleer kon word deur die veldwerker en deur die nasiener. Aan die veldwerkers is die agtergrond van die ondersoek geskets. Sterk klem is gelê op die feit dat hierdie opname inderdaad niks met die misbruik van drank te doen het nie. Die veldwerkers is ook voorsien van 'n standaardvoorbeeld van die wyse van kennismaking met die proefpersoon en 'n agtergrondsketsing van die opname.

Die feit dat die opname eintlik 'n vorm van sensus oor drankgebruik sou wees, is beklemtoon. Veldwerkers het dan ook dikwels die betrokke gebiedskaart aan die proefpersoon getoon om die „anonieme" wyse van steekproeftrek aan hom te verduidelik.

Nieteenstaande al hierdie voorsorgmaatreëls wat getref is teen wantroue en vooroordeel by die proefpersone, sou dit vergesog wees om te aanvaar dat die versamelde gegewens deurgaans korrek sou wees. Die vrees is dikwels aangetref, veral by die proefpersone in die Bantoewoonbuurtes van die stede, dat die „vreemde" Bantoeveldwerker, dikwels met 'n hoër lewenspeil as die proefpersoon, misbruik kan maak van die verlangde inligting, veral dié oor „onwettige" brousels, deur dit aan die plaaslike owerheid bekend te maak. (Vgl. die soortgelyke probleem by die ondersoek van W.J.O. Jeppe; 4, bl. vii.)

Die neiging om met 'n verteenwoordigende vraelysopname oor drankgebruik 'n ligter konsumpsiepatroon as die werklike te kry, is egter hipoteties deur verskeie ondersoekers aanvaar. (Vgl. die opmerking van W.H. Beaven, 5, bl. 5.)

# HOOFSTUK 3

## GEHEELONTHOUERS EN DRANKGEBRUIKERS

### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die persentasie drankgebruikers naas die persentasie geheelonthouers onder die persone van die stedelike en landelike steekproef nagegaan. Verskeie algemene kenmerke van die twee steekproefgroepe soos geslag, ouderdom, beroep, onderwyspeil, inkomste, huwelikstaat, etniese groepsverband en woonplek word met die faktor van drankgebruik naas geheelonthouding vergelyk om korrelasietendense vas te stel.

### 3.2 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK

Uit tabel 3.1 blyk dat in sowel die steekproef van die stedelike as dié van die landelike gebiede ongeveer twee derdes van die Bantoes gebruikers van drank is nl. 64.6 persent en 63.2 persent onderskeidelik. Dit wil voorkom asof die faktor van verstedeliking van die Bantoe in die algemeen geen verandering teweegbring in die persentasie Bantoes wat drank gebruik nie. Figuur 3.1 is 'n grafiese voorstelling van drankgebruik by die steekproefgroepe.

### 3.3 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE

Uit tabel 3.1 waarin die geheelonthouding en drankgebruik met die geslag van die proefpersone in verband gebring word, is dit opvallend dat die persentasie van sowel die mans as die vroue wat drank gebruik, in 'n groot mate by die twee steekproewe ooreenstem. Die landelike mans sluit egter 'n ietwat groter persentasie drankgebruikers in hulle geledere in as wat die geval is by die stedelike mans, 84.6 persent teenoor 80.4 persent. Die vroue van die stedelike gebiede bevat weer 'n ietwat groter persentasie drankgebruikers as hul landelike geslagsgenote, 45.3 persent teenoor 43.5 persent. Waar ten minste vier-vyfdes van die mans dus drank gebruik, gebruik nie eers die helfte van die vroue drank nie.

Dit is moeilik om die gebruike van alle etniese groepe in ag te neem wanneer 'n verklaring aangebied moet word vir die feit dat 'n groter persentasie mans as vroue drankgebruikers is. Tradisioneel gesproke, skyn dit die taak van die vrou te wees om Bantoebier te berei en aan die man te bedien. Die vrou gebruik haar bier dus apart van die mans en word skynbaar nie verbied om hierdie dranksoort te gebruik nie. In die Blankestadsgebiede skyn die gesamentlike gebruik van drank dikwels voor te kom. 'n Baie voor die handliggende hipotese is dat die getroude vrou oor die algemeen minder geneë is, en dikwels deur haar man verbied word, om in die man se afwesigheid inligting aan 'n vreemdeling te verstrek (vergelyk die probleme in die ondersoek van W.J.O. Jeppe, 4, bl. vii). Op hierdie wyse het die veldwerkers dalk soms foutiewe inligting van die vroue verkry.

### 3.4 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY OUDERDOMSGROEPE

Tabel 3.2 is 'n tabellasie van die geheelonthouding en drankgebruik by verskillende ouderdomsgroepe. Hierdie tabel toon tekens van 'n baie duidelike tendens: namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is, styg die persentasie drankgebruikers tot by die middeljarige ouderdomsgroep, diegene 41 tot 50 jaar, daarna toon dit 'n geringe afname. By sowel die landelike as stedelike steekproef sluit die ouderdomsgroep 41 tot 50 jaar die grootste enkele persentasie gebruikers van drank in, te wete 78.1 persent en 73.7 persent onderskeidelik.

'n Baie interessante verskynsel word merkbaar sodra die gegewens van die landelike steekproef met die van die stedelike groep vergelyk word. Alhoewel die persentasie drankgebruikers by albei totale groepe feitlik dieselfde is, 63.2 persent en 64.6 persent onderskeidelik, is die persentasie drankgebruikers van die landelike groep in die jonger ouderdomsgroepe (die groepe met ouderdomme tussen 15 en 40 jaar) en veral in die ouderdomsgroep 15 tot 20 jaar merkbaar laer as dié in die stedelike groep (landelike steekproef, 23.8%, 50.8% en 61.1%, teenoor stedelike steekproef, 53.6%, 56.0% en 69.5%). Wanneer die twee groepe

TABEL 3.1

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE

| Geslag | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Mans | 108 | 19.6 | 442 | 80.4 | 550 | 100.0 | 37 | 15.4 | 203 | 84.6 | 240 | 100.0 |
| Vroue | 246 | 54.7 | 204 | 45.3 | 450 | 100.0 | 147 | 56.5 | 113 | 43.5 | 260 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 131.2815$; $p < .1\%$

$X^2 = 88.9795$; $p < .1\%$

FIGUUR 3.1

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY DIE

TWEE STEEKPROEFGROEPE

STEDELIKE STEEKPROEF



LANDELIKE STEEKPROEF



Drankgebruikers

Geheelonthouers

TABEL 3.2

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY OUDERDOMSGROEPE

| Ouderdom | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie |
| 15 - 20 jaar | 39 | 46.4 | 45 | 53.6 | 84 | 100.0 | 16 | 76.2 | 5 | 23.8 | 21 | 100.0 |
| 21 - 30 jaar | 129 | 44.0 | 164 | 56.0 | 293 | 100.0 | 63 | 49.2 | 65 | 50.8 | 128 | 100.0 |
| 31 - 40 jaar | 82 | 30.5 | 187 | 69.5 | 269 | 100.0 | 51 | 38.9 | 80 | 61.1 | 131 | 100.0 |
| 41 - 50 jaar | 50 | 26.3 | 140 | 73.7 | 190 | 100.0 | 23 | 21.9 | 82 | 78.1 | 105 | 100.0 |
| 51 - 60 jaar | 31 | 31.6 | 67 | 68.4 | 98 | 100.0 | 14 | 22.6 | 48 | 77.4 | 62 | 100.0 |
| 61 jaar en ouer | 23 | 34.8 | 43 | 65.2 | 66 | 100.0 | 17 | 32.1 | 36 | 67.9 | 53 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 24.3210$; $p < .1\%$ $X^2 = 38.6689$; $p < .1\%$

drankgebruikers by persone ouer as 40 jaar met mekaar vergelyk word, kry ons 'n teenoorgestelde tendens.

Volgens hierdie tabel wil dit voorkom asof drankgebruik die prerogatief is van die ouderdom en dat hierdie voorreg meer op die platteland as in die stad gerespekteer word. Die feit dat so 'n geringe persentasie van die 15 - 20 jaar-groep by die landelike steekproef drankgebruikers is, skyn onder andere ook saam te hang met die jong landelike Bantoe se afhanklikheid van die patriargale ouerhuis. Tot op 'n relatief laat ouderdom skyn dit die gebruik te wees om, indien geld verdien word, dit aan die familie oor te dra. Geld om drank voor te koop is dus skaars. Die jong stedelike Bantoe het blykbaar in 'n groter mate vryheid in die besteding van sy inkomste.

## 3.5 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY BEROEPSGROEPE

Wat die gegewens in tabel 3.3 betref, vertoon die stedelike en landelike steekproewe ooreenkoms wat drie beroepsgroepe betref, te wete:

3.5.1 Die arbeidergroep (dit sluit in plaasarbeiders bv. plaasvoormanne, plaasarbeiders, bosbouers, trekkerdrywers, mynwerkers, vissers en ander bedryfsarbeiders bv. fabrieks-, boubedryf- en spoorwegwerkers). Hierdie groep het by albei steekproewe 'n baie groter persentasie drankgebruikers in hul geledere as wat die geval met die groot totaal is, stedelike steekproef 83.0 persent teenoor 64.6 persent en landelike steekproef 82.2 persent teenoor 63.2 persent.

3.5.2 Die nie-ekonomies-bedrywige groep (dit is hoofsaaklik voltydse huisvroue wat nie vir ander werk om te verdien nie, maar ook 'n klein getal voltydse studente, skoliere en pensioentrekkers). Hierdie groep bevat 'n baie kleiner persentasie drankgebruikers as die totale groep omdat dit uiteraard baie vroue insluit en persone wat nie in winsgewende beroepe staan nie. By die stedelike steekproef is 44.8 persent drankgebruikers en by die landelike steekproef 42.9 persent, teenoor die totale groepe se 64.6 persent en 63.2 persent onderskeidelik.

3.5.3 Dié groep wat persone insluit wat betrokke is by aflewerings- en vervoerdienste (bv. persone wat afleweringswerk doen en bestuurders van huurmotors, vragmotors, privaat motors, busse en kragfietse), huis- en tuinbediendes (bv. huisbediendes, tuinwerkers, was- en strykbediendes en kelners), persone in veiligheidsdienste (bv. konstabels in die polisie, bewaarders in die gevangeniswese, persone in diens van die weermag, nagwagte, brandweermanne, vuurslaners, verkeersinspekteurs ens.). Hierdie groep sluit by sowel die stedelike as die landelike steekproef ongeveer dieselfde persentasie drankgebruikers in as wat die totale groepe oplewer, stedelike steekproef 62.3 persent en landelike steekproef 63.6 persent. 'n Baie waarskynlike rede vir hierdie ooreenkoms in die persentasie drankgebruikers is geleë in die geweldige heterogeniteit van hierdie beroepsgroep. Die klein getalle in die samestellende beroepe van hierdie beroepsgroep het egter sodanige klassifikasie genoodsaak.

3.5.4 Wat die ander drie beroepsgroepe betref, is dit opvallend dat daar groot verskille by die twee steekproefgroepe is ten opsigte van die persentasie drankgebruikers.

(a) Die beroepsgroep wat, sover dit Blanke waardemaatstawwe betref, die grootste status het, naamlik die professionele en semi-professionele groep (dit sluit in mediese praktisyns, predikante, onderwysers, prokureurs, aptekers, rekenmeesters, tolke, verpleegsters, landbouopsieners, administratiewe beamptes, klerke ens.) toon by die stedelike steekproef 'n baie groter persentasie drankgebruikers as wat die persentasie van die hele steekproefgroep is (72.1%) terwyl by die landelike steekproef hierdie groep weer 'n kenmerkende laer persentasie drinkers as die totale groep oplewer (57.1%). Daar mag egter nie uit die oog verloor word nie dat die getalle by laasgenoemde steekproefgroep gevaarlik klein is.

(b) Die werkloses het by die stedelike steekproef 'n baie hoë persentasie drankgebruikers (81.6% teenoor die 64.6% van die hele groep) in vergelyking met

TABEL 3.3

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY BEROEPSGROEPE

| Beroepsoort | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Arbeiders: plaas-, myn- en ander bedryfsarbeiders; vissers | 36 | 17.0 | 176 | 83.0 | 212 | 100.0 | 23 | 17.8 | 106 | 82.2 | 129 | 100.0 |
| Persone in professionele, tegniese en ander „geleerde" beroepe | 22 | 27.9 | 57 | 72.1 | 79 | 100.0 | 6 | 42.9 | 8 | 57.1 | 14 | 100.0 |
| Persone betrokke by afwerings-, vervoer- en veiligheidsdienste en huis- en tuinbediendes | 155 | 37.2 | 262 | 62.3 | 417 | 100.0 | 32 | 36.4 | 56 | 63.6 | 88 | 100.0 |
| Voltydse studente, skoliere en huisvroue en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie | 123 | 55.2 | 100 | 44.8 | 223 | 100.0 | 96 | 57.1 | 72 | 42.9 | 168 | 100.0 |
| Persone met eie onderneming bv. handelaars en selfstandige boere | 11 | 35.5 | 20 | 64.5 | 31 | 100.0 | 10 | 14.3 | 60 | 85.7 | 70 | 100.0 |
| Werkloses | 7 | 18.4 | 31 | 81.6 | 38 | 100.0 | 17 | 54.8 | 14 | 45.2 | 31 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2$ = 76.8460; p<.1%

$X^2$ = 69.6756; p<.1%

die landelike steekproef waar hierdie groep weer 'n opvallende kleiner persentasie drankgebruikers as die totale groep oplewer, 45.2 persent teenoor die groep se 63.2 persent.

(c) Dié groep wat persone insluit wat oor hul eie onderneming beskik. By die landelike steekproef is dit so te sê uitsluitlik mense wat uit hul eie boerdery 'n bestaan maak - plaasarbeiders en -voormanne dus uitgesluit; by die stedelike steekproef daarenteen bestaan hierdie groep uit handelaars - ook smouse, huurmotoreienaars, skoenmakers, huisopknappers ens. Hierdie beroepsgroep het by die landelike steekproef 'n baie groter persentasie drankgebruikers (85.7% teenoor die hele steekproef se persentasie van 63.2%) as wat die stedelike steekproef het, waar die persentasie drankgebruikers van hierdie groep baie met die van die totale groep ooreenkom (64.5% teenoor 64.6%). Dit moet egter onthou word dat hierdie beroepsgroep in laasgenoemde geval eienaars van uiteraard sosiologies-ekonomies heterogene ondernemings insluit.

## 3.6 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY ONDERWYSPEILGROEPE

In tabel 3.4 word die geheelonthouding- en drankgebruikverspreiding by verskillende onderwyspeilgroepe getabelleer. By die landelike steekproefgroep is 'n duidelike tendens waar te neem: namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, neem die persentasie geheelonthouers toe tot by die groep wat oor 'n standerd 3- of 4-sertifikaat beskik. Die grootste enkele persentasie drankgebruikers word aangetref by dié groep wat nooit 'n skool besoek nie, 71.7 persent. By die stedelike steekproef vind 'n soortgelyke toename plaas, maar hier vertoon dit nie so reëlmatig nie. By albei steekproefgroepe is die persentasie drankgebruikers egter kleiner as dié van die totale groep namate die onderwyspeilgroep persone insluit met 'n hoër onderwyspeil as 'n standerd 2-sertifikaat.

Soos uit die verspreidings in tabelle by latere hoofstukke sal blyk, verkies en gebruik die drankgebruikers met 'n hoër onderwyspeil onder andere in 'n groter mate Blankedrank as die totale groep (tabelle 6.5 en 5.5). As hierdie voorkeur in drankgebruik van die hoër onderwyspeilgroepe op die drankgebruikers en die geheelonthouers by die twee steekproefgroepe van toepassing gemaak kan word, is dit moontlik dat die „onverkrygbaarheid"[1] van Blankedrank 'n belangrike faktor kan wees waarom die proefpersone met 'n hoër onderwyspeil 'n groter geheelonthoudingpatroon as die totale groep het[2] want daardie dranksoort waarvan hulle hou is nie verkrygbaar nie terwyl die verkrygbare dranksoort nie in die smaak val nie.

## 3.7 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE

In tabel 3.5 word geheelonthouding en drankgebruik met die gesinsinkomste van die proefpersoon in verband gebring. Die algemene tendense by die twee steekproefgroepe is heeltemal uiteenlopend. Waar die laagste inkomstegroep, diegene met 'n inkomste van R10 of minder per maand, by die stedelike steekproef 'n groter persentasie geheelonthouers as die totale groep oplewer, 41.3 persent teenoor 35.4 persent, is dit die hoogste inkomstegroepe by die landelike steekproef, proefpersone met 'n inkomste van meer as R30 per maand, wat 'n groter persentasie geheelonthouers as die totale groep het, 59.5 persent teenoor 36.8 persent. Die hoogste inkomstegroep by die stedelike steekproef sluit dan ook meer drankgebruikers in as die totale groep, 67.0 persent teenoor 64.6 persent.

By die landelike steekproef is die verband tussen inkomste en die faktor van drankgebruik baie reëlmatiger: die persentasie drankgebruikers neem reëlmatig af namate die gesinsinkomste van die verskillende inkomstegroepe hoër is: 65.2 persent, 64.7 persent, 40.5 persent. By die stedelike steekproef vind ons presies die teenoorgestelde tendens.

---

1) „Onverkrygbaar" vanweë wetlike en/of ekonomiese oorwegings.

2) Daar is ook tydens die opname ondervind dat baie van die „geleerde" Bantoes die smaak en reuk van Bantoebier afstootlik vind.

TABEL 3.4

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY ONDERWYSPEILGROEPE

| Standerd geslaag | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Het nooit skool gegaan nie | 89 | 33.3 | 178 | 66.7 | 267 | 100.0 | 72 | 28.3 | 182 | 71.7 | 254 | 100.0 |
| Het geen standerd geslaag nie of het sub-standerds A of B geslaag | 15 | 28.3 | 38 | 71.7 | 53 | 100.0 | 18 | 36.0 | 32 | 64.0 | 50 | 100.0 |
| Standerd 1 of 2 | 44 | 28.2 | 112 | 71.8 | 156 | 100.0 | 25 | 37.3 | 42 | 62.7 | 67 | 100.0 |
| Standerd 3 of 4 | 68 | 39.3 | 105 | 60.7 | 173 | 100.0 | 35 | 53.8 | 30 | 46.2 | 65 | 100.0 |
| Standerd 5 of 6 | 79 | 36.6 | 137 | 63.4 | 216 | 100.0 | 22 | 53.7 | 19 | 46.3 | 41 | 100.0 |
| Vorm 1 tot 5 of het 'n universiteitsgraad verwerf | 59 | 43.7 | 76 | 56.3 | 135 | 100.0 | 12 | 52.2 | 11 | 47.8 | 23 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 10.5527$; $10\% > p > 5\%$ $\qquad$ $X^2 = 23.2944$; $p < .1\%$

TABEL 3.5

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE

| Inkomste per maand | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| R10 en minder | 102 | 41.3 | 145 | 58.7 | 247 | 100.0 | 115 | 34.8 | 215 | 65.2 | 330 | 100.0 |
| R11 - R30 | 161 | 33.8 | 316 | 66.2 | 477 | 100.0 | 47 | 35.3 | 86 | 64.7 | 133 | 100.0 |
| R31 en meer | 91 | 33.0 | 185 | 67.0 | 276 | 100.0 | 22 | 59.5 | 15 | 40.5 | 37 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 5.0324$; $10\% > p > 5\%$

$X^2 = 8.8310$; $2\% > p > 1\%$

In die stedelike gebiede was Blankedrank tydens hierdie opname deur die smokkelhandel makliker beskikbaar as in die landelike gebiede met die gevolg dat die persoon met 'n hoë inkomste maklik die drank van sy voorkeur (vergelyk die verspreiding in tabelle 6.6 en 5.7) kon nuttig. 'n Faktor wat blykbaar dalk ook met hierdie verspreiding verband hou, is dat die persoon met die hoë inkomste by die landelike steekproef ook die persoon met die hoë onderwyspeil is, terwyl dit blykbaar nie die geval met die persone van die stedelike steekproef is nie. Op hierdie stadium kan egter geen afdoende verklaring vir hierdie verskynsel gegee word alvorens verder navorsing gedoen word nie.

## 3.8 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY HUWELIKSTAATGROEPE

Tabel 3.6 is 'n tabellasie van geheelonthouding en drankgebruik by verskillende huwelikstaatgroepe. Uit tabel 3.6 blyk dat by sowel die stedelike as die landelike groep die ongetroudes (dit wil sê persone wat ten tye van die ondersoek nog nie getroud was nie) 'n kleiner persentasie drankgebruikers as die totale groep oplewer; by die stedelike groep gebruik 59.6 persent van die ongetroudes drank teenoor die 64.6 persent van die hele steekproefgroep. By die landelike steekproef is hierdie verskil duideliker want hier gebruik 52.3 persent van die ongetroudes drank teenoor die 63.2 persent van die totale groep wat persone van alle huwelikstaatgroepe insluit. Hierteenoor lewer die getroudes by albei groepe in 'n geringe mate 'n groter persentasie drankgebruikers as wat in die totale steekproefgroep aangetref word.

Aan die hand van die verspreidings in tabel 3.2 is 'n verklaring hier voor die hand liggend: die ongetroude persone is uiteraard die jonger persone wat blykens voorgenoemde tabel minder drankgebruikers insluit as die hoër ouderdomsgroepe. Dit is opvallend dat uit die geledere van die geskeies, verlates en wewenaars/weduwees by albei steekproewe 'n hoër persentasie drankgebruikers voorkom as wat daar in die steekproef as geheel aangetref word. Dit sou egter gevaarlik wees om hier enige afleidings te maak aangesien hierdie groep sosiologies uiters heterogeen is.

## 3.9 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY ETNIESE GROEPE

Die gegewens van tabel 3.7 waarin geheelonthouding en drankgebruik met die etniese groepsverband van die proefpersone in verband gebring word, kan in drie kategorieë saamgevat word, naamlik:

(a) Die etniese groepe wat 'n groter persentasie drankgebruikers oplewer as wat in die steekproef as geheel aangetref word. By die stedelike steekproef: die „Ander-"groep (dit is Tsonga, Venda e.a., 74.0%), Tswanas (73.1%), Suid-Sotho's (70.7%) en Noord-Sotho's (70.2%). By die landelike steekproef: die Suid-Sotho's (75.9%) en die Ndebeles (74.3%).

(b) Die etniese groepe wat min of meer dieselfde (dit wil sê minder as 5% meer of minder as die totale groep) persentasie drankgebruikers as die hele steekproef het. By die stedelike steekproef: die Swazi's (65.5%), die Zoeloes (61.5%) en die Ndebeles (60.4%). By die landelike steekproef: die Xhosas (65.8%), die Tswanas (62.3%), die Zoeloes (60.4%) en die Noord-Sotho's (58.4%).

(c) Die groepe wat minder drankgebruikers insluit as wat die steekproef oplewer. By die stedelike steekproef: die Xhosas (55.4%). By die landelike steekproef: die Swazi's (52.4%) en die „Ander-"groep (50.0%).

Uit hierdie verspreiding blyk dit dat die Suid-Sotho's by albei steekproefgroepe 'n groter persentasie drankgebruikers oplewer terwyl die Zoeloes by sowel die stedelike as die landelike steekproef 'n groter persentasie geheelonthouers bevat.

## 3.10 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT

In tabel 3.8 word geheelonthouding en drankgebruik gekorreleer met die mate waarin die proefpersone die twee amptelike landstale praat. By sowel die stedelike as landelike steekproef tel daar onder die Bantoes wat

(a) net Afrikaans van die Blanke tale kan praat 'n groter persentasie drankge-

TABEL 3.6

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY HUWELIKSTAATGROEPE

| Huwelikstaat | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Nog nie getroud nie | 107 | 40.4 | 158 | 59.6 | 265 | 100.0 | 42 | 47.7 | 46 | 52.3 | 88 | 100.0 |
| Op 'n erkende manier getroud | 216 | 33.4 | 430 | 66.6 | 646 | 100.0 | 127 | 35.7 | 229 | 64.3 | 356 | 100.0 |
| Woon saam, is geskei of is wewenaar/weduwee | 31 | 34.8 | 58 | 65.2 | 89 | 100.0 | 15 | 26.8 | 41 | 73.2 | 56 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 3.9725$; $20\% > p > 10\%$

$X^2 = 7.1267$; $5\% > p > 2\%$

TABEL 3.7

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY ETNIESE GROEPE

| Etniese groep | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie | Getal | Persen-tasie |
| Xhosa | 111 | 44.6 | 138 | 55.4 | 249 | 100.0 | 50 | 34.2 | 96 | 65.8 | 146 | 100.0 |
| Zoeloe | 89 | 38.5 | 142 | 61.5 | 231 | 100.0 | 44 | 39.6 | 67 | 60.4 | 111 | 100.0 |
| Ndebele | 21 | 39.6 | 32 | 60.4 | 53 | 100.0 | 9 | 25.7 | 26 | 74.3 | 35 | 100.0 |
| Noord-Sotho (Sepedi) | 31 | 29.8 | 73 | 70.2 | 104 | 100.0 | 32 | 41.6 | 45 | 58.4 | 77 | 100.0 |
| Tswana | 39 | 26.9 | 106 | 73.1 | 145 | 100.0 | 26 | 37.7 | 43 | 62.3 | 69 | 100.0 |
| Suid-Sotho (Sotho) | 34 | 29.3 | 82 | 70.7 | 116 | 100.0 | 7 | 24.1 | 22 | 75.9 | 29 | 100.0 |
| Swazi | 10 | 34.5 | 19 | 65.5 | 29 | 100.0 | 10 | 47.6 | 11 | 52.4 | 21 | 100.0 |
| Ander groepe | 19 | 26.0 | 54 | 74.0 | 73 | 100.0 | 6 | 50.0 | 6 | 50.0 | 12 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

Stedelike steekproef: $X^2 = 21.2772$; $1\% > p > .1\%$

Landelike steekproef: $X^2 = 7.3713$; $50\% > p > 30\%$

TABEL 3.8

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT

| Amptelike tale wat gepraat kan word | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Net Afrikaans | 53 | 34.0 | 103 | 66.0 | 156 | 100.0 | 31 | 26.5 | 86 | 73.5 | 117 | 100.0 |
| Net Engels | 106 | 48.6 | 112 | 51.4 | 218 | 100.0 | 34 | 47.9 | 37 | 52.1 | 71 | 100.0 |
| Afrikaans en Engels | 144 | 30.4 | 329 | 69.6 | 473 | 100.0 | 25 | 37.3 | 42 | 62.7 | 67 | 100.0 |
| Nie een van die twee amptelike tale nie | 51 | 33.3 | 102 | 66.7 | 153 | 100.0 | 94 | 38.4 | 151 | 61.6 | 245 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 22.1748$; $p < .1\%$

$X^2 = 9.3605$; $5\% > p > 2\%$

bruikers, 66.0 persent en 73.5 persent onderskeidelik;

(b) net Engels kan praat 'n baie kleiner persentasie drankgebruikers (51.4% en 52.1%) as by die totale groep, 64.6 persent en 63.2 persent onderskeidelik. Alhoewel die chi-kwadraattoets 'n betekenisvolle verband tussen die veranderlikes toon, is hier egter geen sprake van 'n tendens wat met die graad van „geletterdheid" saamval nie, want ofskoon die groep wat sowel Afrikaans as Engels magtig is byvoorbeeld van al die groepe die hoogste persentasie drankgebruikers by die stedelike groep lewer (69.6%), het dié groep wat geeneen van die twee amptelike landstale magtig is nie, hier die tweede meeste persentasie drankgebruikers, naamlik 66.7 persent. Dieselfde geld vir die landelike groep waar hierdie twee „geletterdheidsgroepe" feitlik dieselfde persentasie drankgebruikers het, naamlik 62.7 persent en 61.6 persent onderskeidelik.

## 3.11 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY WOONPLEKGROEPE

Tabel 3.9 is 'n tabellasie van geheelonthouding en drankgebruik by woonplekgroepe. Geen algemene tendens wat met die graad van stedelikheid of landelikheid saamhang, kan uit tabel 3.9 afgelei word nie. Opvallend is die baie hoë persentasie drankgebruikers wat in albei steekproewe deur die kampongbewoners opgelewer word, stedelike steekproef 86.0 persent en landelike steekproef 80.0 persent. Blykbaar hou die feit dat kampongbewoners gewoonlik net uit mans bestaan wat hul Bantoebier in baie gevalle gratis ontvang, met hierdie verspreiding verband.

Dit is verder opmerklik dat die bewoners van Blankedorpsgebiede 'n groter persentasie drankgebruikers oplewer as dié proefpersone wat in Blankestadsgebiede woonagtig is, 67.2 persent, 68.2 persent; en 65.3 persent en 58.0 persent onderskeidelik. Dit wil voorkom asof die stedeling meer blootgestel was aan voortdurende spanninge oor aangeleenthede rakende drank en vrees vir vervolging as gevolg van onwettige brou en gebruik van drank en daarom tog meer skepties teenoor die opname gestaan het en waarskynlik meer dikwels gesê het dat hulle onthouers is terwyl hulle tog drank gebruik.

## 3.12 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY MOBILITEITSGROEPE

Tabel 3.10 is 'n tabellasie van geheelonthouding en drankgebruik by mobiliteitsgroepe. By die landelike steekproefgroep kan in hierdie tabel 'n taamlik duidelike tendens waargeneem word wat die invloed van die uiterlike omstandighede van „verwestering" en/of ontstamming op drankgebruik betref. Die groep wat die afgelope vyf jaar nooit in 'n Bantoegebied gekom het nie, sluit van al die woonplekgroepe die hoogste persentasie drankgebruikers in, 76.9 persent; die groep wat gedurende die afgelope vyf jaar langer in 'n Blankegebied as in 'n Bantoegebied gewoon het, die tweede hoogste persentasie, 64.4 persent; die groep wat langer in 'n Bantoegebied as in 'n Blankegebied gewoon het, die tweedelaagste persentasie, 61.5 persent en dié groep wat die afgelope vyf jaar nooit in 'n Blankegebied gekom het nie die kleinste persentasie drankgebruikers, 54.8 persent. Al aanduiding wat daar van hierdie tendens by die stedelike groep is, is die hoë persentasie drinkers wat in hierdie steekproefgroep aangetref word by die groep wat gedurende die afgelope vyf jaar meer in 'n Blanke- as in 'n Bantoegebied gewoon het, nl. 67.0 persent.

Uit die verspreiding in hierdie tabel wil dit voorkom asof die persentasie drankgebruikers toeneem namate die kontak met die tuiste in die Bantoegebied verminder. Indien die verspreidings in die vorige tabel in gedagte gehou word, wil dit egter voorkom asof dit nie soseer die graad van verstedeliking is nie wat korreleer met 'n hoë persentasie drankgebruikers maar eerder die graad van verlies van kontak met die Bantoetuisland afgesien daarvan of verstedeliking op die spel is of nie.

## 3.13 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE MATE ERVARING HET VAN BLANKEDRANK

In tabel 3.11 word geheelonthouding en drankgebruik gekorreleer met die proefpersoon se ervaring van Blankedrank. Uit hierdie tabel blyk dat 'n groter persentasie Bantoes van die stedelike steekproef reeds op een of ander stadium van hul lewe Blankedrank genuttig het as wat die geval is by die Bantoes van die landelike

## TABEL 3.9

## GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY WOONPLEKGROEPE

**Stedelike steekproef**

| Woonplek | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Verspreid in Blankedorpsgebied | 22 | 32.8 | 45 | 67.2 | 67 | 100.0 |
| Bantoewoongebied in Blankedorpsgebied | 27 | 31.8 | 58 | 68.2 | 85 | 100.0 |
| Bantoewoongebied in Blankestadsgebied | 186 | 34.7 | 350 | 65.3 | 536 | 100.0 |
| Kampong | 6 | 14.0 | 37 | 86.0 | 43 | 100.0 |
| Verspreid in Blankestadsgebied | 113 | 42.0 | 156 | 58.0 | 269 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 |

$X^2$ = 14.5823; 1%>p>.1%

**Landelike steekproef**

| Woonplek | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Bantoegebied | 116 | 41.6 | 163 | 58.4 | 279 | 100.0 |
| Blankeplaas | 64 | 31.8 | 137 | 68.2 | 201 | 100.0 |
| Kampong in Blankegebied | 4 | 20.0 | 16 | 80.0 | 20 | 100.0 |
| TOTAAL | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2$ = 11.1413; 2% > p > 1%

TABEL 3.10

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY MOBILITEITSGROEPE

| Mobiliteit in afgelope 5 jaar | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Het nooit in Blankegebied gekom nie | - | - | - | - | - | - | 38 | 45.2 | 46 | 54.8 | 84 | 100.0 |
| Het meer in Bantoegebied as in Blankegebied gewoon | 24 | 38.7 | 38 | 61.3 | 62 | 100.0 | 79 | 38.5 | 126 | 61.5 | 205 | 100.0 |
| Het meer in Blankegebied as in Bantoegebied gewoon | 187 | 33.0 | 380 | 67.0 | 567 | 100.0 | 52 | 35.6 | 94 | 64.4 | 146 | 100.0 |
| Het nooit in Bantoegebied gekom nie | 143 | 38.5 | 228 | 61.5 | 371 | 100.0 | 15 | 23.1 | 50 | 76.9 | 65 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$x^2 = 3.3524$; $20\% > p > 10\%$ $\quad$ $x^2 = 8.1886$; $5\% > p > 2\%$

TABEL 3.11

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE MATE ERVARING HET VAN BLANKEDRANK

| Ervaring van Blankedrank | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Het nog nooit Blankedrank gebruik nie | 350 | 98.9 | 111 | 17.2 | 461 | 46.1 | 181 | 98.4 | 115 | 36.4 | 296 | 59.2 |
| Het wel reeds Blankedrank gebruik | 4 | 1.1 | 535 | 82.8 | 539 | 53.9 | 3 | 1.6 | 201 | 63.6 | 204 | 40.8 |
| TOTAAL | 354 | 100.0 | 646 | 100.0 | 1,000 | 100.0 | 184 | 100.0 | 316 | 100.0 | 500 | 100.0 |

steekproef, 53.9 persent teenoor 40.8 persent. Wat die drankgebruikers self betref, blyk dit dat, indien die twee steekproefgroepe met mekaar vergelyk word, 'n groter persentasie van die drankgebruikers by die stedelike steekproef (82.8%) reeds kennis gemaak het met Blankedranksoorte as wat die geval is met die drankgebruikers by die landelike steekproef (63.6%).

Dit blyk duidelik dat die gebruik van Blankedrank by die Bantoe primêr afhanklik is van die graad van beskikbaarheid.

3.14 GEHEELONTHOUERS EN DRANKGEBRUIKERS SE HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN BLANKEDRANK AAN DIE BANTOE

Tabel 3.12 is 'n tabellasie van geheelonthouers en drankgebruikers se houding ten opsigte van die vrystelling van Blankedrank. Uit hierdie tabel blyk dat ongeveer twee-derdes van die twee steekproefgroepe die idee van vrystelling van Blankedrank aan die Bantoe verwelkom, stedelike steekproef: 68.3 persent en landelike steekproef: 60.8 persent. Daarenteen is 24.5 persent by die stedelike steekproef en 27.8 persent by die landelike steekproef nie ten gunste daarvan nie en is 7.2 persent by die stedelike steekproef en 11.4 persent by die landelike steekproef onseker insake die wenslikheid daarvan. Dit wil dus voorkom asof die Bantoes van die stedelike steekproef in 'n groter mate ten gunste van die vrystelling van Blankedrank is.

Ook wat die drankgebruikers betref, merk mens dat 'n groter persentasie van dié groep by die stedelike steekproef ten gunste is van die bekombaarheid van Blankedrank as wat die geval is met die drankgebruikers van die landelike steekproef, 81.0 persent teenoor 73.7 persent. Ook die geheelonthouers van die stedelike steekproef is in 'n groter mate ten gunste van die vrystelling van Blankedrank aan die Bantoe as wat die geval is met hierdie groep in die landelike steekproef, 45.2 persent teenoor 38.6 persent. Dit is verder opvallend dat die geheelonthouers by die stedelike steekproef selfs 'n groter persentasie persone insluit wat ten gunste is van die vryelike toegang tot Blankedrank as wat dit persone insluit wat daarteen is, 45.2 persent teenoor 41.2 persent.

'n Moontlike verklaring is geleë in die verskil in drinkpatroon van die twee steekproefgroepe: die landelike steekproefgroep is tradisioneel uiteraard meer aangewys op die gebruik van Bantoebier. Aan die stamvaste Bantoe immers is die maak en gebruik van gedistilleerde drank met 'n hoë alkoholinhoud onbekend.

3.15 GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON

In tabel 3.13 word die verspreiding van geheelonthouding en drankgebruik in die verskillende provinsies of landsgebiede getabelleer. Uit hierdie tabel blyk dit dat by albei steekproewe die Bantoebewoners van die O.V.S. 'n heelwat groter persentasie drankgebruikers as die totale groep het, stedelike steekproef 79.0 persent teenoor 64.6 persent en landelike steekproef 70.0 persent teenoor 63.2 persent. Die bewoners van die Kaapprovinsie en Zoeloeland het ook by die landelike steekproef 'n heelwat groter persentasie drankgebruikers as die totale groep. Aangesien die Zoeloes van Zoeloeland 'n groter persentasie drankgebruikers as die totale groep het, is dit blykbaar die oorwig Zoeloes van die landelike gebiede in Natal wat verantwoordelik is vir die landelike Zoeloes se kleiner persentasie drankgebruikers as die totale groep (tabel 3.7).

3.16 SAMEVATTING

3.16.1 Ongeveer twee-derdes van die Bantoes is gebruikers van drank.

3.16.2 Terwyl vier-vyfdes van die mans drankgebruikers is, is slegs 'n rapsie meer as twee-vyfdes van die vroue gebruikers van drank.

3.16.3 Die persentasie persone wat drank gebruik, styg namate die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is tot by die middeljarige ouderdomsgroep, diegene 41-50 jaar.

3.16.4 Die jonger ouderdomsgroepe by die steekproef van die stedelike Bantoebevolking

TABEL 3.12

GEHEELONTHOUERS EN DRANKGEBRUIKERS SE HOUDING TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN BLANKEDRANK AAN DIE BANTOE

| Houding t.o.v. vrystelling van Blankedrank aan Bantoes | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Goedkeurend | 160 | 45.2 | 523 | 81.0 | 683 | 68.3 | 71 | 38.6 | 233 | 73.7 | 304 | 60.8 |
| Nie goedkeurend nie | 146 | 41.2 | 99 | 15.3 | 245 | 24.5 | 82 | 44.6 | 57 | 18.0 | 139 | 27.8 |
| Weet nie | 48 | 13.6 | 24 | 3.7 | 72 | 7.2 | 31 | 16.8 | 26 | 8.2 | 57 | 11.4 |
| TOTAAL | 354 | 100.0 | 646 | 100.0 | 1,000 | 100.0 | 184 | 100.0 | 316 | 100.0 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 136.3007$; $p < .1\%$

$X^2 = 60.6425$; $p < .1\%$

TABEL 3.13

GEHEELONTHOUDING EN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON

| Provinsie of gebied | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | | Geheelonthouers | | Drankgebruikers | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Kaapprovinsie | 88 | 48.9 | 92 | 51.1 | 180 | 100.0 | 19 | 27.1 | 51 | 72.9 | 70 | 100.0 |
| Natal | 45 | 34.6 | 85 | 65.3 | 130 | 100.0 | 35 | 43.7 | 45 | 56.3 | 80 | 100.0 |
| O.V.S. | 21 | 21.0 | 79 | 79.0 | 100 | 100.0 | 15 | 30.0 | 35 | 70.0 | 50 | 100.0 |
| Transvaal | 200 | 33.9 | 390 | 66.1 | 590 | 100.0 | 73 | 40.6 | 107 | 59.4 | 180 | 100.0 |
| Transkei | - | - | - | - | - | - | 33 | 36.7 | 57 | 63.3 | 90 | 100.0 |
| Zoeloeland | - | - | - | - | - | - | 9 | 30.0 | 21 | 70.0 | 30 | 100.0 |
| TOTAAL | 354 | 35.4 | 646 | 64.6 | 1,000 | 100.0 | 184 | 36.8 | 316 | 63.2 | 500 | 100.0 |

$X^2 = 24.0059$; $p < .1\%$

$X^2 = 7.1512$; $30\% > p > 20\%$

het 'n groter persentasie drankgebruikers as die landelike bevolking, terwyl laasgenoemde se ouer ouderdomsgroepe weer 'n groter persentasie drankgebruikers het as die stedelike steekproef.

3.16.5 Beroepsgroepe wat 'n groter persentasie drankgebruikers as die totale groep het, is

(a) die arbeidergroep by albei steekproewe,

(b) die professionele en semi-professionele groep by die stedelike steekproef,

(c) die groep wat oor eie ondernemings beskik by die landelike steekproef.

3.16.6 Die persentasie drankgebruikers is kleiner as dié van die totale groep namate die onderwyspeilgroep persone insluit met 'n hoër onderwyspeil as 'n standerd 2-sertifikaat.

3.16.7 Die tendense betreffende die verband tussen die gesinsinkome en drankgebruik staan by die twee steekproefgroepe lynreg teenoor mekaar: waar die persentasie drankgebruikers neig om by elke groep wat 'n groter inkomste het, by die stedelike steekproef toe te neem, neem dit by die landelike steekproef reëlmatig af.

3.16.8 Terwyl 'n groter persentasie as die verwagte van die ongetroudes geheelonthouers is, bevat van die getroudes 'n groter persentasie drankgebruikers as die verwagte.

3.16.9 Die Suid-Sotho's het 'n groter en die Zoeloes 'n kleiner persentasie drankgebruikers as diè totale groep.

3.16.10 Die groep Bantoes wat van die twee amptelike landstale slegs Afrikaans kan praat, het 'n groter en dié groep wat van dié twee tale slegs Engels kan praat 'n kleiner persentasie drankgebruikers as die totale groep.

3.16.11 Die kampong-, dorps- en plaasbewoners het 'n groter persentasie drankgebruikers as die totale groep.

3.16.12 Dit blyk dat by die landelike steekproef daar 'n duidelike afname in die persentasie drankgebruikers is na gelang die aanraking met die Bantoegebied langer is. Indien die tydperk waarin die woonplekgroep in 'n Blankegebied bly, langer is, dan bevat dié groep 'n groter persentasie drankgebruikers afgesien daarvan of verstedeliking op die spel is of nie.

3.16.13 'n Groter persentasie Bantoes van die stedelike steekproef as van die landelike steekproef het reeds op een of ander stadium in hul lewe ervaring van Blankedrank gehad.

3.16.14 Ongeveer twee-derdes van die Bantoes van albei steekproewe verwelkom die idee van vrystelling van Blankedrank aan die Bantoe. Die Bantoes van die stedelike steekproef skyn in 'n groter mate ten gunste van die vrystelling van Blankedrank te wees.

3.16.15 Die Bantoes van die Vrystaat en Zoeloeland en die landelike groep van die Kaapprovinsie skyn 'n groter persentasie drankgebruikers as die totale groep op te lewer.

3.16.16 Die volgende faktore skyn duidelik met 'n hoë persentasie drankgebruikers saam te hang: Lid van die manlike geslag; 'n ouderdom tussen 40 en 50 jaar; 'n onderwyspeil laer as standerd twee; 'n hoë inkomste by die stedelike groep en 'n lae inkomste by die landelike groep; getroude status en 'n groot mate van beskikbaarheid van Blankedrank.

# HOOFSTUK 4

# DIE MOTIEF VIR DIE GEBRUIK VAN BANTOEBIER EN DIE VOORKEUR AAN BLANKEDRANK

## 4.1 INLEIDING

Die veldwerker moes onder andere aan die proefpersoon vra om watter rede hy Bantoebier hoofsaaklik drink. Uiteraard kan verwag word dat die antwoord op so 'n vraag veral blootgestel is aan die betrokke rasionaliseringsproses by die ondervraagde. In watter mate die gegewens rondom hierdie vraag dus betroubaar is, kan nie bepaal word nie. Die veldwerker moes net die vraag aan die proefpersoon stel, sonder om al die moontlikhede op die vraelys vir die ondervraagde voor te lees, en kon dus nie vasstel in watter mate die deur die proefpersoon genoemde motief van die werklike motief verskil nie. In hierdie hoofstuk word ook die verspreiding bespreek van die vernaamste motief vir die voorkeur wat sommige drankgebruikers aan Blankedrank bo Bantoebier gee. Die uitgangspunt in hierdie hoofstuk is dat Blankedrank en Bantoebier primêr om verskillende redes gebruik word.

## 4.2 DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE

Figuur 4.1 is 'n grafiese voorstelling van die drinkmotief vir Bantoebier by die twee steekproefgroepe. Die vernaamste motiewe vir Bantoebiergebruik is vierledig gegroepeer, te wete fisiologies-georiënteerde redes (omdat dit lekker smaak, omdat dit kos is, omdat dit gesond is, omdat dit sterk maak, omdat dit dors les ensovoorts), seremoniële redes (omdat dit gebruiklik is by geleenthede soos bruilofte, stamseremonies, begrafnisse ensovoorts; omdat die ouers drink, omdat vir die geeste van die voorvaders gedrink word), psigologies-individuele redes (om van bekommernisse ontslae te raak, om bly te word, om meer moed te kry, om nie bang te wees nie, om van 'n gevoel van minderwaardigheid ontslae te raak) en „ander redes".

Figuur 4.1 toon in watter oorweldigende mate die proefpersone van albei steekproewe fisiologies-georiënteerde redes as die vernaamste motief vir hul gebruik van Bantoebier beskou. (Vir die persentasie-verspreiding, kyk tabel 4.1: stedelike steekproef, 77.0% en landelike steekproef 81.3%.) By albei steekproewe is seremoniële redes verantwoordelik vir die tweede grootste enkele persentasie - 12.5 persent en 11.9 persent onderskeidelik. Hierna volg die psigologies-individuele redes met persentasies van 7.4 persent en 3.7 persent en „ander" redes met 3.0 persent en 3.1 persent.

Die belangrikheid van Bantoebier as voedingsmiddel in die Bantoe se drankgebruikstruktuur lê die oorwig van die fisiologies-georiënteerde redes ten grondslag.

## 4.3 DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE

Uit die verspreiding in tabel 4.1 waarin die motief vir Bantoebiergebruik by die twee geslagte getabelleer is, blyk dit duidelik dat daar geen verskille is tussen die mans en vroue se motiveringstendens nie.

## 4.4 DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY OUDERDOMSGROEPE

Uit tabel 4.2, 'n tabellasie van die verskillende ouderdomsgroepe se motief vir Bantoebiergebruik, kan geen tendens afgelei word nie. Die getalseenhede by die landelike steekproef is ook baie klein vir enige betroubare afleidings. Dit wil egter voorkom of daar by die stedelike steekproef 'n reëlmatige styging plaasvind ten opsigte van die persone wat veral om seremoniële redes Bantoebier gebruik na gelang die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is, vanaf 9.7 persent by die 15 tot 30 jaar-ouderdomsgroep na 12.6 persent by die 31 tot 50 jaar-ouderdomsgroep en 17.0 persent by die 51 jaar-en-ouer-ouderdomsgroep. Wat die psigologies-individuele redes betref, vind by albei steekproefgroepe presies die teenoorgestelde styging in persentasie plaas: namate die ouderdom van die ouderdomsgroep laer is, styg die

FIGUUR 4.1

DIE DRINKMOTIEF VIR BANTOEBIER BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE



TABEL 4.1

DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE

| Geslag | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Fisiologies-georiën-teerde redes | | Seremo-niële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | | Fisiologies-georiën-teerde redes | | Seremo-niële redes | | Psigolo-gies-indi-viduele redes | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Mans | 291 | 76.8 | 47 | 12.4 | 30 | 7.9 | 11 | 2.9 | 379 | 100.0 | 156 | 81.2 | 23 | 12.0 | 6 | 3.1 | 7 | 3.6 | 192 | 100.0 |
| Vroue | 114 | 77.5 | 19 | 12.9 | 9 | 6.1 | 5 | 3.4 | 147 | 100.0 | 84 | 81.5 | 12 | 11.6 | 5 | 4.9 | 2 | 1.9 | 103 | 100.0 |
| TOTAAL | 405 | 77.0 | 66 | 12.5 | 39 | 7.4 | 16 | 3.0 | 526 | 100.0 | 240 | 81.3 | 35 | 11.9 | 11 | 3.7 | 9 | 3.1 | 295 | 100.0 |

$x^2 = 0.5774$; $95\% > p > 90\%$

$x^2 = 1.1826$; $80\% > p > 70\%$

TABEL 4.2

DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY OUDERDOMSGROEPE

| Ouderdom | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Fisiologies georiënteerde redes | | Seremoniële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | | Fisiologies-georiënteerde redes | | Seremoniële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 15 - 30 jaar | 114 | 74.0 | 15 | 9.7 | 13 | 8.4 | 12 | 7.8 | 154 | 100.0 | 56 | 84.8 | 4 | 6.1 | 4 | 6.1 | 2 | 3.0 | 66 | 100.0 |
| 31 - 50 jaar | 219 | 78.8 | 35 | 12.6 | 21 | 7.6 | 3 | 1.1 | 278 | 100.0 | 117 | 78.0 | 22 | 14.7 | 5 | 3.3 | 6 | 4.0 | 150 | 100.0 |
| 51 jaar en ouer | 72 | 76.6 | 16 | 17.0 | 5 | 5.3 | 1 | 1.1 | 94 | 100.0 | 67 | 84.8 | 9 | 11.4 | 2 | 2.5 | 1 | 1.3 | 79 | 100.0 |
| TOTAAL | 405 | 77.0 | 66 | 12.5 | 39 | 7.4 | 16 | 3.0 | 526 | 100.0 | 240 | 81.3 | 35 | 11.9 | 11 | 3.7 | 9 | 3.1 | 295 | 100.0 |

persentasie persone wat veral om psigologies-individuele redes Bantoebier gebruik.

Die feit dat die seremoniële redes in belangrikheid toeneem namate die ouderdom hoër is, hang heelwaarskynlik saam met die feit dat die ouer persoon hom uiteraard hegter as die jonger Bantoe aan die stamtradisies verbonde voel.

## 4.5 DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY ONDERWYSPEILGROEPE

In tabel 4.3 is 'n tabellasie van verskillende onderwyspeilgroepe se motiewe vir Bantoebiergebruik. Uit die verspreiding blyk dit dat daar waarskynlik geen verband tussen onderwyspeil en drinkmotief by die Bantoe is nie.

## 4.6 DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE

Tabel 4.4 is 'n tabellasie van die drinkmotief vir Bantoebier by verskillende inkomstegroepe. Uit hierdie tabel kan geen duidelike tendens afgelei word nie. Interessant is egter die hoogste inkomstegroep (d.i. diegene wat meer as R31 per maand verdien) van die stedelike steekproef se groter persentasie drankgebruikers as dié van die totale groep wat veral seremoniële redes as hul drinkmotief vir Bantoebier beskou.

Hieruit sal allermins afgelei kan word dat die hoogste inkomstegroep meer „tradisievas" sou wees. Dit sal later blyk (kyk tabel 5.7) dat die hoogste inkomstegroep eintlik 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers as die verwagte insluit. Daarom sou dit dalk meer realisties wees om te aanvaar dat dié inkomstegroep heelwaarskynlik om ander redes as seremoniële redes Blankedrank kan verkies (kyk tabel 4.10), maar wanneer hulle Bantoebier gebruik, drink hulle dit veral uit seremoniële oorwegings - Bantoebier is immers tradisioneel by die stamseremonie betrokke.

## 4.7 DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY HUWELIKSTAATGROEPE

In tabel 4.5 word die huwelikstaat met die persoon se vernaamste motief vir Bantoebiergebruik gekorreleer. Hierdie tabel toon interessante ooreenkomste tussen die twee steekproewe ofskoon die getalle, veral by die landelike steekproef, ook hier vir ontleding soms baie klein is. Die getroudes toon nl. by albei steekproewe 'n groter persentasie drankgebruikers as die totale groep wat veral om fisiologies-georiënteerde redes Bantoebier sou drink, stedelike steekproef 79.1 persent teenoor 77.0 persent en landelike steekproef 83.4 persent teenoor 81.3 persent, terwyl die persone wat nog nie getroud is nie, weer 'n groter persentasie insluit as die totale groep wat veral om psigologies-individuele redes Bantoebier gebruik, stedelike steekproef 10.8 persent teenoor 7.4 persent; landelike steekproef, 6.7 persent teenoor 3.7 persent.

Hierdie verspreiding hang klaarblyklik saam met dié wat in paragraaf 4.4 bespreek is, aangesien die proefpersone uit die jongste ouderdomsgroep, wat uiteraard 'n groot persentasie ongetroudes insluit, in 'n groter mate as die verwagte veral om psigologies-individuele redes Bantoebier nuttig.

## 4.8 DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY GROEPE WAT VERSKILLENDE HOEVEELHEDE BANTOEBIER GEBRUIK

Tabel 4.6 is 'n tabellasie van verskillende Bantoebierverbruiksgroepe se motiewe vir Bantoebiergebruik. Volgens die gegewens in hierdie tabel blyk dit dat namate die aantal Bantoebiereenhede hoër is, wat gedurende die sewe dae wat die opname voorafgegaan het deur die Bantoebierdrinkers gebruik is, drink 'n groter persentasie drinkers Bantoebier vanweë fisiologies-georiënteerde redes en 'n kleiner persentasie vanweë seremoniële redes, stedelike steekproef 73.8 persent, 76.7 persent, 78.5 persent en 15.4 persent, 13.1 persent, 10.8 persent en landelike steekproef 76.3 persent, 80.5 persent, 86.2 persent en 15.3 persent, 11.4 persent, 10.4 persent, onderskeidelik.

Dit wil dus voorkom asof die belangrikheid van fisiologies-georiënteerde redes toeneem en dié van seremoniële redes afneem, namate die drankgebruik-

TABEL 4.3

DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY ONDERWYSPEILGROEPE

| Onderwyspeil | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Fisiologies georiën-teerde redes | | Seremo-niële redes | | Psigolo-gies-indi-viduele redes | | Ander redes | | Totaal | | Fisiologies georiën-teerde redes | | Seremo-niële redes | | Psigolo-gies-indi-viduele redes | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nooit skool gegaan nie | 124 | 76.5 | 20 | 12.3 | 15 | 9.3 | 3 | 1.9 | 162 | 100.0 | 145 | 81.0 | 22 | 12.3 | 6 | 3.4 | 6 | 3.4 | 179 | 100.0 |
| Skoolbywoning in substanderd A tot st. 4 geslaag | 168 | 77.8 | 31 | 14.3 | 7 | 3.2 | 10 | 4.6 | 216 | 100.0 | 77 | 82.8 | 11 | 11.8 | 3 | 3.2 | 2 | 2.2 | 93 | 100.0 |
| St. 5 geslaag - verwerwing van universiteitsgraad | 113 | 76.3 | 15 | 10.1 | 17 | 11.5 | 3 | 2.0 | 148 | 100.0 | 18 | 78.3 | 2 | 8.7 | 2 | 8.7 | 1 | 4.3 | 23 | 100.0 |
| TOTAAL | 405 | 77.0 | 66 | 12.5 | 39 | 7.4 | 16 | 3.0 | 526 | 100.0 | 240 | 81.3 | 35 | 11.9 | 11 | 3.7 | 9 | 3.1 | 295 | 100.0 |

TABEL 4.4

DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE

| Inkomste per maand | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Fisiologies georiënteerde redes | | Seremoniële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | | Fisiologies georiënteerde redes | | Seremoniële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| R10 en minder | 89 | 75.4 | 12 | 10.2 | 7 | 5.9 | 10 | 8.5 | 118 | 100.0 | 165 | 80.9 | 25 | 12.3 | 8 | 3.9 | 6 | 2.9 | 204 | 100.0 |
| R11 - 30 | 213 | 79.5 | 29 | 10.8 | 21 | 7.8 | 5 | 1.9 | 268 | 100.0 | 65 | 81.3 | 10 | 12.5 | 2 | 2.5 | 3 | 3.8 | 80 | 100.0 |
| R31 en meer | 103 | 73.6 | 25 | 17.9 | 11 | 7.9 | 1 | 0.7 | 140 | 100.0 | 10 | 90.9 | 0 | - | 1 | 9.1 | 0 | - | 11 | 100.0 |
| TOTAAL | 405 | 77.0 | 66 | 12.5 | 39 | 7.4 | 16 | 3.0 | 526 | 100.0 | 240 | 81.3 | 35 | 11.9 | 11 | 3.7 | 9 | 3.1 | 295 | 100.0 |

$x^2 = 20.3921$; 1%>p>.1%

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

TABEL 4.5

DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY HUWELIKSTAATGROEPE

| Huwelikstaat | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Fisiologies georiënteerde redes | | Seremoniële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | | Fisiologies georiënteerde redes | | Seremoniële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nie getroud nie | 88 | 73.3 | 9 | 7.5 | 13 | 10.8 | 10 | 8.3 | 120 | 100.0 | 34 | 75.6 | 5 | 11.1 | 3 | 6.7 | 3 | 6.7 | 45 | 100.0 |
| Op 'n erkende manier getroud | 285 | 79.1 | 49 | 13.6 | 22 | 6.1 | 4 | 1.1 | 360 | 100.0 | 176 | 83.4 | 24 | 11.4 | 6 | 2.8 | 5 | 2.4 | 211 | 100.0 |
| Woon saam, is geskei of is wewenaar/weduwee | 32 | 69.6 | 8 | 17.4 | 4 | 8.7 | 2 | 4.3 | 46 | 100.0 | 30 | 76.9 | 6 | 15.4 | 2 | 5.1 | 1 | 2.6 | 39 | 100.0 |
| TOTAAL | 405 | 77.0 | 66 | 12.5 | 39 | 7.4 | 16 | 3.0 | 526 | 100.0 | 240 | 81.3 | 35 | 11.9 | 11 | 3.7 | 9 | 3.1 | 295 | 100.0 |

$X^2 = 22.9146$; $p < .1\%$ $\qquad$ $X^2 = 4.8310$; $70\% > p > 50\%$

TABEL 4.6

DIE MOTIEF VIR BANTOEBIERGEBRUIK BY GROEPE WAT VERSKILLENDE HOEVEELHEDE BANTOEBIER GEBRUIK

| Eenhede Bantoebier gebruik | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Fisiologies georiënteerde redes | | Seremoniële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | | Fisiologies georiënteerde redes | | Seremoniële redes | | Psigologies-individuele redes | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 48 | 73.8 | 10 | 15.4 | 2 | 3.1 | 5 | 7.7 | 65 | 100.0 | 45 | 76.3 | 9 | 15.3 | 0 | - | 5 | 8.5 | 59 | 100.0 |
| 1 - 9 eenhede | 211 | 76.7 | 36 | 13.1 | 22 | 8.0 | 6 | 2.2 | 275 | 100.0 | 120 | 80.5 | 17 | 11.4 | 9 | 6.0 | 3 | 2.0 | 149 | 100.0 |
| 10-30 eenhede | 146 | 78.5 | 20 | 10.8 | 15 | 8.1 | 5 | 2.7 | 186 | 100.0 | 75 | 86.2 | 9 | 10.3 | 2 | 2.3 | 1 | 1.1 | 87 | 100.0 |
| TOTAAL | 405 | 77.0 | 66 | 12.5 | 39 | 7.4 | 16 | 3.0 | 526 | 100.0 | 240 | 81.3 | 35 | 11.9 | 11 | 3.7 | 9 | 3.1 | 295 | 100.0 |

$X^2 = 8.3489$; $30\% > p > 20\%$

$X^2 = 13.2757$; $5\% > p > 2\%$

363479

patroon vir Bantoebier swaarder word.

## 4.9 DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY DIE TWEE STEEKPROEF-GROEPE

Figuur 4.2 is 'n grafiese voorstelling van die motief vir Blankedrankvoorkeur by die stedelike en landelike steekproefgroepe. Ook hier is 'n vierledige klassifikasie gemaak, te wete: redes betreffende smaak, alkoholiese sterkte, higiëniteit en gesondheid, en ander redes wat hoofsaaklik neerkom op praktiese oorwegings (Blankedrank kan makliker vervoer en gebêre word) en statusoorwegings.

Uit figuur 4.2 blyk dat die rangorde in belangrikheid van die verskillende motiewe by albei steekproefgroepe dieselfde is, nl. eers die redes betreffende alkoholiese sterkte (vergelyk tabel 4.7 vir die persentasieverspreiding: 37.4% en 45.3% onderskeidelik), dan die redes betreffende higiëniteit en gesondheid (28.1% en 28.3%) en die redes betreffende smaak (22.5% en 20.8%) en laastens „ander'' redes (12.0% en 5.7%).

## 4.10 DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY DIE TWEE GESLAGTE

In tabel 4.7 word die motief vir Blankedrankvoorkeur van mans en vroue getabelleer. Die verskille in die verspreiding van die mans en vroue se motiewe en dié van die totale groep is te gering om betekenisvolle tendense aan te dui. Dit blyk egter dat 'n groter persentasie van die mans as van die vroue by albei steekproefgroepe veral om redes betreffende alkoholiese sterkte Blankedrank verkies, 38.6 persent en 46.8 persent teenoor 35.0 persent en 40.7 persent onderskeidelik. Alhoewel die getal vroue by die landelike steekproef wat Blankedrank verkies, baie klein is, is daar by albei steekproefgroepe se vroue die neiging om 'n groter persentasie as die mans in te sluit wat veral om „ander'' redes Blankedrank verkies. 'n Groter persentasie vroue van die stedelike steekproef as die mans verkies ook Blankedrank vanweë die smaak daarvan.

## 4.11 DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY OUDERDOMSGROEPE

In tabel 4.8 word die ouderdom van die proefpersoon met sy motief vir Blankedrankvoorkeur in verband gebring. Dit blyk dat 'n groter persentasie van die 31 tot 50 jaar-ouderdomsgroep as die verwagte by albei steekproefgroepe veral vanweë Blankedrank se alkoholiese sterkte dié dranksoort verkies; stedelike steekproef, 40.2 persent teenoor 37.4 persent en landelike steekproef, 50.8 persent teenoor 45.3 persent. Dit is interessant om daarop te let dat dit ook juis hierdie ouderdomsgroep is wat 'n heelwat groter persentasie drankgebruikers oplewer (tabel 3.2) en ook 'n swaarder drankgebruikpatroon as die totale groep het (tabel 7.2). Die feit dat Blankedrank deur hierdie ouderdomsgroep in 'n groter mate as deur die totale groep veral vanweë die alkoholiese sterkte daarvan verkies word, hang blykbaar saam met hierdie swaarder drankgebruikpatroon.

Waar die 15-30 jaar- en die 51 jaar-en-ouer-ouderdomsgroepe by die stedelike steekproef in 'n groter mate as die totale groep vanweë smaakredes Blankedrank verkies, verkies 'n groter persentasie van dié ouderdomsgroepe as die totale groep by die landelike steekproef Blankedrank vanweë higiëniteitsredes; 24.4 persent en 30.0 persent teenoor 22.5 persent en 36.8 persent en 37.5 persent teenoor 28.3 persent onderskeidelik.

## 4.12 DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY ONDERWYSPEILGROEPE

In tabel 4.9 word die proefpersoon se motief vir Blankedrankvoorkeur met sy onderwyspeil in verband gebring. Anders as wat die geval was met tabel 4.5 kan hier 'n duidelike tendens onderskei word: by albei steekproefgroepe neig die persentasie persone wat veral vanweë Blankedrank se alkoholiese sterkte dié dranksoort verkies om toe te neem namate die onderwyspeilgroep persone met 'n hoër onderwyspeil insluit: stedelike steekproef 34.3 persent, 36.2 persent en 39.9 persent en landelike steekproef, 39.6 persent, 46.2 persent en 57.9 persent. Die hoogste onderwyspeilgroep bevat egter nie slegs 'n groter persentasie persone as die verwagte wat veral vanweë alkoholiese sterkte Blankedrank verkies nie, maar

FIGUUR 4.2

DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY DIE

TWEE STEEKPROEFGROEPE



TABEL 4.7

DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY DIE TWEE GESLAGTE

| Geslag | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Mans | 55 | 21.7 | 98 | 38.6 | 75 | 29.5 | 26 | 10.2 | 254 | 100.0 | 17 | 21.5 | 37 | 46.8 | 22 | 27.8 | 3 | 3.8 | 79 | 100.0 |
| Vroue | 29 | 24.2 | 42 | 35.0 | 30 | 25.0 | 19 | 15.8 | 120 | 100.0 | 5 | 18.5 | 11 | 40.7 | 8 | 29.6 | 3 | 11.1 | 27 | 100.0 |
| TOTAAL | 84 | 22.5 | 140 | 37.4 | 105 | 28.1 | 45 | 12.0 | 374 | 100.0 | 22 | 20.8 | 48 | 45.3 | 30 | 28.3 | 6 | 5.7 | 106 | 100.0 |

$X^2$ = 3.2264; 50% > p > 30%

$X^2$ = 2.1765; 70% > p > 50%

TABEL 4.8

MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY OUDERDOMSGROEPE

| Ouderdom | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 15-30 jaar | 33 | 24.4 | 51 | 37.8 | 34 | 25.2 | 17 | 12.6 | 135 | 100.0 | 4 | 21.1 | 7 | 36.8 | 7 | 36.8 | 1 | 5.3 | 19 | 100.0 |
| 31-50 jaar | 33 | 18.4 | 72 | 40.2 | 53 | 29.6 | 21 | 11.7 | 179 | 100.0 | 13 | 20.6 | 32 | 50.8 | 14 | 22.2 | 4 | 6.3 | 63 | 100.0 |
| 51 jaar en ouer | 18 | 30.0 | 17 | 28.3 | 18 | 30.0 | 7 | 11.7 | 60 | 100.0 | 5 | 20.8 | 9 | 37.5 | 9 | 37.5 | 1 | 4.2 | 24 | 100.0 |
| TOTAAL | 84 | 22.5 | 140 | 37.4 | 105 | 28.1 | 45 | 12.0 | 374 | 100.0 | 22 | 20.8 | 48 | 45.3 | 30 | 28.3 | 6 | 5.7 | 106 | 100.0 |

$x^2 = 5.3461$; $50\% > p > 30\%$

TABEL 4.9

DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY ONDERWYSPEILGROEPE

| Onderwyspeil | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nooit skool gegaan nie | 21 | 31.3 | 23 | 34.3 | 18 | 26.9 | 5 | 7.5 | 67 | 100.0 | 11 | 22.9 | 19 | 39.6 | 14 | 29.2 | 4 | 8.3 | 48 | 100.0 |
| Skoolbywoning in substanderd A tot st. 4 geslaag | 36 | 24.2 | 54 | 36.2 | 40 | 26.8 | 19 | 12.8 | 149 | 100.0 | 11 | 28.2 | 18 | 46.2 | 9 | 23.1 | 1 | 2.6 | 39 | 100.0 |
| St. 5 geslaag - verwerwing van universiteitsgraad | 27 | 17.1 | 63 | 39.9 | 47 | 29.7 | 21 | 13.3 | 158 | 100.0 | 0 | - | 11 | 57.9 | 7 | 36.8 | 1 | 5.3 | 19 | 100.0 |
| TOTAAL | 84 | 22.5 | 140 | 37.4 | 105 | 28.1 | 45 | 12.0 | 374 | 100.0 | 22 | 20.8 | 48 | 45.3 | 30 | 28.3 | 6 | 5.7 | 106 | 100.0 |

$X^2 = 6.7634; \; 50\% > p > 30\%$

ook 'n groter persentasie persone as die totale groep wat vanweë higiëniteits- en gesondheidsredes Blankedrank verkies, stedelike steekproef 29.7 persent teenoor 28.1 persent en landelike steekproef 36.8 persent teenoor 28.3 persent.

Die feit dat die hoogste onderwyspeilgroep 'n swaarder drankgebruikpatroon as die totale groep het (tabel 7.4) en dan ook in 'n groter mate as die totale groep Blankedrank verkies (tabel 6.5), hang saam met die verspreiding in tabel 4.6. Omdat die hoogste onderwyspeilgroep 'n swaarder drankgebruikpatroon as die verwagte vertoon, doen dit nie vreemd voor nie dat hierdie onderwyspeilgroep in 'n groter mate as die verwagte, Blankedrank vanweë die alkoholiese sterkte daarvan bo Bantoebier verkies.

## 4.13 DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY INKOMSTEGROEPE

In tabel 4.10 word die motief vir Blankedrankvoorkeur met die inkomste van die proefpersone gekorreleer. Namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, styg die persentasie persone by albei steekproefgroepe wat vanweë higiëniteits- en gesondheidsredes en redes betreffende alkoholiese sterkte Blankedrank verkies en daal die persentasie wat veral vanweë die besondere smaak van Blankedrank dié dranksoort verkies. Die inkomstegroep met die kleinste inkomste per maand sluit dus 'n groter persentasie persone in as die verwagte wat vanweë die smaak Blankedrank verkies, 33.3 persent teenoor 22.5 persent en 27.1 persent teenoor 20.8 persent by die stedelike en landelike steekproefgroepe onderskeidelik. Die groepe met die hoogste inkomste per maand sluit weer 'n groter persentasie persone in as die totale groep wat vanweë alkoholiese sterkte en higiëniteitsredes Blankedrank verkies, nl. 41.3 persent teenoor 37.4 persent en 31.9 persent teenoor 28.1 persent by die stedelike en 57.1 persent teenoor 45.3 persent en 42.9 persent teenoor 28.3 persent by die landelike steekproef.

Hierdie verspreidings hang blykbaar saam met die feit dat die hoogste inkomstegroep 'n swaarder drankgebruikpatroon as die totale vertoon (tabel 7.5).

## 4.14 DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY HUWELIKSTAATGROEPE

Tabel 4.11 is 'n tabellasie van die motief vir Blankedrankvoorkeur by verskillende huwelikstaatgroepe. Behalwe vir die „ongetroudes" se groter persentasie as die verwagte wat veral om smaakredes Blankedrank verkies (stedelike steekproef: 32.6% teenoor 22.5% en landelike steekproef: 23.1% teenoor 20.8%), toon hierdie tabel geen betekenisvolle verspreidings nie.

## 4.15 DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT VERSKILLENDE HOEVEELHEDE DRANK GEBRUIK

Tabel 4.12 is 'n tabellasie van die motief vir Blankedrankvoorkeur by groepe wat verskillende hoeveelhede drank gedurende sewe dae gedrink het. By die stedelike steekproef kan 'n duidelike tendens onderskei word: namate die drankgebruikers se aantal eenhede verbruikte drank hoër is, word 'n groter persentasie ingesluit wat veral vanweë Blankedrank se alkoholiese sterkte en om higiëniteitsredes Blankedrank verkies terwyl 'n kleiner persentasie van die drankgebruikers om smaakredes Blankedrank sou verkies namate die verbruikte drankeenhede hoër is. Hierdie tendens word by die landelike steekproef ondersteun deur die groter persentasie persone as die verwagte uit die hoogste verbruiksgroep wat vanweë Blankedrank se alkoholiese sterkte dié dranksoort verkies, 56.1 persent teenoor 45.3 persent.

Dit wil voorkom asof 'n hoë graad van drankgebruik neig om gepaard te gaan met voorkeur aan Blankedrank veral om higiëniteits redes en vanweë die alkoholiese sterkte daarvan.

## 4.16 SAMEVATTING

4.16.1 Ongeveer vier-vyfdes van die Bantoes van albei steekproefgroepe beweer dat hulle veral om fisiologies-georiënteerde redes Bantoebier gebruik.

TABEL 4.10

DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY INKOMSTEGROEPE

| Inkomste per maand | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| R10 en minder | 19 | 33.3 | 19 | 33.3 | 14 | 24.6 | 5 | 8.8 | 57 | 100.0 | 16 | 27.1 | 26 | 44.1 | 13 | 22.0 | 4 | 6.8 | 59 | 100.0 |
| R11 - 30 | 48 | 26.8 | 64 | 35.8 | 47 | 26.3 | 20 | 11.2 | 179 | 100.0 | 6 | 15.0 | 18 | 45.0 | 14 | 35.0 | 2 | 5.0 | 40 | 100.0 |
| R31 en meer | 17 | 12.3 | 57 | 41.3 | 44 | 31.9 | 20 | 14.5 | 138 | 100.0 | 0 | - | 4 | 57.1 | 3 | 42.9 | 0 | - | 7 | 100.0 |
| TOTAAL | 84 | 22.5 | 140 | 37.4 | 105 | 28.1 | 45 | 12.0 | 374 | 100.0 | 22 | 20.8 | 48 | 45.3 | 30 | 28.3 | 6 | 5.7 | 106 | 100.0 |

$X^2 = 14.2569;\ 5\% > p > 2\%$

TABEL 4.11

DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY HUWELIKSTAATGROEPE

| Huwelikstaat | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nie getroud nie | 31 | 32.6 | 36 | 37.9 | 18 | 18.9 | 10 | 10.5 | 95 | 100.0 | 3 | 23.1 | 5 | 38.5 | 4 | 30.8 | 1 | 7.7 | 13 | 100.0 |
| Op 'n erkende manier getroud | 45 | 18.2 | 92 | 37.2 | 77 | 31.2 | 33 | 13.4 | 247 | 100.0 | 18 | 22.2 | 37 | 45.7 | 22 | 27.2 | 4 | 4.9 | 81 | 100.0 |
| Woon saam, is geskei of is wewenaar/weduwee | 8 | 25.0 | 12 | 37.5 | 10 | 31.3 | 2 | 6.3 | 32 | 100.0 | 1 | 8.3 | 6 | 50.0 | 4 | 33.3 | 1 | 8.3 | 12 | 100.0 |
| TOTAAL | 84 | 22.5 | 140 | 37.4 | 105 | 28.1 | 45 | 12.0 | 374 | 100.0 | 22 | 20.8 | 48 | 45.3 | 30 | 28.3 | 6 | 5.7 | 106 | 100.0 |

$X^2 = 11.6636$; $10\% > p > 5\%$

$X^2 = 1.6988$; $95\% > p > 90\%$

TABEL 4.12

DIE MOTIEF VIR BLANKEDRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK

| Eenhede drank gebruik gedurende die 7 dae wat die opname voorafgegaan het | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | | Redes betreffende smaak | | Redes betreffende alkoholiese sterkte | | Redes betreffende higiëniteit en gesondheid | | Ander redes | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 23 | 41.1 | 14 | 25.0 | 13 | 23.2 | 6 | 10.7 | 56 | 100.0 | 5 | 21.7 | 9 | 39.1 | 8 | 34.8 | 1 | 4.3 | 23 | 100.0 |
| 1 tot 12 eenhede | 33 | 27.7 | 36 | 30.3 | 31 | 26.0 | 19 | 16.0 | 119 | 100.0 | 11 | 26.2 | 16 | 38.1 | 10 | 23.8 | 5 | 11.9 | 42 | 100.0 |
| 13 eenhede en meer | 28 | 14.1 | 90 | 45.2 | 61 | 30.7 | 20 | 10.1 | 199 | 100.0 | 6 | 14.6 | 23 | 56.1 | 12 | 29.3 | 0 | - | 41 | 100.0 |
| TOTAAL | 84 | 22.5 | 140 | 37.4 | 105 | 28.1 | 45 | 12.0 | 374 | 100.0 | 22 | 20.8 | 48 | 45.3 | 30 | 28.3 | 6 | 5.7 | 106 | 100.0 |

$X^2 = 26.9030; \; p < .1\%$

$X^2 = 9.0174; \; 20\% > p > 10\%$

4.16.2 Die verskille by mans en vroue in die motiveringstendense vir die gebruik van Bantoebier is te gering om betekenisvolle tendense aan te dui.

4.16.3 By die stedelike steekproef neem die belangrikheid van seremoniële redes toe en dié van psigologies-individuele redes af as motief vir Bantoebiergebruik, namate die ouderdom hoër is.

4.16.4 Namate die Bantoebiereenhede wat verbruik word, hoër is, is die persentasie Bantoebierdrinkers wat veral om fisiologies-georiënteerde redes drink, groter terwyl die persentasie wat veral om seremoniële redes drink, kleiner is.

4.16.5 Die grootste enkele motief vir die voorkeur aan Blankedrank is die alkoholiese sterkte daarvan.

4.16.6 'n Groter persentasie van die 31 tot 50 jaar-ouderdomsgroep as die totale groep verkies Blankedrank vanweë die alkoholiese sterkte daarvan.

4.16.7 Die belangrikheid van die voorkeur aan Blankedrank vanweë die alkoholiese sterkte daarvan neem toe namate die onderwyspeil hoër is.

4.16.8 Namate die inkomste hoër is, styg die persentasie persone by die verskillende inkomstegroepe wat vanweë higiëniteits- en gesondheids redes en redes betreffende alkoholiese sterkte Blankedrank verkies, en daal die persentasie wat veral vanweë die besondere smaak van Blankedrank dié dranksoort nuttig.

4.16.9 'n Hoër graad van drankgebruik neig om gepaard te gaan met die voorkeur aan Blankedrank veral om higiëniteitsredes en vanweë die alkoholiese sterkte daarvan.

## HOOFSTUK 5

## DRANKGEBRUIKGROEPE

### 5.1 INLEIDING

Vir die ontleding in hierdie hoofstuk is die 646 drankgebruikers van die stedelike steekproef en die 316 drankgebruikers van die landelike steekproef in verskillende drankgebruikgroepe ingedeel:

(a) Bantoebierdrinkers: dit sluit drankgebruikers in wat net Bantoebier gebruik.

(b) Blankedrankdrinkers: drankgebruikers wat geen ander dranksoorte as net Blankedranksoorte gebruik nie.

(c) Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers: dit is drankgebruikers wat hierdie twee dranksoorte nuttig, maar nooit brouselsgebruik nie.

(d) Drinkers van alle dranksoorte, met ander woorde drankgebruikers wat wel al drie die verskillende dranksoorte gebruik.

(e) Brouseldrinkers. Daar is geen proefpersone gevind wat van die drie dranksoorte net brousels gebruik nie. Dus omvat hierdie groep eintlik drinkers wat òf brousels en Bantoebier òf brousels en Blankedrank drink.

Met hierdie hoofstuk wil vasgestel word of die gebruikers van bepaalde dranksoorte as 'n groep bepaalde eienskappe vertoon wat hul onderskei van gebruikers van ander dranksoorte. Die aandag word hoofsaaklik bepaal by die Bantoebierdrinkers, Blankedrankdrinkers en Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers. Weens die klein getalseenhede van brouseldrinkers en drinkers van alle dranksoorte kan betekenisvolle tendense selde ten opsigte van dié groepe onderskei word. Dit gebeur dan ook dat laasgenoemde twee groepe saam geklassifiseer word (vgl. tabel 5.2).

### 5.2 DIE GEBRUIK VAN VERSKILLENDE DRANKSOORTE

Allereers moet vasgestel word in watter mate die drankgebruikers van die twee steekproewe die verskillende dranksoorte ooit nuttig.

In tabel 5.1 word die gebruik, sonder inagneming van die kwantiteit wat verbruik word, van die verskillende dranksoorte by die drankgebruikers onder die soeklig geplaas.

Meer as vier-vyfdes van die proefpersone by die twee steekproewe gebruik Bantoebier (stedelike steekproef 81.4% en landelike steekproef 93.4%), tussen drie- en vier-vyfdes gebruik onder andere in die een of ander graad Blankedrank (stedelike steekproef 80.2% en landelike steekproef 62.7%), ondanks die feit dat die wet dit verbied het, terwyl nie eers een-vyfde nie van die proefpersone beweer dat hulle brousels gebruik (stedelike steekproef 13.0% en landelike steekproef 17.1%).

Die persentasie drankgebruikers wat nooit Bantoebier gebruik nie, is aanmerklik meer by die stedelike steekproef (18.6%) as by die landelike steekproef waar slegs 6.6 persent van die drankgebruikers nooit Bantoebier gebruik nie. In die stedelike steekproef, aan die anderkant, kom die persentasie drankgebruikers wat nooit Blankedrank gebruik nie, op feitlik dieselfde persentasie te staan as die wat nooit Bantoebier gebruik nie: 19.8 persent, terwyl die ooreenstemmende persentasie vir die landelike steekproef 37.3 persent is. Dit wil voorkom asof die faktor van verstedeliking bepaald verband hou met die persentasie Bantoes wat Blankedrank gebruik. Dit verbaas geensins nie want Bantoebier word immers as die nasionale drank van die Suid-Afrikaanse Bantoe beskou, en alhoewel dié dranksoort nie in alle dele van die Republiek op dieselfde wyse gebrou word nie, bly dit vir die tradisionele Bantoe 'n ligte drank hoofsaaklik berei deur die gisting van graan; die maak van gedistilleerde drank is vir hom "vreemd".

TABEL 5.1

DIE GEBRUIK VAN VERSKILLENDE DRANKSOORTE

| Dranksoort | Stedelike steekproef | | | | | | Landelike steekproef | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gebruik dranksoort | | Gebruik nie dranksoort nie | | Totaal | | Gebruik dranksoort | | Gebruik nie dranksoort nie | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Bantoebier | 526 | 81.4 | 120 | 18.6 | 646 | 100.0 | 295 | 93.4 | 21 | 6.6 | 316 | 100.0 |
| Blankedrank | 518 | 80.2 | 128 | 19.8 | 646 | 100.0 | 198 | 62.7 | 118 | 37.3 | 316 | 100.0 |
| Brousels | 84 | 13.0 | 562 | 87.0 | 646 | 100.0 | 54 | 17.1 | 262 | 82.9 | 316 | 100.0 |

## 5.3 DRANKGEBRUIKGROEPE BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE

Figuur 5.1 is 'n grafiese voorstelling van die grootte van die drankgebruikgroepe by die twee steekproewe. Terwyl daar na verhouding 'n kleiner persentasieverskil by die drinkers van sowel Bantoebier as Blankedrank merkbaar is wanneer die twee steekproewe met mekaar vergelyk word (volgens tabel 5.2 omsluit dié groep by die stedelike steekproef 52.0% en 47.5% by die landelike steekproef van alle drankgebruikers), is daar wat die persentasiegrootte van die Bantoebierdrinkers en die Blankedrankdrinkers betref, groot verskille onderskeibaar: die landelike steekproef se Bantoebierdrinkers en Blankedrankdrinkers tel onderskeidelik 29.7 persent en 5.7 persent teenoor die stedelike steekproef se 17.7 persent en 17.3 persent. By albei steekproewe vorm die drinkers van sowel Blankedrank as Bantoebier die grootste groep. By die stedelike steekproef word hierdie groep gevolg deur die twee feitlik ewe groot groepe, naamlik Bantoebierdrinkers en Blankedrankdrinkers en daarna volg die groep wat brouseldrinkers en drinkers van al drie dranksoorte insluit. Die landelike steekproef toon dieselfde patroon behalwe vir die belangrike verskil dat die Blankedrankgroep hier die laaste plek inneem.

## 5.4 DRANKGEBRUIKGROEPE BY DIE TWEE GESLAGTE

Die drankgebruikgroepe by die twee geslagte word in tabel 5.2 getabelleer. By sowel die stedelike as landelike steekproef sluit die vroue 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers in as wat die geval met die totale groep is, stedelike steekproef 25.5 persent teenoor die hele groep se 17.3 persent en landelike steekproef 8.8 persent teenoor 5.7 persent. By albei steekproewe neig die mans weer om 'n groter persentasie drinkers-van-Blankedrank-en-Bantoebier as die totale groep te hê, naamlik stedelike steekproef 57.5 persent teenoor 52.0 persent en landelike steekproef 55.2 persent teenoor 47.5 persent. Kenmerkend verder is die groter persentasie van die vroue by die landelike steekproef wat slegs Bantoebier drink, 34.4 persent teenoor die totale groep se persentasie van 29.7 persent, en - wellis-waar in geringer mate - die vroue se groter persentasie brouseldrinkers en drinkers-van-alle-dranksoorte by die stedelike steekproef (16.2% teenoor die totale groep se 13.0%).

As die verspreiding van die totale groep in gedagte gehou word, wil dit voorkom dat waar die vrou 'n groter geneigdheid toon om van Bantoebier en Blankedrank slegs één dranksoort te drink, die mans neig tot 'n „sintese": sowel Bantoebier as Blankedrank.

## 5.5 DRANKGEBRUIKGROEPE BY OUDERDOMSGROEPE

Tabel 5.3 is 'n tabellasie van die drankgebruikgroepe by ouderdomsgroepe. Dit is opvallend dat die jongste ouderdomsgroep (diegene 15 tot 30 jaar) by die stedelike steekproef 'n groter persentasie persone insluit wat net Blankedrank nuttig (25.4%), en 'n groter persentasie Bantoebiergebruikers by die landelike steekproef (35.7%) as wat die onderskeie persentasies by alle ouderdomsgroepe is, 17.3 persent en 29.7 persent onderskeidelik.

Die sogenaamde middeljarige ouderdomsgroep (die groep met persone tussen 31 en 50 jaar) het by albei steekproewe weer 'n groter persentasie drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank as die verwagte, naamlik 55.7 persent teenoor 52.0 persent by die stedelike steekproef, en 52.5 persent teenoor 47.5 persent by die landelike steekproef.

By die ouer ouderdomsgroep (diegene 51 jaar en ouer) vind 'n mens 'n kleiner persentasie Blankedrankdrinkers as die verwagte, 12.7 persent teenoor 17.3 persent; en 'n groter persentasie as die verwagte drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank by die stedelike steekproef, 55.4 persent teenoor 52.0 persent. By die landelike steekproef het hierdie ouderdomsgroep 'n groter persentasie brouseldrinkers as wat alle ouderdomsgroepe het, 14.3 persent teenoor 8.5 persent.

Hierdie tendense is insiggewend: as die verspreiding van die totale groep in gedagte gehou word, neig die jong Bantoe (dié tussen 15 en 30 jaar) van die ste-

FIGUUR 5.1

DRANKGEBRUIKGROEPE BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE



TABEL 5.2

DRANKGEBRUIKGROEPE BY DIE TWEE GESLAGTE

| Geslag | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoebier-drinkers | | Blankedrank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blanke-drank | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | | Bantoebier-drinkers | | Blankedrank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blanke-drank | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Mans | 77 | 17.4 | 60 | 13.6 | 254 | 57.5 | 51 | 11.5 | 442 | 100.0 | 45 | 22.2 | 8 | 3.9 | 112 | 55.2 | 38 | 18.7 | 203 | 100.0 |
| Vroue | 37 | 18.1 | 52 | 25.5 | 82 | 40.2 | 33 | 16.2 | 204 | 100.0 | 49 | 34.4 | 10 | 8.8 | 38 | 33.6 | 16 | 14.2 | 113 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.7 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 84 | 13.0 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 54 | 17.1 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 21.7839$; $p < .1\%$ $\qquad$ $X^2 = 22.0149$; $p < .1\%$

TABEL 5.3

DRANKGEBRUIKGROEPE BY OUDERDOMSGROEPE

**Stedelike steekproef**

| Ouderdom | Bantoebier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 15-30 jaar | 36 | 17.2 | 53 | 25.4 | 93 | 44.5 | 6 | 2.9 | 21 | 10.0 | 209 | 100.0 |
| 31-50 jaar | 58 | 17.7 | 45 | 13.8 | 182 | 55.7 | 12 | 3.7 | 30 | 9.2 | 327 | 100.0 |
| 51 jaar en ouer | 20 | 18.2 | 14 | 12.7 | 61 | 55.4 | 4 | 3.6 | 11 | 10.0 | 110 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 |

**Landelike steekproef**

| Ouderdom | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 15-30 jaar | 25 | 35.7 | 3 | 4.3 | 27 | 38.6 | 4 | 5.7 | 11 | 15.7 | 70 | 100.0 |
| 31-50 jaar | 45 | 27.8 | 10 | 6.2 | 85 | 52.5 | 11 | 6.8 | 11 | 6.8 | 162 | 100.0 |
| 51 jaar en ouer | 24 | 28.6 | 5 | 6.0 | 38 | 45.2 | 12 | 14.3 | 5 | 6.0 | 84 | 100.0 |
| TOTAAL | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

Stedelike steekproef: $X^2 = 23.5788;\ 5\% > p > 2\%$

Landelike steekproef: $X^2 = 16.5261;\ 20\% > p > 10\%$

delike gebiede na 'n groter gebruik van Blankedrank alleen, teenoor sy landelike makker se groter geneigdheid tot die gebruik van slegs Bantoebier, heelwaarskynlik as gevolg van sowel 'n sterk stamgebondenheid as die „onverkrygbaarheid", wetlik en finansieël, van Blankedrank. Hierteenoor neig die ouer Bantoe (ouer as 30 jaar) van die stedelike gebiede om groter voorkeur as die totale groep te gee aan sowel Bantoebier as Blankedrank.

## 5.6 DRANKGEBRUIKGROEPE BY BEROEPSGROEPE

In tabel 5.4 word die drankgebruikgroepe waarin die proefpersone val, met hul beroep in verband gebring. Uit hierdie tabel blyk dit dat persone in professionele, tegniese en ander „statusgewende" beroepe neig om 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers as die verwagte, in te sluit, stedelike steekproef 36.8 persent teenoor 17.3 persent en landelike steekproef, waar die getalle egter baie klein is, 37.5 persent teenoor 5.7 persent. By die stedelike steekproef sluit die beroepsgroep „eienaars van ondernemings" aan by die so pas bespreekte groep, wat betref sowel status as die groter persentasie Blankedrankdrinkers as die verwagte wat dit insluit, 35.0 persent teenoor 17.3 persent. By die landelike steekproef, waar hierdie beroepsgroep feitlik uitsluitlik bestaan uit selfstandige boere, is die hoë persentasie brouseldrinkers opvallend, 13.3 persent teenoor die verwagte 8.5 persent. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat brousels dikwels in die landelike gebiede deur 'n gistingsproses berei word, skaars 2% van sy volume alkohol bevat en eintlik „Bantoebier" is.

Die arbeidergroep neig weer op sy beurt om 'n kleiner persentasie Blankedrankdrinkers in te sluit as wat op grond van die verspreiding van die totale groep verwag word, stedelike steekproef 6.2 persent teenoor 17.3 persent en landelike steekproef 0.9 persent teenoor 5.7 persent. 'n Groter persentasie van hierdie beroepsgroep as van die totale groep word uitgemaak deur die Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers, stedelike steekproef 56.8 persent teenoor 52.0 persent en landelike steekproef 64.1 persent teenoor 47.5 persent en deur die Bantoebierdrinkers by die stedelike steekproef met 'n persentasie van 21.6 persent teenoor die verwagte 17.6 persent. By die landelike steekproef maak die Bantoebierdrinkers oënskynlik 'n kleiner persentasie van die arbeidergroep uit maar dit moet toegeskryf word aan die baie drankgebruikers wat hierdie drinkersgroep moet afstaan aan die Bantoebier-en-Blankedrankgroep waar die meerderheid drankgebruikers slegs een keer per jaar, bv. met Kerstyd of Nuwejaar Blankedrank ontvang en dus in die praktyk eintlik Bantoebierdrinkers is.

By die nie-ekonomies-bedrywige-groep wat hoofsaaklik uit huisvroue bestaan, is daar 'n groter persentasie persone as die verwagte wat slegs Bantoebier nuttig, stedelike steekproef 26.0 persent teenoor 17.6 persent en landelike steekproef 41.7 persent teenoor 29.7 persent; 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers by die stedelike steekproef, 24.0 persent teenoor 17.3 persent, en 'n kleiner persentasie Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers, stedelike steekproef 37.0 persent teenoor 52.0 persent en landelike steekproef 33.3 persent teenoor 47.5 persent.

Wat die arbeidergroep en die nie-ekonomies-bedrywige-groep betref, is dit opvallend dat feitlik dieselfde verspreidings aangetref word as dié wat in tabel 5.2 ten opsigte van mans (:die arbeidergroep bestaan hoofsaaklik uit mans) en ten opsigte van vroue (:die nie-ekonomies-bedrywige-groep bestaan hoofsaaklik uit vroue) onderskei is. Wat die professionele en ander „statusgewende" beroepsgroepe betref, lyk dit veilig om te aanvaar dat die gebruik van Blankedrank by die Bantoe saamhang met sy beroepstatus. Blankedrank is dus statusgewend. Ook was die persoon in die „statusgewende" beroep beter as die persoon in ander beroepe in staat om permitte vir die koop van Blankedrank te bekom.

## 5.7 DRANKGEBRUIKGROEPE BY ONDERWYSPEILGROEPE

Die onderwyspeil by die verskillende drankgebruikgroepe word in tabel 5.5 getabelleer. Terwyl die groep wat nooit skool gegaan het nie, 'n groter persentasie Bantoebierdrinkers as die verwagte insluit, stedelike steekproef 34.3 persent teenoor 17.6 persent en landelike steekproef 36.3 persent teenoor 29.7

TABEL 5.4

DRANKGEBRUIKGROEPE BY BEROEPSGROEPE

| Beroepsoort | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoebierdrinkers | | Blankedrankdrinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | | Bantoebierdrinkers | | Blankedrankdrinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier Blankedrank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Arbeiders: Plaasarbeiders; myn- en ander bedryfsarbeiders; vissers | 38 | 21.6 | 11 | 6.2 | 100 | 56.8 | 6 | 3.4 | 21 | 11.9 | 176 | 100.0 | 23 | 21.7 | 1 | 0.9 | 68 | 64.1 | 4 | 3.8 | 10 | 9.4 | 106 | 100.0 |
| Persone in professionele, tegniese en ander „geleerde" beroepe | 3 | 5.3 | 21 | 36.8 | 27 | 47.4 | 0 | - | 6 | 10.5 | 57 | 100.0 | 0 | - | 3 | 37.5 | 4 | 50.0 | 0 | - | 1 | 12.8 | 8 | 100.0 |
| Persone betrokke by aflewerings-, vervoer- en veiligheidsdienste en huis- en tuin bediendes | 42 | 16.0 | 45 | 17.2 | 144 | 55.0 | 10 | 3.8 | 21 | 8.0 | 262 | 100.0 | 20 | 35.7 | 3 | 5.4 | 21 | 37.5 | 6 | 10.7 | 6 | 10.7 | 56 | 100.0 |
| Voltydse studente, skoliere en huisvroue en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie | 26 | 26.0 | 24 | 24.0 | 37 | 37.0 | 4 | 4.0 | 9 | 9.0 | 100 | 100.0 | 30 | 41.7 | 6 | 8.3 | 24 | 33.3 | 8 | 11.1 | 4 | 5.6 | 72 | 100.0 |
| Persone met eie onderneming bv. handelaars en selfstandige boere | 2 | 10.0 | 7 | 35.0 | 10 | 50.0 | 0 | - | 1 | 5.0 | 20 | 100.0 | 14 | 23.3 | 4 | 6.7 | 29 | 48.3 | 8 | 13.3 | 5 | 8.3 | 60 | 100.0 |
| Werkloses | 3 | 9.7 | 4 | 12.9 | 18 | 58.1 | 2 | 6.5 | 4 | 12.9 | 31 | 100.0 | 7 | 50.0 | 1 | 7.1 | 4 | 28.6 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 14 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

TABEL 5.5

DRANKGEBRUIKGROEPE BY ONDERWYSPEILGROEPE

| Onderwyspeil | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blanke-drank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blanke-drank en brousels | | Totaal | | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blanke drank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blanke-drank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nooit skool gegaan nie | 61 | 34.3 | 14 | 7.9 | 80 | 44.9 | 10 | 5.6 | 13 | 7.3 | 178 | 100.0 | 66 | 36.3 | 3 | 1.6 | 74 | 40.7 | 21 | 11.5 | 18 | 9.9 | 182 | 100.0 |
| Skoolbywoning in substanderd A - St. 4 geslaag | 37 | 14.5 | 37 | 14.5 | 141 | 55.3 | 4 | 1.6 | 36 | 14.1 | 255 | 100.0 | 25 | 24.0 | 9 | 8.7 | 58 | 55.8 | 5 | 4.8 | 7 | 6.7 | 104 | 100.0 |
| St. 5 geslaag - verwerwing van universiteitsgraad | 16 | 7.5 | 61 | 28.6 | 115 | 54.0 | 8 | 3.8 | 13 | 6.1 | 213 | 100.0 | 3 | 10.0 | 6 | 20.0 | 18 | 60.0 | 1 | 3.3 | 2 | 6.7 | 30 | 100.0 |
| TOTAAL | 174 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

$x^2 = 84.4440$; $p < .1\%$ $x^2 = 35.0303$; $p < .1\%$

persent, en aan die anderkant 'n heelwat kleiner persentasie Blankedrankdrinkers insluit, stedelike steekproef 7.9 persent teenoor 17.3 persent en landelike steekproef 1.6 persent teenoor 5.7 persent en ook 'n kleiner persentasie Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers, stedelike steekproef 44.9 persent teenoor 52.0 persent en landelike steekproef 40.7 persent teenoor 47.5 persent, toon die onderwyspeilgroep met die hoogste onderwyskwalifikasies, diegene wat standerd 5 of 'n hoër standerd geslaag het, feitlik presies die teenoorgestelde tendens: die insluiting van 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers (stedelike steekproef 28.6% teenoor 17.3% en landelike steekproef 20.0% teenoor 5.7%); en 'n groter persentasie Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers (landelike steekproef 60.0% teenoor 47.5% en stedelike steekproef 54.0% teenoor 52.0%) maar 'n kleiner persentasie Bantoebierdrinkers (stedelike steekproef 7.5% teenoor 17.6% en landelike steekproef 10.0% teenoor 29.7%).

Hierdie tendens is by albei steekproewe so duidelik dat 'n duidelik waarneembare reëlmaat veral ten opsigte van die eerste twee dranksoortgroepe te onderskei is: namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, neem die persentasie persone wat by die verskillende onderwyspeilgroepe slegs Bantoebier nuttig, geleidelik af, terwyl die persentasie persone wat van alle dranksoorte slegs Blankedrank gebruik, geleidelik toeneem.

Nie alleen 'n „statusgewende" beroep hou verband met die gebruik van slegs Blankedrank nie, maar ook 'n „statusgewende" onderwyspeil. Dieselfde verklaring wat ten opsigte van die verband tussen 'n „statusgewende" beroep en die gebruik van Blankedrank geld, is ook hier van toepassing.

## 5.8 DRANKGEBRUIKGROEPE BY GELETTERDHEIDSGROEPE

In tabel 5.6 word die drankgebruikgroep waarin die proefpersone val met hul graad van geletterdheid gekorreleer. Hierdie tabel vertoon dieselfde tendens as tabel 5.5. Die lees- en skryfkundiges sluit 'n kleiner persentasie as die verwagte persone in wat slegs Bantoebier nuttig, stedelike steekproef 12.0 persent teenoor 17.6 persent en landelike steekproef 16.9 persent teenoor 29.7 persent, teenoor die „ongeletterdes" se groter persentasie Bantoebierdrinkers as die verwagte, stedelike steekproef 33.1 persent teenoor 17.6 persent en landelike steekproef 38.0 persent teenoor 29.7 persent. Die persentasie Blankedrank-en Blanke drank-en-Bantoebierdrinkers by die lees- en skryfkundiges is weer groter as die verwagte, nl. stedelike steekproef 20.5 persent teenoor 17.3 persent en landelike steekproef 11.3 persent teenoor 5.7 persent en stedelike steekproef 55.1 persent teenoor 52.0 persent en landelike steekproef 59.7 persent teenoor 47.5 persent onderskeidelik. Vergelyk hierteenoor die analfabete se kleiner persentasie van 8.7 persent teenoor 17.3 persent en 43.6 persent teenoor 52.0 persent by die stedelike steekproef en 2.1 persent teenoor 5.7 persent en 39.6 persent teenoor 47.5 persent by die landelike steekproef.

Dieselfde verklaring wat by die verband tussen 'n hoë beroepstatus, 'n hoë onderwyspeil en die relatief groot persentasie Blankedrankdrinkers geld, geld ook hier.

## 5.9 DRANKGEBRUIKGROEPE BY INKOMSTEGROEPE

In tabel 5.7 kan in die korrelasie van inkomstegroepe met drinkersgroepe 'n duidelik waarneembare tendens onderskei word: namate die inkomstegroep proefpersone insluit wat vanweë hul hoër inkomste per maand in die betrokke groep betrek word, vind daar 'n afname plaas in die persentasie proefpersone wat slegs Bantoebier gebruik, by die stedelike steekproef, waar die verwagte persentasie 17.6 persent is, van 26.9 persent by die laagste inkomstegroep na 19.0 persent by die R11-30 inkomstegroep en 8.1 persent by die hoogste inkomstegroep; by die landelike steekproef, waar die verwagte persentasie 29.7 persent is, van 35.3 persent oor 19.8 persent na die hoogste inkomstegroep se 6.7 persent.

Die persentasie Blankedrankdrinkers neem aan die anderkant toe namate die inkomstegroep persone met hoër inkomstes insluit. Dieselfde tendens kan onderskei word ten opsigte van die Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers by die stedelike steekproef.

TABEL 5.6

DRANKGEBRUIKGROEPE BY GELETTERDHEIDSGROEPE

**Stedelike steekproef**

| Lees- en skryfvermoë | Bantoebierdrinkers Getal | Bantoebierdrinkers % | Blankedrankdrinkers Getal | Blankedrankdrinkers % | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank Getal | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank % | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels Getal | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels % | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels Getal | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels % | Totaal Getal | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kan lees en skryf | 57 | 12.0 | 97 | 20.5 | 261 | 55.1 | 13 | 2.7 | 46 | 9.7 | 474 | 100.0 |
| Kan nie lees en skryf nie | 57 | 33.1 | 15 | 8.7 | 75 | 43.6 | 9 | 5.2 | 16 | 9.3 | 172 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 |

$X^2 = 47.4255$; $p < .1\%$

**Landelike steekproef**

| Lees- en skryfvermoë | Bantoebierdrinkers Getal | Bantoebierdrinkers % | Blankedrankdrinkers Getal | Blankedrankdrinkers % | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank Getal | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank % | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels Getal | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels % | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels Getal | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels % | Totaal Getal | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kan lees en skryf | 21 | 16.9 | 14 | 11.3 | 74 | 59.7 | 6 | 4.8 | 9 | 7.3 | 124 | 100.0 |
| Kan nie lees en skryf nie | 73 | 38.0 | 4 | 2.1 | 76 | 39.6 | 21 | 10.9 | 18 | 9.4 | 192 | 100.0 |
| TOTAAL | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 32.5562$; $p < .1\%$

TABEL 5.7
DRANKGEBRUIKGROEPE BY INKOMSTEGROEPE

| Inkomste per maand | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| R10 en minder | 39 | 26.9 | 23 | 15.9 | 61 | 42.1 | 9 | 6.2 | 13 | 9.0 | 145 | 100.0 | 76 | 35.3 | 10 | 4.7 | 92 | 42.8 | 20 | 9.3 | 17 | 7.9 | 215 | 100.0 |
| R11 - 30 | 60 | 19.0 | 48 | 15.2 | 172 | 54.4 | 7 | 2.2 | 29 | 9.2 | 316 | 100.0 | 17 | 19.8 | 4 | 4.7 | 50 | 58.1 | 7 | 8.1 | 8 | 9.3 | 86 | 100.0 |
| R31 en meer | 15 | 8.1 | 41 | 22.2 | 103 | 55.7 | 6 | 3.2 | 20 | 10.8 | 185 | 100.0 | 1 | 6.7 | 4 | 26.7 | 8 | 53.3 | 0 | - | 2 | 13.3 | 15 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 29.0583; \; p < .1\%$

'n „Statusgewende" beroep, sowel 'n „statusgewende" onderwyspeil, as 'n „statusgewende" inkomste hou dus duidelik verband met die gebruik van slegs Blankedrank. 'n Feit wat van groot belang is, is dat dit juis die proefpersone van hierdie „statusgewende" kategorieë is, wat Blankedrank kan bekostig.

## 5.10 DRANKGEBRUIKGROEPE BY HUWELIKSTAATGROEPE

In tabel 5.8 word die drankgebruikgroepe waarin die proefpersone val met hul huwelikstaat in verband gebring. Dit is interessant dat die wettiglik getroude proefpersone se persentasies in die verskillende drankgebruikgroepe in 'n mate ooreenkom met die persentasies van al die huwelikstaatgroepe tesame, veral by die stedelike steekproef. Die nog-nie-getroudes daarenteen, dus uiteraard hoofsaaklik jonger persone, toon dan ook by albei steekproefgroepe in 'n geringe mate dieselfde tendense as wat die jongste ouderdomsgroepe (diegene 15-30 jaar) in tabel 5.3 ten opsigte van die Bantoebiergroep en Blankedrankgroep getoon het, nl. 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers by die stedelike steekproef as die verwagte: 21.5 persent teenoor 17.3 persent en 'n groter persentasie Bantoebierdrinkers by die landelike steekproef : 34.8 persent teenoor 29.7 persent. Hierdie verskynsel is moontlik deels daaraan toe te skryf dat die jonger ouderdomsgroep veel minder tradisiegebonde is.

Die persone wat saam met 'n man/vrou leef, en/of geskei is en/of weduwee/wewenaar is, het by albei steekproefgroepe 'n betekenisvolle groter persentasie drinkers van Bantoebier as die totale groep, nl. 22.4 persent teenoor 17.6 persent en 41.5 persent teenoor 29.7 persent by die stedelike en landelike steekproef onderskeidelik. 'n Moontlike hoër gemiddelde ouderdom mag in 'n mate vir hierdie verskynsel verantwoordelik wees.

## 5.11 DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT

Tabel 5.9 is 'n tabellasie van drankgebruikgroepe by groepe wat in verskillende grade die amptelike tale kan praat. In hierdie tabel kan duidelike tendense onderskei word. By die stedelike steekproef is daar 'n toenemende persentasie Blankedrankdrinkers waarneembaar namate eers die groep wat glad nie òf Afrikaans òf Engels kan praat nie in ag geneem word, dan die groep wat van die twee tale slegs Afrikaans kan praat, dan die „Engelssprekende" groep en laastens die groep wat albei amptelike tale kan praat, te wete 2.0 persent, 8.7 persent, 17.9 persent en 24.6 persent. Terwyl dieselfde persentuele toename waarneembaar is ten opsigte van die drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank, 44.1 persent, 49.5 persent, 53.6 persent en 54.7 persent, vind 'n byna konsekwente persentasie afname plaas ten opsigte van die Bantoebierdrinkers, naamlik 30.4 persent, 31.1 persent, 15.2 persent en 10.3 persent.

Hierdie tendense word by die landelike steekproef ondersteun deur die groter persentasie Bantoebierdrinkers van die groep wat geeneen van dié tale kan praat nie, die groter persentasie Blankedrankdrinkers van die proefpersone wat slegs Engels en 'en Engels 'en Afrikaans kan praat en die groter persentasie Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers van die groep wat sowel Afrikaans as Engels kan praat.

Waar die groep wat van die twee tale slegs Engels ken, se verspreiding nader staan aan die groep wat albei tale ken, staan die groep wat van die twee amptelike landstale slegs Afrikaans magtig is, nader aan die groep wat geeneen van die twee landstale kan praat nie. Die bevoegdheid om albei amptelike landstale te kan praat, hang blykbaar saam met die onderwyspeil van die proefpersone en ook met hul verblyf in òf Bantoegebiede òf Blankegebiede (kyk tabel 5.10), aangesien die aanraking met die Blankekultuur uiteraard die kennis van die amptelike tale vermeerder.

## 5.12 DRANKGEBRUIKGROEPE BY MOBILITEITSGROEPE

In tabel 5.10 word die drankgebruikgroepe van die twee steekproewe met die woongebied van die proefpersone in verband gebring.

TABEL 5.8

DRANKGEBRUIKGROEPE BY HUWELIKSTAATGROEPE

| Huwelikstaat | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoebierdrinkers | | Blankedrankdrinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | | Bantoebierdrinkers | | Blankedrankdrinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nie getroud nie | 27 | 17.1 | 34 | 21.5 | 75 | 47.5 | 8 | 5.1 | 14 | 8.9 | 158 | 100.0 | 16 | 34.8 | 1 | 2.2 | 22 | 47.8 | 2 | 4.3 | 5 | 10.9 | 46 | 100.0 |
| Op 'n erkende manier getroud | 74 | 17.2 | 67 | 15.6 | 237 | 55.1 | 12 | 2.8 | 40 | 9.3 | 430 | 100.0 | 61 | 26.6 | 15 | 6.5 | 111 | 48.5 | 24 | 10.5 | 18 | 7.9 | 229 | 100.0 |
| Woon saam, is geskei of is wewenaar/weduwee | 13 | 22.4 | 11 | 19.0 | 24 | 41.4 | 2 | 3.4 | 8 | 13.8 | 58 | 100.0 | 17 | 41.5 | 2 | 4.9 | 17 | 41.5 | 1 | 2.4 | 4 | 9.8 | 41 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

$x^2 = 8.8977$; $50\% > p > 30\%$

$x^2 = 8.9613$; $50\% > p > 30\%$

## TABEL 5.9

### DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT

| Amptelike tale wat gepraat kan word | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Praat nie een van die twee tale nie | 31 | 30.4 | 2 | 2.0 | 45 | 44.1 | 10 | 9.8 | 14 | 13.7 | 102 | 100.0 | 60 | 39.7 | 3 | 2.0 | 58 | 38.4 | 18 | 11.9 | 12 | 7.9 | 151 | 100.0 |
| Praat slegs Afrikaans | 32 | 31.1 | 9 | 8.7 | 51 | 49.5 | 1 | 1.0 | 10 | 9.7 | 103 | 100.0 | 17 | 19.8 | 5 | 5.8 | 53 | 61.6 | 4 | 4.7 | 7 | 8.1 | 86 | 100.0 |
| Praat slegs Engels | 17 | 15.2 | 20 | 17.9 | 60 | 53.6 | 5 | 4.5 | 10 | 8.9 | 112 | 100.0 | 7 | 18.9 | 5 | 13.5 | 17 | 45.9 | 4 | 10.8 | 4 | 10.8 | 37 | 100.0 |
| Praat Afrikaans en Engels | 34 | 10.3 | 81 | 24.6 | 180 | 54.7 | 6 | 1.8 | 28 | 8.5 | 329 | 100.0 | 10 | 23.8 | 5 | 11.9 | 22 | 52.4 | 1 | 2.4 | 4 | 9.5 | 42 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

Stedelike steekproef: $X^2 = 79.6127;\ p < .1\%$

Landelike steekproef: $X^2 = 32.8135;\ 1\% > p > .1\%$

TABEL 5.10

DRANKGEBRUIKGROEPE BY MOBILITEITSGROEPE

| Mobiliteit in afgelope 5 jaar | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoebierdrinkers | | Blankedrankdrinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | | Bantoebierdrinkers | | Blankedrankdrinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nooit in Blankegebied gekom nie | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 18 | 39.1 | 4 | 8.7 | 19 | 41.3 | 4 | 8.7 | 1 | 2.1 | 46 | 100.0 |
| Het meer in Bantoegebied as in Blankegebied gewoon | 10 | 26.3 | 5 | 13.2 | 18 | 47.4 | 2 | 5.3 | 3 | 7.9 | 38 | 100.0 | 39 | 31.0 | 7 | 5.6 | 54 | 42.9 | 16 | 12.7 | 10 | 7.9 | 126 | 100.0 |
| Het meer in Blankegebied as in Bantoegebied gewoon | 62 | 16.3 | 63 | 16.6 | 199 | 52.4 | 14 | 3.7 | 42 | 11.1 | 380 | 100.0 | 24 | 25.5 | 4 | 4.3 | 46 | 48.9 | 7 | 7.4 | 13 | 13.8 | 94 | 100.0 |
| Het nooit in Bantoegebied gekom nie | 42 | 18.4 | 44 | 19.3 | 119 | 52.2 | 6 | 2.6 | 17 | 7.5 | 228 | 100.0 | 13 | 26.0 | 3 | 6.0 | 31 | 62.0 | 0 | - | 3 | 6.0 | 50 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 6.1752; \; 70\% > p > 50\%$

Die mobiliteitsgroepe in tabel 5.10 kan in twee kategorieë verdeel word: die „Bantoegebied-georiënteerde" proefpersone (d.i. diegene wat gedurende die voorafgaande 5 jaar nooit in 'n Blankegebied gekom het nie en dié wat meer in 'n Bantoegebied as in 'n Blankegebied gewoon het) en die „Blankegebied-georiënteerde" proefpersone (d.i. proefpersone wat gedurende die voorafgaande 5 jaar meer in 'n Blankegebied as in 'n Bantoegebied gewoon het en diegene wat nooit in 'n Bantoegebied gekom het nie). Die persentasie verspreidings in hierdie twee kategorieë verskil aanmerklik van mekaar. Die „Bantoegebied-georiënteerde" proefpersone het by albei steekproefgroepe 'n groter persentasie Bantoebierdrinkers as die totale groep, 26.3 persent teenoor 17.6 persent en 39.1 persent en 31.0 persent teenoor 29.7 persent, 'n kleiner persentasie Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers 47.4 persent teenoor 52.0 persent en 41.3 persent en 42.9 persent teenoor 47.5 persent en by die stedelike steekproef 'n kleiner persentasie Blankedrankdrinkers. Die „Blankegebied-georiënteerde" proefpersone neig weer om 'n kleiner persentasie Bantoebierdrinkers as die totale groep in te sluit en groter persentasies Blankedrankdrinkers en Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers.

Hierdie verspreidingstendens ten opsigte van „Bantoegebied-en-Blankegebied-oriëntasie" is op sy duidelikste in die persentasie grootte van die drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank by die verskillende woonplekgroepe van die landelike steekproef. Namate daar hier eers gelet word op die persentuele verspreidings van die „Bantoegebied-georiënteerdes" en dan die „Blankegebied-georiënteerdes", blyk dit dat die persentasie grootte drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank 'n langsame toename ondervind: 41.3 persent, 42.9 persent, 48.9 persent en 62.0 persent.

Weer eens wil dit blyk dat by die Bantoe die gebruik van die verskillende dranksoorte sterk beïnvloed word deur die mate, direk of indirek, waarin hy met 'n stedelike sfeer in aanraking kom.

## 5.13 DRANKGEBRUIKGROEPE BY DRINKFREKWENSIEGROEPE

Die drankgebruikgroepe by die twee steekproefgroepe word in tabel 5.11 met die drinkfrekwensie van die proefpersone in verband gebring. Uit tabel 5.11 blyk dit dat diegene wat slegs een dranksoort gebruik (die Bantoebiergroep en die Blankedrankgroep) by albei steekproefgroepe 'n groter persentasie uitmaak van die frekwensiegroep waarvan die persone een keer per maand en minder drank gebruik as wat dit met die totale groep die geval is, stedelike steekproef 22.0 persent teenoor 17.6 persent en 42.0 persent teenoor 17.3 persent onderskeidelik; landelike steekproef 34.3 persent teenoor 29.7 persent en 17.9 persent teenoor 5.7 persent. Die drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank maak weer 'n groter persentasie uit van die groep wat daagliks hul drank gebruik, stedelike steekproef 58.3 persent teenoor 52.0 persent en landelike steekproef 63.9 persent teenoor 47.5 persent.

Hierdie verspreiding hang blykbaar saam met die feit dat die swaar drinker nie tussen dranksoorte diskrimineer nie maar eintlik enige dranksoort wat voorkom gebruik.

## 5.14 DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK

Tabel 5.12 is 'n tabellasie van drankgebruikgroepe by groepe proefpersone wat gedurende die sewe dae wat die opname voorafgegaan het, verskillende hoeveelhede drank gebruik het. In hierdie tabel is dieselfde tendens as die wat in tabel 5.11 onderskei is, merkbaar. Die een-dranksoort-drankgebruikers (Bantoebierdrinkers en Blankedrankdrinkers) maak by albei steekproewe 'n groter persentasie uit as in die totaal van die groepe wat gedurende 'n tydperk van sewe dae die minste eenhede drank gebruik het, Bantoebierdrinkers 20.4 persent en 26.8 persent teenoor 17.6 persent (stedelike steekproef) en 37.3 persent en 36.1 persent teenoor 29.7 persent (landelike steekproef) by die „geen"- en 1-12 eenhedegroepe; Blankedrankdrinkers 42.9 persent teenoor 17.3 persent en 13.6 persent teenoor 5.7 persent by die „geen"-groepe onderskeidelik.

Diegene wat meer as een dranksoort gebruik (die Bantoebier-en-Blanke-

TABEL 5.11

DRANKGEBRUIKGROEPE BY DRINKFREKWENSIEGROEPE

| Drink-frekwensie | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blanke-drank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blanke-drank en brousels | | Totaal | | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blanke-drank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blanke-drank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Daagliks | 19 | 16.5 | 5 | 4.3 | 67 | 58.3 | 5 | 4.3 | 19 | 16.5 | 115 | 100.0 | 4 | 11.1 | 1 | 2.8 | 23 | 63.9 | 4 | 11.1 | 4 | 11.1 | 36 | 100.0 |
| 3-6 dae per week | 23 | 18.7 | 9 | 7.3 | 70 | 56.9 | 5 | 4.1 | 16 | 13.0 | 123 | 100.0 | 8 | 20.5 | 1 | 2.6 | 22 | 56.4 | 6 | 15.4 | 2 | 5.1 | 39 | 100.0 |
| 1-2 dae per week | 50 | 16.2 | 56 | 18.2 | 169 | 54.9 | 9 | 2.9 | 24 | 7.8 | 308 | 100.0 | 59 | 33.9 | 4 | 2.3 | 79 | 45.4 | 14 | 8.0 | 18 | 10.3 | 174 | 100.0 |
| Een maal per maand en minder | 22 | 22.0 | 42 | 42.0 | 30 | 30.0 | 3 | 3.0 | 3 | 3.0 | 100 | 100.0 | 23 | 34.3 | 12 | 17.9 | 26 | 38.8 | 3 | 4.5 | 3 | 4.5 | 67 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 79.8701$; $p < .1\%$ $X^2 = 39.5353$; $p < .1\%$

TABEL 5.12

DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK

| Eenhede drank gebruik gedurende die 7 dae wat die opname voorafgegaan het.[1] | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoebier-drinkers | | Blankedrank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | | Bantoebier-drinkers | | Blankedrank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 20 | 20.4 | 42 | 42.9 | 31 | 31.6 | 4 | 4.1 | 1 | 1.0 | 98 | 100.0 | 22 | 37.3 | 8 | 13.6 | 18 | 30.5 | 4 | 6.8 | 7 | 11.9 | 59 | 100.0 |
| 1-12 eenhede | 76 | 26.8 | 36 | 12.7 | 142 | 50.0 | 9 | 3.2 | 21 | 7.4 | 284 | 100.0 | 61 | 36.1 | 7 | 4.1 | 77 | 45.6 | 11 | 6.5 | 13 | 7.7 | 169 | 100.0 |
| 13-24 eenhede | 11 | 7.7 | 19 | 13.3 | 89 | 62.2 | 4 | 2.8 | 20 | 14.0 | 143 | 100.0 | 5 | 8.1 | 2 | 3.2 | 37 | 59.7 | 11 | 17.7 | 7 | 11.3 | 62 | 100.0 |
| 25-100 eenhede | 7 | 5.8 | 15 | 12.4 | 74 | 61.2 | 5 | 4.1 | 20 | 16.5 | 121 | 100.0 | 6 | 23.1 | 1 | 3.8 | 18 | 69.2 | 1 | 3.8 | 0 | - | 26 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 106.1591;\ p < .1\%$ $\qquad$ $X^2 = 41.3095;\ p < .1\%$

1) Vir die klassifikasienorm vir drankeenhede, kyk hoofstuk 7, bl. 100

drankgroep) maak aan die anderkant, 'n groter persentasie as die verwagte uit van die hoogste drankgebruikeenhede-groepe, 62.2 persent en 61.2 persent teenoor 52.0 persent (stedelike steekproef) en 59.7 persent en 69.2 persent teenoor 47.5 persent by die 13-24 eenhede- en 25-100 eenhede-groepe onderskeidelik.

Dieselfde verklaring wat ten opsigte van die verband tussen die drinkers van meer as een dranksoort en, 'n hoë drinkfrekwensiepatroon aangevoer is, is blykbaar ook hier van toepassing.

## 5.15 DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON

In tabel 5.13 word die drankgebruikgroepe volgens provinsie ontleed. Uit dié tabel blyk dit duidelik dat die drankgebruikers in die Kaapprovinsie en die O.V.S. 'n groter persentasie Bantoebier-en-Blankedrankdrinkers het as die totale groep, 55.4 persent en 55.7 persent teenoor 52.0 persent (stedelike steekproef) en 60.8 persent en 77.1 persent teenoor 47.5 persent (landelike steekproef) onderskeidelik. Die proefpersone in die Vrystaat sluit ook 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers as die totale groep in, 29.1 persent teenoor 17.3 persent (stedelike steekproef). Die Bantoebierdrinkers omsluit by die volgende groepe 'n groter persentasie as die verwagte: Kaapprovinsie, stedelike steekproef 28.3 persent teenoor 17.6 persent, Natal, stedelike steekproef 20.0 persent teenoor 17.6 persent; Transkei, landelike steekproef 43.9 persent teenoor 29.7 persent.

## 5.16 SAMEVATTING

5.16.1 Van die drankgebruikers gebruik vier-vyfdes onder andere Bantoebier, tussen drie- en vier-vyfdes onder andere Blankedrank en nie eers een-vyfde nie brousels.

5.16.2 Drankgebruikers wat sowel Bantoebier as Blankedrank nuttig, vorm die grootste drankgebruikgroep. By die stedelike steekproef neem dié groep wat van alle dranksoorte net Bantoebier drink en dié groep wat van alle dranksoorte net Blankedrank drink, saam die tweede plek in waar by die landelike steekproef die Bantoebierdrinkers die tweede plek inneem en die Blankedrankgroep die heel laaste plek.

5.16.3 Terwyl die vroue neig om 'n groter persentasie Bantoebierdrinkers <u>en</u> Blankedrankdrinkers as die verwagte in te sluit, het die mans 'n duidelik <u>groter</u> persentasie drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank.

5.16.4 Die jongste ouderdomsgroep (diegene 15 - 30 jaar) vertoon 'n groter persentasie as die verwagte Blankedrankdrinkers by die stedelike steekproef en Bantoebierdrinkers by die landelike steekproef, terwyl die oudste ouderdomsgroep (persone 51 jaar en ouer) 'n groter persentasie as die verwagte drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank by die stedelike steekproef en brouseldrinkers by die landelike steekproef het.

5.16.5 Waar die persone in „statusgewende beroepe" (professionele en tegniese beroepe en eienaars van ondernemings) neig om 'n hoër persentasie as die verwagte Blankedrankdrinkers te hê, neig die arbeidergroep weer om 'n groter persentasie drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank in te sluit.

5.16.6 Die persentasie van die Bantoebierdrinkers neem af na gelang die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, terwyl 'n toename in die persentasie van die Blankedrankdrinkers plaasvind na gelang die onderwyspeil van die onderwyspeilgroepe hoër is. Dieselfde tendense kan mutatis mutandis by die analfabete en lees-en-skryfkundiges onderskei word.

5.16.7 Namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, vind 'n afname plaas in die persentasie Bantoebierdrinkers en 'n toename in die persentasie Blankedrankdrinkers.

5.16.8 Geen tendens kan ten opsigte van die wettiglik getroudes onderskei word

TABEL 5.13

DRANKGEBRUIKGROEPE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON

| Provinsie of gebied | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | | Bantoe-bier-drinkers | | Blanke-drank-drinkers | | Drinkers van Bantoebier en Blankedrank | | Drinkers van Bantoebier en brousels of Blankedrank en brousels | | Drinkers van Bantoebier, Blankedrank en brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Kaapprovinsie | 26 | 28.3 | 13 | 14.1 | 51 | 55.4 | 1 | 1.1 | 1 | 1.1 | 92 | 100.0 | 15 | 29.4 | 3 | 5.9 | 31 | 60.8 | 0 | - | 2 | 3.9 | 51 | 100.0 |
| Natal | 17 | 20.0 | 5 | 5.9 | 34 | 40.0 | 13 | 15.3 | 16 | 18.8 | 85 | 100.0 | 12 | 26.7 | 1 | 2.2 | 16 | 35.6 | 7 | 15.6 | 9 | 20.0 | 45 | 100.0 |
| O.V.S. | 2 | 2.5 | 23 | 29.1 | 44 | 55.7 | 1 | 1.3 | 9 | 11.4 | 79 | 100.0 | 4 | 11.4 | 3 | 8.6 | 27 | 77.1 | 0 | - | 1 | 2.9 | 35 | 100.0 |
| Transvaal | 69 | 17.7 | 71 | 18.2 | 207 | 53.1 | 7 | 1.8 | 36 | 9.2 | 390 | 100.0 | 32 | 29.9 | 7 | 6.5 | 43 | 40.2 | 14 | 13.1 | 11 | 10.3 | 107 | 100.0 |
| Transkei | 0 | - | 0 | - | 0 | - | 0 | - | 0 | - | 0 | - | 25 | 43.9 | 4 | 7.0 | 27 | 47.4 | 1 | 1.8 | 0 | - | 57 | 100.0 |
| Zoeloeland | 0 | - | 0 | - | 0 | - | 0 | - | 0 | - | 0 | - | 6 | 28.6 | 0 | - | 6 | 28.6 | 5 | 23.8 | 4 | 19.0 | 21 | 100.0 |
| TOTAAL | 114 | 17.6 | 112 | 17.3 | 336 | 52.0 | 22 | 3.4 | 62 | 9.6 | 646 | 100.0 | 94 | 29.7 | 18 | 5.7 | 150 | 47.5 | 27 | 8.5 | 27 | 8.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 88.2556$; $p < .1\%$

nie. Die ongetroudes toon 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers as die verwagte by die stedelike steekproef, terwyl die groep geskeies, wewenaars/weduwees en persone wat saam leef 'n groter persentasie Bantoebierdrinkers insluit as die totale groepe.

5.16.9 Namate daar gelet word op die groep wat albei landstale kan praat en op die groep wat van die twee amptelike landstale slegs Engels kan praat, dan op dié groep wat van die twee tale net Afrikaans kan praat en laastens op die groep proefpersone wat geeneen van dié tale kan praat nie, word die persentasie, veral by die stedelike steekproef, van die Bantoebierdrinkers min of meer konstant groter en die persentasie van die Blankedrankdrinkers en drinkers-van-Bantoebier-en-Blankedrank kleiner.

5.16.10 Namate daar wat woongebied betref, oorgegaan word van die groep Bantoes wat „Bantoegebied-georiënteerd" is na die wat „Blankegebied-georiënteerd" is, vind daar by dié wat net Bantoebier drink 'n daling in persentasie plaas en by dié wat slegs Blankedrank (slegs stedelike steekproef) en Bantoebier-en-Blankedrank drink 'n styging in die persentasie plaas.

5.16.11 Die drinkers-van-meer-as-een-dranksoort omsluit 'n groter persentasie van die groepe wat daagliks hul drank nuttig en van die groepe wat die meeste eenhede drank in sewe dae gebruik. Die drinkers-van-een-dranksoort daarenteen sluit 'n groter persentasie persone in van die groepe wat een keer per maand en minder drank nuttig, en van die groepe wat in 'n tydperk van sewe dae die minste eenhede drank gebruik.

5.16.12 Geen algemene tendens ten opsigte van proefpersone wat in verskillende provinsies of landsgebiede woon, kan onderskei word nie.

## HOOFSTUK 6

## DRANKVOORKEUR

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die drankvoorkeur van drankgebruikers by die twee steekproefgroepe. Met drankvoorkeur word bedoel dié dranksoort wat die proefpersoon bo alle dranksoorte verkies; waarvan hy met ander woorde die graagste sou wou nuttig.

### 6.2 DRANKVOORKEUR BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE

Figuur 6.1 is 'n grafiese voorstelling van die drankvoorkeur van die twee steekproefgroepe. Hierdie voorstelling is 'n eksplisiete aanduiding van die verskil in drankvoorkeur by die twee steekproefgroepe. By die stedelike steekproef is die drankvoorkeur van die grootste enkele groep, Blankedrank (vir die persentasieverspreiding vgl. tabel 6.2: 58.0 persent); by die landelike steekproef is die grootste enkele groep se drankvoorkeur Bantoebier (64.2%). Die twee steekproefgroepe toon egter 'n ooreenkoms in soverre daar by albei slegs 'n geringe persentasie proefpersone is wat bo alle dranksoorte brousels verkies (stedelike steekproef, 1.7% en landelike steekproef, 2.2%).

Soos reeds uit verskeie tabelle in hoofstuk 5 geblyk het (tabelle 5.4, 5.5, 5.7 en 5.9) gaan die gebruik van Blankedrank by die Bantoe gepaard met 'n bepaalde status. Dit is daarom te begrype dat hierdie dranksoort, veral in die stedelike gebiede waar die aanraking met Blankedrank met sy statusgewende waardes op die grootste is, die voorkeur van so 'n groot meerderheid sal geniet. Die stedelike Bantoe is ook finansieel beter daartoe in staat om Blankedrank te bekom, wat hier ook deur die smokkelhandel makliker beskikbaar is. Die landelike Bantoe daarenteen gee as gevolg van sy groter tradisiegebondenheid en die feit dat Blankedrank „onverkrygbaarder" is, in 'n baie groter mate voorkeur aan Bantoebier as aan Blankedrank. Dit is nietemin interessant dat 'n groter persentasie drankgebruikers voorkeur aan Blankedrank gee (33.5%) as wat werklik mees dikwels Blankedrank drink (tabel 6.1: 9.8%).

### 6.3 DIE DRANKSOORT WAARVAN MEES DIKWELS GEDRINK WORD

Alvorens die drankvoorkeur van die proefpersone met ander sosiologiese kenmerke van die twee steekproefgroepe gekorreleer word, word die aandag eers bepaal by die dranksoorte waarvan die proefpersone, van alle kere wat hulle drank nuttig, mees dikwels drink.

Tabel 6.1 is 'n tabellasie van die dranksoorte waarvan proefpersone mees dikwels drink.

TABEL 6.1

DRANKSOORTE WAARVAN MEES DIKWELS GEDRINK WORD

| Dranksoort | Stedelike steekproef | | | Landelike steekproef | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | | Getal | Persentasie | |
| Bantoebier | 473 | 73.2 | | 277 | 87.7 | |
| Brousels | 15 | 2.3 | | 8 | 2.5 | |
| Wyn | 42 | 6.5) | | 7 | 2.2) | |
| Sterk drank | 97 | 15.0) | 24.4 | 23 | 7.3) | 9.8 |
| Bier | 19 | 2.9) | | 1 | 0.3) | |
| TOTAAL | 646 | 100.0 | | 316 | 100.0 | |

FIGUUR 6.1

DRANKVOORKEUR BY DIE TWEE

STEEKPROEFGROEPE



Uit dié tabel blyk dit dat die algemene tendens vir die twee steekproefgroepe in die geheel baie ooreenstem: van alle dranksoorte word daar die meeste keer Bantoebier genuttig (stedelike steekproef, 73.2% en landelike steekproef, 87.7%); hierna volg Blankedrank (en wel in die volgorde van sterkdrank, wyn en bier - 24.4% en 9.8% onderskeidelik), terwyl brousels die kleinste persentasie drankgebruikers verteenwoordig (2.3% en 2.5% onderskeidelik).

As hierdie tendens nou met die verspreiding in figuur 6.1 vergelyk word, is dit voor-die-hand-liggend dat albei steekproewe 'n groot persentasie proefpersone insluit wat mees dikwels Bantoebier gebruik maar eintlik Blankedrank verkies. Want, waar by die stedelike steekproef slegs 24.4 persent van die proefpersone mees dikwels Blankedrank nuttig, sou 58.0 persent dit bo alle dranksoorte verkies (landelike steekproef, 9.8% teenoor 33.5%).

Dit wil dus voorkom asof die Bantoe, indien hy deur wetlike (en ander, soos ekonomiese) faktore in staat is om na eie behoefte Blankedrank te gebruik, in 'n baie groter mate Blankedrank sou gebruik.

## 6.4 DRANKVOORKEUR BY DIE TWEE GESLAGTE

In tabel 6.2 word die drankvoorkeur by mans en vroue getabelleer. Die gegewens in hierdie tabel toon dat daar by die stedelike steekproefgroep geen noemenswaardige verskil is tussen die drankvoorkeur van die mans en vroue nie. By die landelike steekproef gee 'n groter persentasie van die mans as van die totale groep voorkeur aan Blankedrank, nl. 38.9 persent teenoor 33.5 persent; 'n groter persentasie vroue gee weer aan Bantoebier voorkeur as wat die geval met die totale groep is, 74.3 persent teenoor 64.2 persent.

Dit wil voorkom dat as dit by drankvoorkeur kom, die vrou van die landelike steekproef in 'n groter mate as die man tradisiegebonde bly, terwyl die man van hierdie steekproefgroep, hetsy dit vanweë sy patriargale prerogatief, in 'n groter mate as die vrou Blankedrank verkies. By die stedelike steekproef skyn die vrou in so 'n mate „geëmansipeerd" te wees dat sy feitlik dieselfde voorkeurpatroon as die man vertoon.

## 6.5 DRANKVOORKEUR BY OUDERDOMSGROEPE

Tabel 6.3 is 'n tabellasie van die drankvoorkeur by verskillende ouderdomsgroepe. As die verspreiding in dié tabel by die twee steekproefgroepe vergelyk word, word die volgende verskille duidelik: waar die stedelike steekproef se jongste ouderdomsgroep (persone tussen 15 en 30 jaar) persentueel meer as die totale groep voorkeur gee aan Blankedrank, 65.1 persent teenoor 58.0 persent, en die oudste ouderdomsgroep (diegene 51 jaar en ouer) weer persentueel meer voorkeur as die totale groep gee aan Bantoebier, 44.5 persent teenoor 40.2 persent, is dit by die landelike steekproef die 31-50 jaargroep wat 'n groter persentuele voorkeur gee aan Blankedrank (38.9% teenoor 33.5%) en sowel die jongste as die oudste ouderdomsgroepe wat 'n groter persentuele voorkeur gee aan Bantoebier, 70.0 persent en 67.9 persent, teenoor 64.2 persent. (Vir 'n ooreenkoms in die verspreiding van die jongste ouderdomsgroep, vergelyk die verspreiding van hierdie ouderdomsgroep in tabel 5.3 waar die groep by die stedelike steekproef 'n groter persentasie Blankedrankdrinkers en by die landelike steekproef 'n groter persentasie Bantoebierdrinkers as die totale groep het.)

## 6.6 DRANKVOORKEUR BY BEROEPSGROEPE

In tabel 6.4 word die drankvoorkeur van proefpersone met hul beroepe gekorreleer. Wat in tabel 6.4 onmiddellik opval, is die aanmerklik groter persentasie van die proefpersone as die verwagte by albei steekproewe in „statusgewende" beroepe wat Blankedrank verkies. By die persone in professionele beroepe verkies 78.9 persent en 87.5 persent Blankedrank by die stedelike en landelike steekproefgroepe onderskeidelik teenoor die verwagte 58.0 persent en 33.5 persent. Persone met 'n eie onderneming en selfstandige boere verkies persentueel meer Blankedrank as die totale groep, nl. 70.0 persent en 40.0 persent by die stedelike en landelike steekproefgroepe onderskeidelik.

TABEL 6.2

DRANKVOORKEUR BY DIE TWEE GESLAGTE

| Geslag | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Mans | 255 | 57.7 | 181 | 40.9 | 6 | 1.4 | 442 | 100.0 | 79 | 38.9 | 119 | 58.6 | 5 | 2.5 | 203 | 100.0 |
| Vroue | 120 | 58.8 | 79 | 38.7 | 5 | 2.5 | 204 | 100.0 | 27 | 23.9 | 84 | 74.3 | 2 | 1.8 | 113 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 1.1826$; $70\% > p > 50\%$

$X^2 = 7.8320$; $2\% > p > 1\%$

TABEL 6.3

DRANKVOORKEUR BY OUDERDOMSGROEPE

| Ouderdom | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| 15-30 jaar | 136 | 65.1 | 69 | 33.0 | 4 | 1.9 | 209 | 100.0 | 19 | 27.1 | 49 | 70.0 | 2 | 2.9 | 70 | 100.0 |
| 31-50 jaar | 179 | 54.7 | 142 | 43.4 | 6 | 1.8 | 327 | 100.0 | 63 | 38.9 | 97 | 59.9 | 2 | 1.2 | 162 | 100.0 |
| 51 jaar en ouer | 60 | 54.5 | 49 | 44.5 | 1 | 0.9 | 110 | 100.0 | 24 | 28.6 | 57 | 67.9 | 3 | 3.6 | 84 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 7.1622$; $20\% > p > 10\%$

$X^2 = 5.3976$; $30\% > p > 20\%$

TABEL 6.4

DRANKVOORKEUR BY BEROEPSGROEPE

| Beroepsoort | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Arbeiders: plaasarbeiders; myn- en ander bedryfsarbeiders; vissers | 92 | 52.3 | 83 | 47.2 | 1 | 0.6 | 176 | 100.0 | 40 | 37.7 | 66 | 62.3 | 0 | - | 106 | 100.0 |
| Persone in professionele, tegniese en ander „geleerde" beroepe | 45 | 78.9 | 11 | 19.3 | 1 | 1.8 | 57 | 100.0 | 7 | 87.5 | 1 | 12.5 | 0 | - | 8 | 100.0 |
| Persone betrokke by aflewerings-, vervoer- en veiligheidsdienste en huis- en tuinbediendes | 150 | 57.2 | 105 | 40.1 | 7 | 2.7 | 262 | 100.0 | 16 | 28.6 | 38 | 67.9 | 2 | 3.6 | 56 | 100.0 |
| Voltydse studente, skoliere en huisvroue en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie | 58 | 58.0 | 42 | 42.0 | 0 | - | 100 | 100.0 | 17 | 23.6 | 54 | 75.0 | 1 | 1.4 | 72 | 100.0 |
| Persone met eie ondernemings bv. handelaars en selfstandige boere | 14 | 70.0 | 5 | 25.0 | 1 | 5.0 | 20 | 100.0 | 24 | 40.0 | 33 | 55.0 | 3 | 5.0 | 60 | 100.0 |
| Werkloses | 16 | 51.6 | 14 | 45.2 | 1 | 3.2 | 31 | 100.0 | 2 | 14.3 | 11 | 78.6 | 1 | 7.1 | 14 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

'n Soortgelyke afleiding as dié wat ten opsigte van tabel 5.4 gemaak is, kan ook hier gemaak word: die voorkeur vir Blankedrank hang by die Bantoe nou saam met 'n hoë beroepstatus. Persone in „statusgewende" beroepe het uiteraard ook meer geld tot hul beskikking om in die praktyk voorkeur aan Blankedrank te gee.

## 6.7 DRANKVOORKEUR BY ONDERWYSPEILGROEPE

'n Tabellasie van die drankvoorkeur by verskillende onderwyspeilgroepe is in tabel 6.5. Uit die gegewens in tabel 6.5 kan by albei steekproewe twee duidelike tendense afgelei word: namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, word persentueel meer Blankedrank as die verwagte en persentueel minder Bantoebier as die verwagte verkies. Van die hoogste onderwyspeilgroep (diegene wat standerd 5 of 'n hoër standerd geslaag het) verkies 74.2 persent teenoor die verwagte 58.0 persent by die stedelike steekproef en 63.3 persent teenoor 33.5 persent by die landelike steekproef, Blankedrank.

'n Hoë graad van voorkeur aan Blankedrank is nou verbonde aan 'n hoë onderwyspeil. (Vergelyk die bevinding by tabel 5.5.) Dieselfde verklaring wat ten opsigte van die verband tussen 'n „statusgewende" beroep en die voorkeur aan Blankedrank geld, is waarskynlik ook hier van toepassing.

## 6.8 DRANKVOORKEUR BY INKOMSTEGROEPE

In tabel 6.6 word die drankvoorkeur van die proefpersone met hul inkomste in verband gebring. 'n Soortgelyke tendens as dié in tabel 6.5 kan by die inkomstegroep in tabel 6.6 onderskei word: namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, word die persentasie persone wat Blankedrank verkies, groter en die persentasie persone wat Bantoebier verkies, kleiner.

By die stedelike steekproef verkies 39.3 persent van die persone met 'n inkomste van R10 en minder per maand Blankedrank; van die daaropvolgende inkomstegroepe, diegene met 'n inkomste tussen R11 en R30 en dié met 'n inkomste van R31 en meer, verkies 57.0 persent en 74.6 persent onderskeidelik Blankedrank. Die ooreenstemmende persentasies by die landelike steekproef is 27.4 persent, 46.5 persent en 46.7 persent.

'n Hoë inkomste gaan gepaard met 'n groter voorkeur as die verwagte, aan Blankedrank. (Vergelyk paragraaf 5.9.) Ook hier is die verklaring wat by paragraaf 6.7 en 6.6 aangebied is, blykbaar van toepassing.

## 6.9 DRANKVOORKEUR BY HUWELIKSTAATGROEPE

Tabel 6.7 is 'n tabellasie van die drankvoorkeur by verskillende huwelikstaatgroepe. Geen algemene tendens kan uit hierdie tabel afgelei word nie. Kenmerkend is egter die „ongetroude" groep by die stedelike steekproef se groter persentasie persone as die verwagte wat Blankedrank verkies, 60.1 persent teenoor 58.0 persent en die groter persentasie as die verwagte van dieselfde huwelikstaatgroep by die landelike steekproef wat Bantoebier verkies, 69.6 persent teenoor 64.2 persent. Daar moet egter onthou word dat die „ongetroudes" grotendeels jonger persone insluit: daarom stem hierdie verspreiding ooreen met die van die 15 tot 30 jaar-groep in tabel 6.3.

## 6.10 DRANKVOORKEUR BY ETNIESE GROEPE

In tabel 6.8 word die drankvoorkeur van die proefpersone met die etniese groepe waaraan hul behoort, gekorreleer. Wat onmiddellik uit die gegewens in tabel 6.8 opval, is die feit dat die Tswana- en Suid-Sotho-groepe by sowel die stedelike as landelike steekproef 'n groter persentasie proefpersone insluit wat van alle dranksoorte Blankedrank verkies as wat die geval met die totale groep is; stedelike steekproef 68.9 persent en 72.0 persent en landelike steekproef 60.5 persent en 72.7 persent onderskeidelik. Daarenteen verkies 'n groter persentasie van die Xhosas en Zoeloes by albei steekproewe Bantoebier as wat die geval met die totale groepe is; 49.3 persent en 46.5 persent teenoor 40.2 persent en 70.8 persent en 86.6 persent teenoor 64.2 persent by die stedelike en landelike steek-

## TABEL 6.5

## DRANKVOORKEUR BY ONDERWYSPEILGROEPE

| Onderwyspeil | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nooit skool gegaan nie | 68 | 38.2 | 106 | 59.5 | 4 | 2.2 | 178 | 100.0 | 48 | 26.4 | 129 | 70.9 | 5 | 2.7 | 182 | 100.0 |
| Skoolbywoning in substanderd A tot st. 4 geslaag | 149 | 58.4 | 100 | 39.2 | 6 | 2.4 | 255 | 100.0 | 39 | 37.5 | 63 | 60.6 | 2 | 1.9 | 104 | 100.0 |
| St. 5 geslaag - verwerwing van universiteits-graad | 158 | 74.2 | 54 | 25.3 | 1 | 0.5 | 213 | 100.0 | 19 | 63.3 | 11 | 36.7 | 0 | - | 30 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 52.7644;\quad p < .1\%$

TABEL 6.6

DRANKVOORKEUR BY INKOMSTEGROEPE

| Inkomste per maand | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| R10 of minder | 57 | 39.3 | 84 | 57.9 | 4 | 2.8 | 145 | 100.0 | 59 | 27.4 | 149 | 69.3 | 7 | 3.3 | 215 | 100.0 |
| R11 - 30 | 180 | 57.0 | 133 | 42.1 | 3 | 0.9 | 316 | 100.0 | 40 | 46.5 | 46 | 53.5 | 0 | - | 86 | 100.0 |
| R31 en meer | 138 | 74.6 | 43 | 23.2 | 4 | 2.2 | 185 | 100.0 | 7 | 46.7 | 8 | 53.3 | 0 | - | 15 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 44.6143$; $p < .1\%$

TABEL 6.7

DRANKVOORKEUR BY HUWELIKSTAATGROEPE

| Huwelikstaat | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nie getroud nie | 95 | 60.1 | 60 | 38.0 | 3 | 1.9 | 158 | 100.0 | 13 | 28.3 | 32 | 69.6 | 1 | 2.2 | 46 | 100.0 |
| Op 'n erkende manier getroud | 248 | 57.7 | 175 | 40.7 | 7 | 1.6 | 430 | 100.0 | 81 | 35.4 | 142 | 62.0 | 6 | 2.6 | 229 | 100.0 |
| Woon saam, is geskei of is wewenaar/weduwee | 32 | 55.2 | 25 | 43.1 | 1 | 1.7 | 58 | 100.0 | 12 | 29.3 | 29 | 70.7 | 0 | - | 41 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 0.6025$; $98\% > p > 95\%$

TABEL 6.8

DRANKVOORKEUR BY ETNIESE GROEPE

| | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Etniese groep | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Xhosa | 69 | 50.0 | 68 | 49.3 | 1 | 0.7 | 138 | 100.0 | 28 | 29.2 | 68 | 70.8 | 0 | - | 96 | 100.0 |
| Zoeloe | 70 | 49.3 | 66 | 46.5 | 6 | 4.2 | 142 | 100.0 | 8 | 11.9 | 58 | 86.6 | 1 | 1.5 | 67 | 100.0 |
| Noord-Sotho (Sepedi) | 48 | 65.8 | 24 | 32.9 | 1 | 1.4 | 73 | 100.0 | 12 | 26.7 | 30 | 66.7 | 3 | 6.7 | 45 | 100.0 |
| Tswana | 73 | 68.9 | 32 | 30.2 | 1 | 0.9 | 106 | 100.0 | 26 | 60.5 | 17 | 39.5 | 0 | - | 43 | 100.0 |
| Suid-Sotho (Sotho) | 59 | 72.0 | 21 | 25.6 | 2 | 2.4 | 82 | 100.0 | 16 | 72.7 | 6 | 27.3 | 0 | - | 22 | 100.0 |
| Ander: Ndebele Tsonga Venda Swazi ens. | 56 | 53.3 | 49 | 46.7 | 0 | - | 105 | 100.0 | 16 | 37.2 | 24 | 55.8 | 3 | 7.0 | 43 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

proef onderskeidelik.

Uit die verspreiding in tabel 3.7 blyk dit dat die Tswanas van die stedelike steekproef en die Suid-Sothos van albei steekproewe 'n groter persentasie drankgebruikers as die totale groep oplewer. Dit wil voorkom asof die Xhosas en die Zoeloes (veral as in gedagte gehou word dat volgens tabel 3.7 die Xhosas van die stedelike en die Zoeloes van albei steekproewe 'n groter persentasie geheelonthouers as die verwagte oplewer), dalk konserwatiewer kan wees wat hul drinkgewoontes betref as wat die Suid-Sotho's en die Tswanas is.

## 6.11 DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE MATE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT

In tabel 6.9 word die drankvoorkeur van die proefpersone in verband gebring met die mate waarin hul die amptelike landstale kan besig. Hierdie tabel toon duidelike reëlmatighede. Namate daar by die twee steekproewe gelet word op die agtereenvolgende verspreidings van die groepe wat geeneen van die twee tale kan praat nie, dan dié wat slegs òf Afrikaans òf Engels kan besig en dan die groepe wat albei landstale kan praat, blyk dit dat die persentasie persone wat Blankedrank verkies met elke groep styg, vanaf 31.4 persent en 17.9 persent (stedelike en landelike steekproef onderskeidelik) en 50.7 persent en 45.5 persent na 71.1 persent en 54.8 persent.

Die faktor van kennis van amptelike landstale hang saam met die faktore wat die algemene sosio-ekonomiese status van die proefpersone bepaal: beroep (tabel 6.4), onderwyspeil (tabel 6.5) en inkomste (tabel 6.6).

## 6.12 DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK

In tabel 6.10 word die drankvoorkeur van die proefpersone gekorreleer met die hoeveelheid drank wat hul in 'n tydperk van sewe dae genuttig het. Uit hierdie tabel blyk dit dat die proefpersone wat die grootste hoeveelheid eenhede (13-24) eenhede en 25 eenhede en meer) drank gedurende 'n tydperk van sewe dae gebruik het, 'n groter persentasie persone insluit wat Blankedrank verkies as wat die geval met die totale groep is. Dié groep persone weer, wat slegs 1-12 eenhede drank gedurende dié tydperk genuttig het, bevat meer persone wat Bantoebier verkies as die totale groep; stedelike steekproef 55.6 persent teenoor 40.2 persent en landelike steekproef 72.6 persent teen 64.2 persent.

Aangesien die hoogste verbruiksgroep van alkoholiese drank in tabel 4.14 in 'n groter mate as die verwagte Blankedrank veral vanweë die alkoholiese sterkte daarvan drink, kan goed verstaan word waarom die hoogste verbruiksgroepe in tabel 6.10 persentueel meer as die verwagte Blankedrank verkies: die alkoholiese sterkte daarvan is groter as dié van Bantoebier.

## 6.13 DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON

Tabel 6.11 is 'n tabellasie van die drankvoorkeur by groepe wat in verskillende provinsies of gebiede woon. Uit tabel 6.11 blyk dit dat die persone van die Vrystaat en Transvaal (albei steekproewe) en die Kaapprovinsie (slegs by die landelike steekproef) persentueel groter voorkeur gee aan Blankedrank as die totale groep. Die proefpersone woonagtig in Natal (albei steekproewe) en die Kaapprovinsie (slegs stedelike steekproef) asook in die Transkei en Zoeloeland gee persentueel groter voorkeur aan Bantoebier as wat verwag word.

Hierdie verspreiding hou duidelik verband met die wat by tabel 6.8 bespreek is.

## 6.14 SAMEVATTING

6.14.1 Terwyl die grootste enkele persentasie proefpersone by die stedelike steekproef Blankedrank verkies, verkies die grootste enkele persentasie by die landelike steekproef Bantoebier.

TABEL 6.9

DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE MATE DIE AMPTELIKE LANDSTALE KAN PRAAT

| Kennis van amptelike landstale | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Kan geeneen van die twee tale praat nie | 32 | 31.4 | 64 | 62.7 | 6 | 5.9 | 102 | 100.0 | 27 | 17.9 | 121 | 80.1 | 3 | 2.0 | 151 | 100.0 |
| Praat òf Afrikaans òf Engels | 109 | 50.7 | 105 | 48.8 | 1 | 0.5 | 215 | 100.0 | 56 | 45.5 | 63 | 51.2 | 4 | 3.3 | 123 | 100.0 |
| Praat Afrikaans en Engels | 234 | 71.1 | 91 | 27.7 | 4 | 1.2 | 329 | 100.0 | 23 | 54.8 | 19 | 45.2 | 0 | - | 42 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 66.7737; \quad p < .1\%$

TABEL 6.10

DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK

| Eenhede drank gebruik gedurende die 7 dae wat die opname voorafgegaan het[1] | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 56 | 57.1 | 40 | 40.8 | 2 | 2.0 | 98 | 100.0 | 23 | 39.0 | 35 | 59.3 | 1 | 1.7 | 59 | 100.0 |
| 1-12 eenhede | 120 | 42.3 | 158 | 55.6 | 6 | 2.1 | 284 | 100.0 | 42 | 25.0 | 122 | 72.6 | 4 | 2.4 | 168 | 100.0 |
| 13 - 24 eenhede | 106 | 74.1 | 37 | 25.9 | 0 | - | 143 | 100.0 | 26 | 41.9 | 34 | 54.8 | 2 | 3.2 | 62 | 100.0 |
| 25 eenhede en meer | 93 | 76.9 | 25 | 20.7 | 3 | 2.5 | 121 | 100.0 | 15 | 55.6 | 12 | 44.4 | 0 | - | 27 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

1) Vir die klassifikasienorm van drankeenhede, kyk hoofstuk 7, bl. 100

TABEL 6.11

DRANKVOORKEUR BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON

| Provinsie of gebied | Stedelike steekproef | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Blankedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | | Blånkedrank | | Bantoebier | | Brousels | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Kaapprovinsie | 39 | 42.4 | 53 | 57.6 | 0 | - | 92 | 100.0 | 23 | 36.5 | 40 | 63.5 | 0 | - | 63 | 100.0 |
| Natal | 25 | 29.4 | 54 | 63.5 | 6 | 7.1 | 85 | 100.0 | 5 | 11.1 | 39 | 86.7 | 1 | 2.2 | 45 | 100.0 |
| O.V.S. | 55 | 69.6 | 22 | 27.8 | 2 | 2.5 | 79 | 100.0 | 24 | 68.6 | 11 | 31.4 | 0 | - | 35 | 100.0 |
| Transvaal | 256 | 65.6 | 131 | 33.6 | 3 | 0.8 | 390 | 100.0 | 40 | 37.4 | 61 | 57.0 | 6 | 5.6 | 107 | 100.0 |
| Transkei | - | - | - | - | - | - | - | - | 11 | 24.4 | 34 | 75.6 | 0 | - | 45 | 100.0 |
| Zoeloeland | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 14.3 | 18 | 85.7 | 0 | - | 21 | 100.0 |
| TOTAAL | 375 | 58.0 | 260 | 40.2 | 11 | 1.7 | 646 | 100.0 | 106 | 33.5 | 203 | 64.2 | 7 | 2.2 | 316 | 100.0 |

6.14.2 Van alle dranksoorte gebruik die proefpersone van albei steekproefgroepe wel die meeste keer Bantoebier, daarna Blankedrank en brousels.

6.14.3 Terwyl daar by die stedelike steekproef geen noemenswaardige verskil is tussen die drankvoorkeur van mans en vroue nie, gee die mans by die landelike steekproef persentueel groter voorkeur aan Blankedrank as die totale groep, die vroue persentueel groter voorkeur aan Bantoebier.

6.14.4 Die ouderdomsgroep 15 tot 30 jaar by die stedelike steekproef en die 31 tot 50 jaar-groep by die landelike steekproef gee persentueel groter voorkeur aan Blankedrank, terwyl 'n groter persentasie as die verwagte van die 15 tot 30 jaar-groep by die landelike steekproef en die 51 jaar-en-ouer-ouderdomsgroep by albei steekproewe voorkeur aan Bantoebier gee.

6.14.5 Persone in professionele beroepe en eienaars van ondernemings asook voltydse boere gee persentueel meer as die verwagte voorkeur aan Blankedrank.

6.14.6 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, word persentueel meer aan Blankedrank en minder aan Bantoebier, as die verwagte, voorkeur gegee.

6.14.7 Namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, gee persentueel meer persone uit elke inkomstegroep voorkeur aan Blankedrank en persentueel minder aan Bantoebier.

6.14.8 Diegene wat nog ongetroud is, gee by die stedelike steekproef persentueel groter voorkeur as die verwagte aan Blankedrank en by die landelike steekproef bevat dieselfde groep 'n groter persentasie persone wat voorkeur gee aan Bantoebier.

6.14.9 Die Tswanas en Suid-Sotho's verkies persentueel meer Blankedrank as die verwagte, terwyl die Xhosas en Zoeloes weer persentueel meer Bantoebier as die verwagte verkies.

6.14.10 Waar die proefpersone wat sowel Afrikaans as Engels kan praat 'n groter persentasie persone as die verwagte insluit wat Blankedrank verkies, het dié groepe wat nòg Afrikaans nòg Engels kan praat, nie 'n groter persentasie persone wat Bantoebier verkies nie.

6.14.11 Proefpersone wat die meeste eenhede drank gedurende 'n tydperk van sewe dae gebruik het, verkies persentueel meer Blankedrank as wat verwag word, terwyl diegene wat slegs 1 tot 12 eenhede drank genuttig het persentueel meer as die verwagte aan Bantoebier voorkeur gee.

6.14.12 Proefpersone van die Vrystaat en Transvaal (en die landelike steekproef se Kaapprovinsiebewoners) bevat 'n groter persentasie persone wat Blankedrank verkies as die totale groep. Dié woonagtig in Natal, Transkei en Zoeloeland (en die stedelike Kaapprovinsiebewoners) verkies weer persentueel meer Bantoebier as wat die totale groep verkies.

6.14.13 Dit skyn asof die volgende faktore duidelik met 'n hoër graad van Blankedrankvoorkeur by albei steekproefgroepe verband hou: professionele en ander „statusgewende" beroepe, 'n hoë onderwyspeil, 'n hoë inkomste, 'n Tswana en Suid-Sotho etniese verband, kennis van albei amptelike tale en die gebruik van 'n groter aantal drankeenhede.

# HOOFSTUK 7

# DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK

## 7.1 INLEIDING

Die hoeveelheid „drankies" wat 'n proefpersoon gebruik, word in hierdie hoofstuk onder die loep geneem. Aan proefpersone is gevra hoeveel eenhede van die verskillende dranksoort hulle gebruik het gedurende die sewe dae wat die opname voorafgegaan het. (Vergelyk vrae 23 en 24 in die vraelys - bylaag 1.) Alhoewel 'n vergelykbare basis vir die verskillende dranksoorte uiteraard heelwat probleme lewer, veral wat brousels betref, is die volgende groepering gemaak op grond van die persentasie alkohol per volume eenheid.

Een eenheid drank is gelyk aan:

1 sopie spiritualieë (1 bottel is gelyk aan 21 sopies)
1 klein botteltjie „witmansbier" (1 groot bottel is gelyk aan 2 eenhede)
1 glas wyn (1 bottel is gelyk aan 12 glase)
1 tweepint-eenheid Bantoebier
1 halfpint-eenheid brousel.

Hierdie nivellering van die verskillende dranksoorte wat hul persentasie alkohol per volume eenheid betref, is geensins bedoel om waterdig te wees nie. Dit is hoogstens 'n min of meer vergelykbare basis waarop gewerk kan word.

## 7.2 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE

In figuur 7.1 kan die ooreenkoms en die verskille tussen die twee steekproefgroepe, wat hul proefpersone se drankgebruik vir een week betref, duidelik onderskei word. Dieselfde tendens is by albei steekproefgroepe merkbaar: die groot persentuele aandeel van die 1 - 12 eenhede-groepe (vir die persentasieverspreiding vergelyk tabel 7.1: stedelike steekproef 44.0% en landelike steekproef 53.2%) en die relatief geleidelike daling in persentuele aandeel na die groter eenhede-groepe (tabel 7.1: stedelike steekproef 22.1% by die 13-24 eenhede-groep en 18.7% by die 25-eenhede-en-meer-groep; landelike steekproef: 19.6% en 8.6% onderskeidelik).

Die stedelike steekproef neig egter tot 'n „swaarder" patroon wat die gebruik van die aantal eenhede betref. 'n Groter persentasie van die landelike steekproef as van die stedelike steekproef is persone wat relatief klein hoeveelhede drank in die betrokke week gebruik het. (Tabel 7.1: 18.7% teenoor 15.2% by dié groep drinkers wat gedurende die betrokke sewe dae glad nie drank gebruik het nie en 53.2% teenoor 44.0% by dié drinkers wat gedurende dié sewe dae 1 - 12 eenhede drank gebruik het.) Die stedelike steekproef het daarenteen 'n groter persentasie drankgebruikers in die groter eenhede-groepe as die landelike steekproef (22.1% teenoor 19.6% by die 13-24 eenhede-groepe; 18.7% teenoor 8.6% by die 25 eenhede-en-meer-groepe).

Alhoewel sowel die stedelike as landelike steekproef feitlik dieselfde persentasie drankgebruikers insluit (tabel 3.1), is die drankgebruikpatroon van die stedelike steekproef volgens figuur 7.1 heelwat swaarder as dié van die landelike steekproef. Dit is moontlik dat die volgende hiermee verband hou: die drankgebruikers van die stedelike steekproef, omdat hulle meer as die landelike drankgebruikers Blankedrank (tabel 5.1) en meer slegs Blankedrank (tabel 5.2) drink, kan potensieel meer drankeenhede op 'n keer gebruik want 'n klein hoeveelheid brandewyn bevat 'n „groot" aantal drankeenhede, terwyl die gebruik van „groot" hoeveelhede Bantoebier met 'n relatief klein inname van drankeenhede gepaard gaan. 'n Belangriker faktor heelwaarskynlik is die feit dat die stedelike Bantoe oor 'n groter inkomste beskik (tabel 2.3) as die landelike Bantoe en in 'n groter mate in staat is, ook vanweë die „beskikbaarheid" van Blankedrank deur onwettige handel, om drank met groter „alkoholinhoud" te kan bekom. 'n Verdere faktor wat die gebruik van die groot hoeveelhede drank by die stedelike steekproef blykbaar in die hand kan werk, is die verval van die ou stamtradisies.

## FIGUUR 7.1

## GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE



TABEL 7.1

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE

| Geslag | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Mans | 52 | 11.8 | 182 | 41.2 | 111 | 25.1 | 53 | 12.0 | 44 | 10.0 | 442 | 100.0 | 27 | 13.3 | 106 | 52.2 | 46 | 22.7 | 24 | 11.9 | 203 | 100.0 |
| Vroue | 46 | 22.5 | 102 | 50.0 | 32 | 15.7 | 13 | 6.4 | 11 | 5.4 | 204 | 100.0 | 32 | 28.3 | 62 | 54.9 | 16 | 14.2 | 3 | 2.7 | 113 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 26.5013$; $p < .1\%$

$X^2 = 18.6793$; $p < .1\%$

## 7.3 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DIE TWEE GESLAGTE

Uit tabel 7.1 waarin die graad van drankgebruik volgens die geslag van die proefpersone ontleed word, blyk dit eksplisiet dat die vroue-drinkers van albei steekproefgroepe groter persentasies proefpersone insluit wat die minste eenhede drank gebruik het, as wat die totale groep insluit; stedelike steekproef 22.5 persent teenoor 15.2 persent en 50.0 persent teenoor 44.0 persent, landelike steekproef 28.3 persent teenoor 18.7 persent en 54.9 persent teenoor 53.2 persent wat geen drank nie en 1 tot 12 eenhede drank gedurende die sewe dae genuttig het, onderskeidelik. Die mans,aan die anderkant, omvat groter persentasies proefpersone wat die meeste eenhede drank gebruik het, as wat die totale groep omvat, nl. stedelike steekproef 25.1 persent teenoor 22.1 persent, 12.0 persent teenoor 10.2 persent en 10.0 persent teenoor 8.5 persent wat 13 tot 24 eenhede, 25 tot 36 eenhede en 37 eenhede en meer gedrink het. Dieselfde tendens geld vir die mans van die landelike steekproef.

Hierdie tendense is 'n aanduiding dat die vroue 'n heelwat ligter drinkpatroon het as die mans wat die hoeveelheid drank betref wat oor 'n betrokke tydperk verbruik word. Die vrou lewer dus nie alleen 'n baie kleiner persentasie drankgebruikers as die mans nie (tabel 7.1), maar ook het sy 'n ligter drankgebruikpatroon.

## 7.4 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY OUDERDOMSGROEPE

Tabel 7.2 is 'n tabellasie van die graad van drankgebruik by verskillende ouderdomsgroepe. Die jongste ouderdomsgroepe (diegene 15 tot 30 jaar) sluit groter persentasies proefpersone in wat die minste eenhede drank genuttig het, as wat die totale groepe insluit; stedelike steekproef 23.0 persent teenoor 15.2 persent en landelike steekproef 20.0 persent teenoor 18.7 persent wat geen drank gedurende dié sewe dae gebruik het nie.

Die 31 tot 50 jaar-ouderdomsgroep omvat weer groter persentasies proefpersone wat 13 tot 24 eenhede gebruik het (en wat by die stedelike steekproef die hoogste eenhede gebruik het), as die totale groep; stedelike steekproef 24.2 persent teenoor 22.1 persent, landelike steekproef 21.6 persent teenoor 19.6 persent (en stedelike steekproef 11.0 persent teenoor 10.2 persent en 10.4 persent teenoor 8.5 persent).

Die 51 jaar-en-ouer-ouderdomsgroep toon by die landelike steekproef nogal groot ooreenkoms met die verwagte verspreiding (d.i. die verspreiding van die totale groep), behalwe vir die geringe groter persentasie persone wat 25 eenhede en meer gebruik het, 10.7 persent teenoor 8.6 persent. By die stedelike steekproef toon laasgenoemde ouderdomsgroep slegs 'n betekenisvol groter persentasie proefpersone wat 1 tot 12 eenhede genuttig het, as wat die geval by die totale groep is.

Wat die graad van drankgebruik van die proefpersone betref, wil dit dus voorkom asof die jongste ouderdomsgroep 'n ligter patroon as die totale groep vertoon, die 31 tot 50 jaar ouderdomsgroepe 'n swaarder patroon as die totale groep en die hoogste ouderdomsgroepe 'n patroon wat in 'n mate min of meer met dié van die totale groep ooreenstem. Dit is baie waarskynlik dat ekonomiese oorwegings baie bydra tot die jongste ouderdomsgroep se ligter drankgebruikpatroon (vergelyk die bespreking by tabel 3.2). Die feit dat die 31 tot 50 jaar-ouderdomsgroep Blankedrank veral vanweë die alkoholiese sterkte daarvan bo Bantoebier verkies (tabel 4.4), hang blykbaar saam met hierdie ouderdomsgroep se swaar drankgebruikpatroon. Hierdie ouderdomsgroep is ook verantwoordelik vir 'n groter persentasie drankgebruikers as die verwagte (tabel 3.2).

## 7.5 DIE GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY BEROEPSGROEPE

In tabel 7.3 word die graad van drankgebruik by die twee steekproefgroepe met die beroep van die proefpersoon in verband gebring. Uit hierdie tabel blyk dit dat by albei steekproefgroepe se "statusgewende" beroepsgroepe groter per-

TABEL 7.2

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY OUDERDOMSGROEPE

| Ouderdom | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 15-30 jaar | 48 | 23.0 | 90 | 43.1 | 38 | 18.2 | 19 | 9.1 | 14 | 6.7 | 209 | 100.0 | 14 | 20.0 | 38 | 54.3 | 13 | 18.6 | 5 | 7.2 | 70 | 100.0 |
| 31-50 jaar | 38 | 11.6 | 140 | 42.8 | 79 | 24.2 | 36 | 11.0 | 34 | 10.4 | 327 | 100.0 | 29 | 17.9 | 85 | 52.5 | 35 | 21.6 | 13 | 8.0 | 162 | 100.0 |
| 51 jaar en ouer | 12 | 11.0 | 54 | 49.1 | 26 | 23.6 | 11 | 10.0 | 7 | 6.4 | 110 | 100.0 | 16 | 19.0 | 45 | 53.6 | 14 | 16.7 | 9 | 10.7 | 84 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 18.6280$; $2\% > p > 1\%$

$X^2 = 1.5709$; $98\% > p > 95\%$

TABEL 7.3

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY BEROEPSGROEPE

| Beroepsoort | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Arbeiders: plaasarbeiders, myn- en ander bedryfsarbeiders; vissers | 12 | 6.8 | 78 | 44.3 | 46 | 26.1 | 24 | 13.6 | 16 | 9.1 | 176 | 100.0 | 12 | 11.3 | 68 | 64.1 | 18 | 17.0 | 8 | 7.5 | 106 | 100.0 |
| Persone in professionele, tegniese en ander „geleerde" beroepe | 5 | 8.8 | 13 | 22.8 | 21 | 36.8 | 12 | 21.1 | 6 | 10.5 | 57 | 100.0 | 1 | 12.5 | 2 | 25.0 | 4 | 50.0 | 1 | 12.5 | 8 | 100.0 |
| Persone betrokke by aflewerings-, vervoer- en veiligheidsdienste en huis- en tuinbediendes | 44 | 16.8 | 132 | 50.4 | 50 | 19.0 | 16 | 6.1 | 20 | 7.6 | 262 | 100.0 | 0 | - | 1 | 50.0 | 1 | 50.0 | 0 | - | 2 | 100.0 |
| Voltydse studente, skoliere en huisvroue en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie | 22 | 22.0 | 43 | 43.0 | 19 | 19.0 | 10 | 10.0 | 6 | 6.0 | 100 | 100.0 | 19 | 26.4 | 36 | 50.0 | 14 | 19.4 | 3 | 4.2 | 72 | 100.0 |
| Persone met eie ondernemings bv. handelaars en selfstandige boere | 2 | 10.0 | 7 | 35.0 | 4 | 20.0 | 3 | 15.0 | 4 | 20.0 | 20 | 100.0 | 11 | 18.3 | 26 | 43.3 | 16 | 26.7 | 7 | 11.6 | 60 | 100.0 |
| Werkloses | 13 | 42.0 | 11 | 35.5 | 3 | 9.7 | 1 | 3.2 | 3 | 9.7 | 31 | 100.0 | 3 | 21.4 | 7 | 50.0 | 4 | 28.6 | 0 | - | 14 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 67.2138; \; p < .1\%$

sentasies drankgebruikers as die verwagte ingesluit word wat die hoogste aantal eenhede gebruik het, nl. by persone in professionele, tegniese en derglike beroepe 36.8 persent teenoor 22.1 persent, 21.1 persent teenoor 10.2 persent en 10.5 persent teenoor 8.5 persent wat meer as 12 eenhede gebruik het by die stedelike steekproef en 50.0 persent teenoor 19.6 persent en 12.5 persent teenoor 8.6 persent - die kolomgetalle is egter uiters klein - by die landelike steekproef. Drankgebruikers met eie ondernemings toon dieselfde tendens.

Kenmerkend verder is die hoër persentasie werkloses as die verwagte en die groep voltydse skoliere, studente en huisvroue, wat gedurende die sewe dae glad nie drank gebruik het nie, stedelike steekproef 42.0 persent en 22.0 persent teenoor 15.2 persent, en landelike steekproef 21.4 persent en 26.4 persent teenoor 18.7 persent.

Waar die arbeidergroep by die landelike steekproef slegs ten opsigte van 1 tot 12 eenhede 'n hoër persentasie as die totale groep toon, 64.1 persent teenoor 53.2 persent, sluit dié groep by die stedelike steekproef groter persentasies proefpersone in wat die meeste eenhede drank gebruik het as wat die totale groep doen, te wete 26.1 persent teenoor 22.1 persent, 13.6 persent teenoor 10.2 persent en 9.1 persent teenoor 8.5 persent.

Wat die graad van drankgebruik betref, wil dit voorkom asof persone in „statusgewende" beroepe en die algemene bedryfsarbeiders van die stedelike steekproef 'n swaarder patroon as die totale groep het, terwyl werkloses, huisvroue, skoliere en studente weer 'n ligter patroon as die verwagte vertoon. Persone in „statusgewende" beroepe is uiteraard finansieel beter daartoe in staat om baie drank te kan gebruik, veral in verhouding met werkloses, huisvroue, skoliere en studente. Persone in „statusgewende" beroepe bevat dan ook 'n groter persentasie drankgebruikers (tabel 3.3) en verkies in 'n groter mate Blankedrank (tabel 6.4) as die totale groep. Die algemene bedryfsarbeiders by die stedelike steekproef het wel 'n swaarder drankgebruikpatroon as die totale groep maar het 'n ligter patroon as dié van persone in „statusgewende" beroepe.

## 7.6 GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY ONDERWYSPEILGROEPE

Tabel 7.4 is 'n tabellasie van die graad van drankgebruik by verskillende onderwyspeilgroepe. Die drankgebruikers wat nooit skool gegaan het nie, sluit groter persentasies persone in wat die minste eenhede drank gebruik het as wat by die totale groep die geval is, stedelike steekproef 55.6 persent teenoor 44.0 persent wat 1 tot 12 eenhede gebruik het en landelike steekproef 21.4 persent teenoor 18.7 persent en 58.8 persent teenoor 53.2 persent wat geen en 1 tot 12 eenhede genuttig het, onderskeidelik.

Albei die onderwyspeilgroepe waarvan die proefpersone een of ander skool bygewoon het, maar veral diegene wat 'n standerd 5-of 'n hoër eksamen geslaag het, het groter persentasies proefpersone wat die meeste eenhede drank in dié sewe dae gebruik het as die totale groepe. Die hoogste onderwyspeilgroep omvat by die stedelike steekproef 12.2 persent proefpersone wat 25 tot 36 eenhede drank gebruik het en 13.6 persent wat 37 eenhede en meer gedrink het teenoor die totale groep se 10.2 persent en 8.5 persent. Die ooreenstemmende persentasies by die landelike steekproef is 36.7 persent teenoor 19.6 persent (13 - 24 eenhede) en 20.0 persent teenoor 8.6 persent (25 eenhede en meer).

Wat die graad van drankgebruik betref, het die laagste onderwyspeilgroep, diegene wat nooit skool gegaan het nie, 'n heelwat ligter patroon as die totale groep. Die onderwyspeilgroep wat proefpersone insluit met 'n standerd 5- of 'n hoër sertifikaat het weer 'n swaarder patroon as die totale groep. Dit is opvallend dat waar persone wat oor 'n standerd 5- of 'n hoër sertifikaat beskik in verhouding tot die totale groep persentueel baie minder drankgebruikers oplewer (tabel 3.4), juis drankgebruikers oplewer wat 'n swaar drankgebruikpatroon het. Minder van hulle as van die totaal nuttig dus drank, maar die wat wel drink, drink meer eenhede as die totale groep. Hierdie verskynsels hang weliswaar onder andere saam met die feit dat persentueel meer as die verwagte van die

TABEL 7.4

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY ONDERWYSPEILGROEPE

| Onderwyspeil | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nooit skool gegaan nie | 28 | 15.7 | 99 | 55.6 | 29 | 16.3 | 20 | 11.2 | 2 | 1.1 | 178 | 100.0 | 39 | 21.4 | 107 | 58.8 | 28 | 15.4 | 8 | 4.4 | 182 | 100.0 |
| Skoolbywoning in substanderd A-st. 4 geslaag | 39 | 15.3 | 108 | 42.3 | 64 | 25.1 | 20 | 7.8 | 24 | 9.4 | 255 | 100.0 | 16 | 15.4 | 52 | 50.0 | 23 | 22.1 | 13 | 12.6 | 104 | 100.0 |
| St. 5 geslaag - verwerwing van universiteitsgraad | 31 | 14.6 | 77 | 36.1 | 50 | 23.5 | 26 | 12.2 | 29 | 13.6 | 213 | 100.0 | 4 | 13.3 | 9 | 30.0 | 11 | 36.7 | 6 | 20.0 | 30 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 33.2122$; $p < .1\%$ $X^2 = 22.7241$; $p < .1\%$

drankgebruikers uit hierdie onderwyspeilgroep Blankedrank verkies (tabel 6.5), en dit dan in 'n groter mate as die totale groep vanweë die alkoholiese sterkte daarvan drink (tabel 4.9).

## 7.7 GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE

Tabel 7.5 is 'n tabellasie van die graad van drankgebruik by verskillende inkomstegroepe. Namate die inkomste van die inkomstegroepe hoër is, het die betrokke inkomstegroep 'n groter persentasie proefpersone wat relatief baie eenhede drank gebruik het, 13 eenhede en meer. By die stedelike steekproef styg die persentasie drankgebruikers wat 13 tot 24 eenhede gebruik het, van 12.4 persent by die groep met 'n inkomste van R10 en minder, na 34.0 persent by die groep wat R31 en meer per maand as inkomste ontvang. By die stedelike steekproef se drankgebruikers wat 25 tot 36 eenhede drank gebruik het, is die ooreenstemmende styging 2.1 persent na 16.2 persent en by diegene wat meer as 37 eenhede gedrink het, 3.4 persent na 13.5 persent. Dieselfde styging kan by die landelike steekproef se inkomstegroepe onderskei word ten opsigte van meer as 12 eenhede drank.

Namate die inkomste van die inkomstegroepe egter laer is, is die ooreenstemmende persentasie proefpersone wat die minste eenhede drank genuttig het, diegene wat geen drankgebruik het nie en 1 tot 12 eenhede gebruik het, groter.

Wat die graad van drankgebruik betref, blyk dit duidelik dat die hoër inkomstegroep (R31 en meer) 'n swaarder drinkpatroon as die totale groep vertoon, terwyl die laer inkomstegroepe, diegene met 'n inkomste van R10 en minder per maand, 'n ligter patroon as die totale groep vertoon. Die persone met die hoë inkomste het uiteraard meer geld tot hul beskikking vir die aankoop van drank. Dit blyk duidelik dat daar 'n sterk positiewe verband is tussen 'n „statusgewende" beroep, 'n hoë onderwyspeil, 'n hoë inkomste en 'n swaar drankgebruikpatroon.

## 7.8 GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY HUWELIKSTAATGROEPE

In tabel 7.6 word die graad van drankgebruik by die twee steekproefgroepe gekorreleer met die huwelikstaat van die proefpersone. Die wettiglik getroude proefpersone omvat by albei steekproefgroepe 'n groter persentasie persone wat groter eenhede drank gebruik het as wat die totale groepe genuttig het, stedelike steekproef 25.1 persent teenoor 22.1 persent (13 tot 24 eenhede) en 12.3 persent teenoor 10.2 persent (25 tot 36 eenhede) en landelike steekproef 22.3 persent teenoor 19.6 persent (13 tot 24 eenhede).

Die groepe met proefpersone wat nog nie getroud is nie en die sosiologies heterogene groepe met proefpersone wat saam woon, geskei is of wewenaar/weduwee is, neig weer om 'n groter persentasie persone as die totale groep in te sluit wat relatief minder eenhede drank gebruik het; stedelike steekproef 21.5 persent en 17.2 persent teenoor 15.2 persent (geen eenhede genuttig nie) en 46.9 persent en 55.2 persent teenoor 44.0 persent (1 tot 12 eenhede); landelike steekproef 60.9 persent teenoor 53.2 persent (1 tot 12 eenhede) en 24.4 persent teenoor 18.7 persent (geen eenhede nie) onderskeidelik.

In soverre dit die graad van drankgebruik aangaan, neig die wettiglik getroudes om 'n swaarder drinkpatroon en alle ongetroudes om 'n ligter patroon as die totale groep te hê. Die feit dat die ongetroudes so 'n ligte drankgebruikpatroon vertoon, hang saam met die feit dat veral jong persone in hul geledere ingesluit word. Die geskeies, wewenaars en weduwees bestaan veral uit relatief ouer persone wat ook tot 'n ligter drankgebruikpatroon geneig is.

## 7.9 GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY ETNIESE GROEPE

Tabel 7.7 is 'n tabellasie van die graad van drankgebruik by verskillende etniese groepe. Die Xhosas by albei steekproewe neig om 'n groter persentasie proefpersone as die verwagte in te sluit wat die kleinste hoeveelhede drank genuttig het; stedelike steekproef 27.5 persent teenoor 15.2 persent (geen eenhede genuttig nie) en 47.8 persent teenoor 44.0 persent (1 tot 12 eenhede) en landelike

TABEL 7.5

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY INKOMSTEGROEPE

| Inkomste per maand | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| R10 en minder | 44 | 30.3 | 75 | 51.7 | 18 | 12.4 | 3 | 2.1 | 5 | 3.4 | 145 | 100.0 | 45 | 20.9 | 129 | 60.0 | 30 | 14.0 | 11 | 5.1 | 215 | 100.0 |
| R11 - 30 | 37 | 11.7 | 159 | 50.3 | 62 | 19.6 | 33 | 10.4 | 25 | 7.9 | 316 | 100.0 | 12 | 14.0 | 35 | 40.7 | 26 | 30.2 | 13 | 15.1 | 86 | 100.0 |
| R31 en meer | 17 | 9.2 | 50 | 27.0 | 63 | 34.0 | 30 | 16.2 | 25 | 13.5 | 185 | 100.0 | 2 | 13.3 | 4 | 26.7 | 6 | 40.0 | 3 | 20.0 | 15 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 90.6831; \; p < .1\%$

$X^2 = 29.4651; \; p < .1\%$

## TABEL 7.6

### GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY HUWELIKSTAATGROEPE

| Huwelikstaat | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nie getroud nie | 34 | 21.5 | 74 | 46.9 | 24 | 15.2 | 11 | 7.0 | 15 | 9.5 | 158 | 100.0 | 9 | 19.6 | 28 | 60.9 | 6 | 13.0 | 3 | 6.5 | 46 | 100.0 |
| Op 'n erkende manier getroud | 54 | 12.6 | 178 | 41.4 | 108 | 25.1 | 53 | 12.3 | 37 | 8.6 | 430 | 100.0 | 40 | 17.5 | 120 | 52.4 | 51 | 22.3 | 18 | 7.8 | 229 | 100.0 |
| Woon saam, is geskei of is wewenaar/weduwee | 10 | 17.2 | 32 | 55.2 | 11 | 19.0 | 2 | 3.4 | 3 | 5.2 | 58 | 100.0 | 10 | 24.4 | 20 | 48.8 | 5 | 12.2 | 6 | 14.6 | 41 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

$X^2$ = 21.3812; 1%> p>.1%

$X^2$ = 6.7140; 50%> p>30%

TABEL 7.7

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY ETNIESE GROEPE

| Etniese groep | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Xhosa | 38 | 27.5 | 66 | 47.8 | 17 | 12.3 | 10 | 7.2 | 7 | 5.1 | 138 | 100.0 | 19 | 19.8 | 54 | 56.2 | 18 | 18.7 | 5 | 5.2 | 96 | 100.0 |
| Zoeloe | 13 | 9.2 | 55 | 38.7 | 41 | 28.9 | 20 | 14.1 | 13 | 9.2 | 142 | 100.0 | 20 | 29.7 | 37 | 55.2 | 10 | 15.0 | 0 | - | 67 | 100.0 |
| Noord-Sotho (Sepedi) | 11 | 15.1 | 32 | 43.8 | 20 | 27.4 | 10 | 13.7 | 0 | - | 73 | 100.0 | 6 | 13.3 | 23 | 51.1 | 10 | 22.2 | 6 | 13.3 | 45 | 100.0 |
| Tswana | 18 | 17.0 | 41 | 38.7 | 26 | 24.5 | 9 | 8.5 | 12 | 11.3 | 106 | 100.0 | 7 | 16.3 | 22 | 51.2 | 8 | 18.6 | 6 | 14.0 | 43 | 100.0 |
| Suid-Sotho (Sotho) | 11 | 13.4 | 28 | 34.1 | 19 | 23.2 | 9 | 11.0 | 15 | 18.3 | 82 | 100.0 | 3 | 13.6 | 9 | 41.0 | 5 | 22.7 | 5 | 22.7 | 22 | 100.0 |
| Ander: Ndebele Tsonga Venda Swazi | 7 | 6.7 | 62 | 59.0 | 20 | 19.0 | 8 | 7.6 | 8 | 7.6 | 105 | 100.0 | 4 | 9.3 | 23 | 53.5 | 11 | 25.6 | 5 | 11.6 | 43 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

steekproef 56.2 persent teenoor 53.2 persent (1 tot 12 eenhede).

Die Noord-Sotho's en die Suid-Sotho's neig weer om groter persentasies proefpersone in te sluit as die totale groep wat groot hoeveelhede drank gebruik het, bv. by die stedelike steekproef het 13.7 persent van die Noord-Sotho's 25 tot 36 eenhede drank gebruik teenoor 10.2 persent van die totale groep. Teenoor die 8.6 persent van die totale groep by die landelike steekproef wat 25 eenhede drank en meer gebruik het, het 13.3 persent van die Noord-Sotho's dié hoeveelheid drank genuttig.

Waar die Zoeloes by die stedelike steekproef groter persentasies proefpersone as die verwagte insluit wat die groter hoeveelhede drank genuttig het, 28.9 persent teenoor 22.1 persent wat 13 tot 24 eenhede gebruik het en 14.1 persent teenoor 10.2 persent wat 25 tot 36 eenhede gebruik het, neig hierdie etniese groep om by die landelike steekproef groter persentasies proefpersone as die verwagte in te sluit wat die kleinste hoeveelhede drank genuttig het; 29.7 persent teenoor 18.7 persent van die Zoeloes het geen drank gedurende die sewe dae genuttig nie.

Die Xhosas van albei steekproewe en die Zoeloes van die landelike steekproef neig om wat die graad van drankgebruik betref, 'n ligter drinkpatroon as die totale groep te hê. (Hierdie etniese groepe verkies in 'n groter mate as die totale groep Bantoebier: tabel 6.8.) Die Noord-Sotho's en Suid-Sotho's van albei steekproefgroepe en die Zoeloes van die stedelike steekproef neig weer om 'n swaarder patroon as die totale groep te hê.

## 7.10 GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY WOONPLEKGROEPE

Die graad van drankgebruik word in tabel 7.8 met die woonplek van die proefpersone gekorreleer. Waar die stedelike Bantoes wat verspreid in die Blankedorps- en Blankestadsgebiede woon groter persentasies proefpersone as die totale groep insluit wat die kleiner hoeveelhede drank genuttig het, 21.9 persent teenoor 15.2 persent (geen eenhede nie) en 52.7 persent teenoor 44.0 persent (1 tot 12 eenhede), omvat die bewoners in Bantoewoongebiede in Blankegebiede groter persentasies proefpersone as die verwagte wat die groter eenhede drank gedrink het, nl. 25.5 persent teenoor 22.1 persent (13 tot 24 eenhede) en 12.5 persent teenoor 10.2 persent (25 tot 36 eenhede) en 10.0 persent teenoor 8.5 persent (37 eenhede en meer).

Terwyl die landelike Bantoegebiedbewoners geen duidelike tendens vertoon nie, neig die Blankeplaasbewoners tot 'n ligter patroon as die totale groep; 63.5 persent van laasgenoemde persone het nl. gedurende die sewe dae 1 tot 12 eenhede drank genuttig teenoor die 53.2 persent van die totale groep.

Wat die graad van drankgebruik betref, het die stedelike groep wat verspreid in Blanke woonbuurtes woon, en die Blankeplaasbewoners 'n ligter drinkpatroon as die totale groep. Die Bantoewoongebiedbewoners in Blankestads- en -dorpsgebiede het weer 'n swaarder patroon as die totale groep, wat waarskynlik saamhang met die feit dat dié woongebiede gewoonlik die kern was van onwettig brou en handel van alkoholiese drank. In die Blankewoongebiede was sulke onwettige praktyke baie moeiliker uitvoerbaar. (Die persone wat in laasgenoemde gebiede woon, bestaan hoofsaaklik uit huisbediendes met 'n ligter patroon, vergelyk tabel 7.3.)

## 7.11 GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DRINKFREKWENSIEGROEPE

Tabel 7.9 is 'n tabellasie van die graad van drankgebruik by verskillende drinkfrekwensiegroepe. Die verspreidings in hierdie tabel is voor-die-handliggend: die groep drankgebruikers wat slegs een keer per maand en minder drank gebruik, omvat kenmerkend groter persentasies proefpersone as die totale groep wat gedurende die betrokke sewe dae geen drank genuttig het nie, stedelike steekproef 67.0 persent teenoor 15.2 persent en landelike steekproef 59.7 persent teenoor 18.7 persent.

Aan die anderkant het 34.8 persent teenoor 22.1 persent en 33.3 persent teenoor 19.6 persent van die daaglikse drankgebruikers 13 tot 24 eenhede drank

TABEL 7.8

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY WOONPLEKGROEPE

| Woonplek | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Woon-plek | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Verspreid in Blanke-dorps- en Blanke-stadsgebied | 44 | 21.9 | 106 | 52.7 | 29 | 14.4 | 13 | 6.5 | 9 | 4.5 | 201 | 100.0 | Bantoe-gebied | 31 | 19.6 | 76 | 48.1 | 38 | 24.1 | 13 | 8.3 | 158 | 100.0 |
| Bantoewoon-gebied in Blankedorps- en Blanke-stadsge-bied | 52 | 12.7 | 160 | 39.2 | 104 | 25.5 | 51 | 12.5 | 41 | 10.0 | 408 | 100.0 | Blanke-plaas | 26 | 19.0 | 87 | 63.5 | 17 | 12.4 | 7 | 5.1 | 137 | 100.0 |
| Kampong in Blanke-dorps- of Blanke-stadsgebied | 2 | 5.4 | 18 | 48.6 | 10 | 27.0 | 2 | 5.4 | 5 | 13.5 | 37 | 100.0 | Kampong in Blanke-gebied | 1 | 6.2 | 3 | 18.8 | 5 | 31.3 | 7 | 43.8 | 16 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | TOTAAL | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 35.3025;\ p < .1\%$

$X^2 = 39.5776;\ p < .1\%$

TABEL 7.9

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY DRINKFREKWENSIEGROEPE

| Drink-frekwensie | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Daagliks | 1 | 0.9 | 22 | 19.1 | 40 | 34.8 | 29 | 25.2 | 23 | 20.0 | 115 | 100.0 | 0 | - | 11 | 30.6 | 12 | 33.3 | 13 | 36.1 | 36 | 100.0 |
| 3-6 dae per week | 2 | 1.6 | 45 | 36.6 | 43 | 35.0 | 14 | 11.4 | 19 | 15.4 | 123 | 100.0 | 0 | - | 18 | 46.2 | 15 | 38.5 | 6 | 15.4 | 39 | 100.0 |
| 1-2 dae per week | 28 | 9.1 | 186 | 60.4 | 58 | 18.8 | 23 | 7.5 | 13 | 4.2 | 308 | 100.0 | 19 | 11.0 | 115 | 66.1 | 32 | 18.4 | 8 | 4.6 | 174 | 100.0 |
| Een keer per maand en minder | 67 | 67.0 | 31 | 31.0 | 2 | 2.0 | 0 | - | 0 | - | 100 | 100.0 | 40 | 59.7 | 24 | 35.8 | 3 | 4.4 | 0 | - | 67 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 370.5541$; $p < .1\%$

$X^2 = 154.6187$; $p < .1\%$

gebruik by die stedelike en landelike steekproefgroepe onderskeidelik. Ook ten opsigte van die hoër verbruikseenhede (25 eenhede en meer) toon die daaglikse drinkers groter persentasies as die totale groep.

Drankgebruikers wat meer dikwels drank nuttig, het wat die graad van drankgebruik betref, 'n swaarder drinkpatroon as die totale groep, terwyl proefpersone wat minder dikwels drank nuttig 'n ligter patroon as die totale groep vertoon.

## 7.12 GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON

In tabel 7.10 word die graad van drankgebruik met die woonplek van die proefpersone in die verskillende provinsies of landsgebiede gekorreleer. Geen betekenisvolle tendense kan in die verspreiding in hierdie tabel onderskei word nie. Wat opval is die hoë persentasie wat in die Kaapprovinsie by die stedelike steekproef en dié wat in Natal woon by die landelike steekproef (vergelyk die ooreenstemmende verspreiding in tabel 7.7) wat geen drank nie en 1 tot 12 eenhede genuttig het, 34.8 persent en 56.5 persent en 24.4 persent en 62.2 persent onderskeidelik.

## 7.13. SAMEVATTING

7.13.1 Alhoewel die twee steekproefgroepe dieselfde tendens toon wat die getal drankies betref wat gedurende sewe dae genuttig is, het die stedelike steekproef 'n swaarder drankgebruikpatroon as die landelike steekproef.

7.13.2 Die vroue het 'n heelwat ligter drankgebruikpatroon as die mans.

7.13.3 Die jongste ouderdomsgroep het 'n ligter drankgebruikpatroon as die totale groep, die 31 tot 50 jaar-groep 'n swaarder patroon en die hoogste ouderdomsgroep het min of meer dieselfde patroon.

7.13.4 Persone in „statusgewende" beroepe en die algemene bedryfsarbeiders van die stedelike steekproef het 'n swaarder drankgebruikpatroon en werkloses, huisvroue, skoliere en studente het 'n ligter drankgebruikpatroon as die totale groep.

7.13.5 Diegene wat nooit skool gegaan het nie, het 'n ligter drankgebruikpatroon terwyl persone wat 'n standerd 5- of 'n hoër eksamen geslaag het 'n swaarder drankgebruikpatroon het as die totale groep.

7.13.6 Die hoogste inkomstegroep het die swaarste drankgebruikpatroon en die laagste inkomstegroep die ligste drankgebruikpatroon.

7.13.7 Getroude persone het 'n swaarder drankgebruikpatroon en ongetroudes 'n ligter drankgebruikpatroon as die totale groep.

7.13.8 Die Xhosas van albei steekproefgroepe en die Zoeloes van die landelike steekproef het 'n ligter drankgebruikpatroon as die totale groep terwyl die stedelike Zoeloes en die Suid-Sotho's en Noord-Sotho's van albei steekproefgroepe neig om 'n swaarder drankgebruikpatroon as die totale groep te hê.

7.13.9 Diegene wat verspreid in Blankedorps- en -stadswoonbuurtes en op Blankeplase woon, het 'n ligter drankgebruikpatroon en Bantoewoongebiedbewoners in Blankestads- en -dorpsgebiede 'n swaarder drankgebruikpatroon as die totale groep.

7.13.10 Drankgebruikers wat dikwels drank gebruik, het 'n swaarder drankgebruikpatroon as dié wat drank minder dikwels nuttig.

7.13.11 Die Kaapprovinsie-bewoners en die landelike bewoners van Natal neig om 'n ligter drankgebruikpatroon as die totale groep te hê.

TABEL 7.10

GRAAD VAN DRANKGEBRUIK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE PROVINSIES OF GEBIEDE WOON

| Provinsie of gebied | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25-36 eenhede | | 37 eenhede en meer | | Totaal | | Geen | | 1-12 eenhede | | 13-24 eenhede | | 25 eenhede en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Kaapprovinsie | 32 | 34.8 | 52 | 56.5 | 8 | 8.7 | 0 | - | 0 | - | 92 | 100.0 | 11 | 21.6 | 29 | 56.9 | 3 | 5.9 | 8 | 15.7 | 51 | 100.0 |
| Natal | 10 | 11.8 | 43 | 50.6 | 17 | 20.0 | 9 | 10.6 | 6 | 7.1 | 85 | 100.0 | 11 | 24.4 | 28 | 62.2 | 6 | 13.3 | 0 | - | 45 | 100.0 |
| O.V.S. | 17 | 21.5 | 14 | 17.7 | 18 | 22.8 | 10 | 12.7 | 20 | 25.3 | 79 | 100.0 | 10 | 28.6 | 12 | 34.3 | 7 | 20.0 | 6 | 17.1 | 35 | 100.0 |
| Transvaal | 39 | 10.0 | 175 | 44.9 | 100 | 25.6 | 47 | 12.1 | 29 | 7.4 | 390 | 100.0 | 11 | 10.3 | 61 | 57.0 | 26 | 24.3 | 9 | 9.5 | 107 | 100.0 |
| Transkei | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 14.0 | 30 | 52.6 | 15 | 26.3 | 4 | 7.1 | 57 | 100.0 |
| Zoeloeland | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 8 | 38.1 | 8 | 38.1 | 5 | 23.8 | 0 | - | 21 | 100.0 |
| TOTAAL | 98 | 15.2 | 284 | 44.0 | 143 | 22.1 | 66 | 10.2 | 55 | 8.5 | 646 | 100.0 | 59 | 18.7 | 168 | 53.2 | 62 | 19.6 | 27 | 8.6 | 316 | 100.0 |

7.13.12 Die volgende faktore neig veral om met 'n hoë graad van drankgebruik gepaard te gaan: Lid van die manlike geslag, 'n ouderdom tussen 31 jaar en 50 jaar; verder 'n statusgewende beroep, 'n hoë onderwyspeil, 'n hoë inkomste, 'n getroude status en 'n woonplek in 'n Bantoewoongebied.

# HOOFSTUK 8

# DIE DRINKFREKWENSIE

## 8.1 INLEIDING

Een van die kernaspekte van die drinkpatroon is die drinkfrekwensie. Met die drinkfrekwensie word bedoel die kere waarop 'n proefpersoon gemiddeld drank gebruik, afgesien van die hoeveelheid wat gebruik word. Aan die proefpersone is gevra wat die gemiddelde aantal dae is waarop hulle in een of ander graad drank gebruik. Die hoeveelheid drank is dus nie hier primêr nie, net die gereeldheid waarmee die proefpersoon met drank in aanraking kom. Alhoewel die verspreiding in tabel 7.9 dui op 'n betekenisvolle korrelasie tussen die graad van drankgebruik en die drinkfrekwensie van die proefpersone in albei steekproefgroepe, is dit nie noodwendig nie dat dieselfde tendense tussen dié twee faktore en die verskillende sosio-ekonomiese faktore bestaan.

## 8.2 DIE DRINKFREKWENSIE BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE

Uit figuur 8.1, 'n grafiese voorstelling van die drinkfrekwensie by die twee steekproefgroepe, blyk duidelik hoe die drinkfrekwensie van die twee steekproefgroepe ooreenkom. Ongeveer die helfte drankgebruikers van elke steekproef (vir persentasies, kyk tabel 8.1: stedelike steekproef, 47.6% en landelike steekproef 55.1%) gebruik drank op gemiddeld een tot twee dae per week. 'n Verdere 15.5 persent van die stedelike steekproef en 21.2 persent van die landelike steekproef gebruik een keer per maand en minder drank. Die res (stedelike steekproef 36.8% en landelike steekproef 23.7%) beslaan by elke steekproefgroep ongeveer twee groepe van min of meer gelyke groottes wat drank meer gereeld as op twee dae per week (daagliks en op drie tot ses dae per week) gebruik.

Die frekwensietendens is by albei steekproefgroepe dieselfde, maar aangesien die landelike steekproef groter persentasies proefpersone bevat met ligter frekwensies (55.1% en 21.2%) en kleiner persentasies met swaarder frekwensies (11.4% en 12.3%) as die stedelike steekproef (47.6% en 15.5%; 17.8% en 19.0% onderskeidelik), het dié groep 'n ligter drinkfrekwensiepatroon. Hierdie ligte drinkfrekwensiepatroon hang uiteraard saam met die feit dat die landelike steekproef na verhouding 'n groter getal vroue as die stedelike steekproef insluit. Hierdie verskil in verspreiding tussen die stedelike en landelike steekproewe kom ooreen met dié wat by figuur 7.1 bespreek is.

## 8.3 DIE DRINKFREKWENSIE BY DIE TWEE GESLAGTE

Tabel 8.1 is 'n tabellasie van die drinkfrekwensie by mans en vroue. Hierdie tabel toon dat by die mans en vroue van die stedelike steekproef 'n duidelike tendens onderskei kan word. Die mans sluit groter persentasies uit hul geledere in wat daagliks en op drie tot ses dae per week drank gebruik, as die totale groep, nl. 21.7 persent teenoor 17.8 persent en 21.7 persent teenoor 19.0 persent. Die vroue van hierdie steekproef toon presies die teenoorgestelde tendens: hulle nuttig weer in 'n groter mate as die totale groep hul drank met ligter frekwensies nl. 54.4 persent teenoor 47.6 persent (een tot twee dae per week) en 23.0 persent teenoor 15.5 persent (een keer per maand en minder). Hierdie tendens is nie so duidelik by die landelike steekproef te onderskei nie. Wat egter sowel die hoogste frekwensiegroep (daaglikse gebruikers) as die laagste frekwensiegroep betref (diegene wat een keer per maand en minder drank nuttig), kom dieselfde tendens duidelik na vore.

Dit blyk duidelik dat die drinkfrekwensiepatroon van die mans swaarder is as dié van die totale groep terwyl dié van die vroue ligter is as dié van die totale groep. In hooftrekke stem die patroon wat die graad van drankgebruik by die twee geslagte betref (tabel 7.1) dus ooreen met die drinkfrekwensiepatroon by die twee geslagte.

FIGUUR 8.1

DIE DRINKFREKWENSIE BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE



TABEL 8.1

DIE DRINKFREKWENSIE BY DIE TWEE GESLAGTE

| Geslag | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Mans | 96 | 21.7 | 96 | 21.7 | 197 | 44.6 | 53 | 12.0 | 442 | 100.0 | 29 | 14.3 | 24 | 11.8 | 122 | 60.1 | 28 | 13.8 | 203 | 100.0 |
| Vroue | 19 | 9.3 | 27 | 13.2 | 111 | 54.4 | 47 | 23.0 | 204 | 100.0 | 7 | 6.2 | 15 | 13.3 | 52 | 46.0 | 39 | 34.5 | 113 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 31.1856$; $p < .1\%$

$X^2 = 21.6081$; $p < .1\%$

## 8.4 DIE DRINKFREKWENSIE BY OUDERDOMSGROEPE

Tabel 8.2 is 'n tabellasie van die drinkfrekwensie by verskillende ouderdomsgroepe. Hierdie tabel toon 'n soortgelyke verspreiding as dié in tabel 7.2. Daar is dus ook tussen drinkfrekwensie en die ouderdom van die proefpersone by hierdie twee steekproefgroepe 'n betekenisvolle verband. Die jongste ouderdomsgroep, diegene 15 tot 30 jaar, het groter persentasies proefpersone wat gemiddeld op een tot twee dae per week en een keer per maand en minder drank gebruik as wat die geval met die totale groep is. Diegene wat 31 tot 50 jaar oud is, het weer groter persentasies proefpersone met die hoogste drinkfrekwensies (diegene wat daagliks en op drie tot ses dae per week drank gebruik) as die totale groep. Drankgebruikers ouer as 50 jaar het by die stedelike steekproef ook groter persentasies proefpersone met die hoogste drinkfrekwensies as die totale groep, maar by die landelike steekproef slegs 'n groter persentasie as die totale groep wat op een tot twee dae per week drank gebruik (57.1% teenoor 55.1%).

By die stedelike steekproef is die verband tussen drinkfrekwensie en 'n hoër ouderdom so duidelik dat die persentasie proefpersone in die hoogste drinkfrekwensiegroepe feitlik sonder uitsondering groter word al na gelang die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is. As die ouderdom van die ouderdomsgroep hoër is, neem die persentasie proefpersone van die onderskeie ouderdomsgroepe wat slegs op een tot twee dae per week drank nuttig af van 50.2 persent na 47.1 persent en 44.5 persent, en diegene wat een keer per maand en minder drank nuttig, af van 23.4 persent na 12.2 persent en 10.0 persent.

By die landelike steekproef kan dieselfde betekenisvolle verband onderskei word ten opsigte van die 15 tot 30 jaar en die 31 tot 50 jaar ouderdomsgroep. Die hoogste ouderdomsgroep is 'n duidelike uitsondering.

Wat die drinkfrekwensiepatroon betref, blyk dit duidelik dat die jongste ouderdomsgroep by albei steekproefgroepe 'n ligter patroon as die totale groep het terwyl die 31 tot 50 jaar ouderdomsgroepe by albei steekproewe en die hoogste ouderdomsgroep by die stedelike steekproef 'n swaarder frekwensiepatroon as die totale groep het. Die hoogste ouderdomsgroep by die landelike steekproef se drinkfrekwensiepatroon toon egter 'n groot ooreenkoms met dié van die totale groep. Dit wil dus voorkom dat (indien die verspreiding in tabel 7.2 in gedagte gehou word) alhoewel die oudste ouderdomsgroep by die stedelike steekproef se graad van drankgebruik effens ligter is as dié van die totale groep (waarskynlik omdat die inkomste op hierdie stadium verminder) die frekwensiepatroon waarmee gedrink word groter as dié van die totale groep bly. Hierdie ouderdomsgroep skyn in so 'n mate gewoond te wees aan drank dat die gereeldheid waarmee die middeljarige groep drank gebruik, by hulle behoue bly, al neem die hoeveelheid wat verbruik word, af. Die middeljarige ouderdomsgroep is die groep wat relatief die grootste inkomste per maand ontvang en is dan blykbaar finansieel beter in staat om 'n groot drinkfrekwensie te kan handhaaf.

## 8.5 DIE DRINKFREKWENSIE BY BEROEPSGROEPE

In tabel 8.3 word die drinkfrekwensie met die beroep van die proefpersoon in verband gebring. Hoewel hierdie tabel geen duidelike algemene tendens vertoon nie, verskil die verspreidings ten opsigte van sekere beroepsgroepe kenmerkend van die in tabel 7.3.

Waar die persone in professionele en ander „geleerde" beroepe groter persentasies persone as die totale groep insluit wat die meeste eenhede gedurende sewe dae gedrink het (kyk tabel 7.3), het dié beroepsgroep in hierdie tabel by die stedelike steekproef glad geen hoër persentasie persone as die totale groep wat daagliks drank gebruik nie, 17.5 persent teenoor 17.8 persent, maar wel 'n groter persentasie persone as die verwagte wat op drie tot ses dae per week drank gebruik by die stedelike steekproef, 29.8 persent teenoor 19.0 persent, en wat op een tot twee dae per week drank gebruik by die landelike steekproef 75.0 persent teenoor 55.1 persent. Daar moet egter onthou word dat hierdie beroepsgroep in 'n groter mate as die totale groep drinkers is van Blankedrank

TABEL 8.2

DIE DRINKFREKWENSIE BY OUDERDOMSGROEPE

| Ouderdom | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 15-30 jaar | 27 | 12.9 | 28 | 13.4 | 105 | 50.2 | 49 | 23.4 | 209 | 100.0 | 5 | 7.1 | 8 | 11.4 | 42 | 60.0 | 15 | 21.4 | 70 | 100.0 |
| 31-50 jaar | 67 | 20.5 | 66 | 20.2 | 154 | 47.1 | 40 | 12.2 | 327 | 100.0 | 22 | 13.6 | 21 | 13.0 | 84 | 51.8 | 35 | 21.6 | 162 | 100.0 |
| 51 jaar en ouer | 21 | 19.1 | 29 | 26.4 | 49 | 44.5 | 11 | 10.0 | 100 | 100.0 | 9 | 10.7 | 10 | 11.9 | 48 | 57.1 | 17 | 20.2 | 84 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 24.5119;\ p < .1\%$ $X^2 = 2.6652;\ 80\% > p > 70\%$

TABEL 8.3

DIE DRINKFREKWENSIE BY BEROEPSGROEPE

| Beroepsoort | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Arbeiders: plaas-arbeiders, myn- en ander bedryfs-arbeiders; vissers | 51 | 29.0 | 35 | 19.9 | 77 | 43.7 | 13 | 7.4 | 176 | 100.0 | 9 | 8.5 | 10 | 9.4 | 73 | 68.9 | 14 | 13.2 | 106 | 100.0 |
| Persone in pro-fessionele, teg-niese en ander „geleerde" be-roepe | 10 | 17.5 | 17 | 29.8 | 23 | 40.3 | 7 | 12.3 | 57 | 100.0 | 1 | 12.5 | 0 | - | 6 | 75.0 | 1 | 12.5 | 8 | 100.0 |
| Persone betrokke by aflewerings-, vervoer- en vei-ligheidsdienste en huis- en tuinbe-diendes | 36 | 13.7 | 47 | 17.9 | 136 | 51.9 | 43 | 16.4 | 262 | 100.0 | 5 | 8.9 | 2 | 3.6 | 34 | 60.7 | 15 | 26.8 | 56 | 100.0 |
| Voltydse studente, skoliere en huis-vroue en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie | 11 | 11.0 | 16 | 16.0 | 54 | 54.0 | 19 | 19.0 | 100 | 100.0 | 7 | 9.7 | 13 | 18.1 | 29 | 40.3 | 23 | 31.9 | 72 | 100.0 |
| Persone met eie ondernemings bv. handelaars en selfstandige boe-re | 4 | 20.0 | 3 | 15.0 | 9 | 45.0 | 4 | 20.0 | 20 | 100.0 | 13 | 21.7 | 13 | 21.7 | 26 | 43.3 | 8 | 13.3 | 60 | 100.0 |
| Werkloses | 3 | 9.7 | 5 | 16.1 | 9 | 29.0 | 14 | 45.2 | 31 | 100.0 | 1 | 7.1 | 1 | 7.1 | 6 | 42.9 | 6 | 42.9 | 14 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 55.0918$; $p < .1\%$

(kyk tabel 5.4), dié dranksoort waarvan relatief meer drankeenhede op 'n keer gebruik kan word.

Dit blyk verder dat die beroepsgroep wat hoofsaaklik voltydse huisvroue insluit, 'n groter persentasie persone as die verwagte by die landelike steekproef insluit wat op drie tot ses dae per week drank gebruik. Hierdie beroepsgroep het egter wat die graad van drankgebruik betref 'n baie ligter drinkpatroon as die totale groep (kyk tabel 7.3). Ook is dié groep in 'n groter mate as die totale groep Bantoebierdrinkers (kyk tabel 5.4). Dit wil dus voorkom asof hulle in 'n mate meer dikwels as die totale groep hul drank nuttig maar minder drankeenhede as die totale groep gebruik.

## 8.6 DIE DRINKFREKWENSIE BY ONDERWYSPEILGROEPE

In tabel 8.4 word die drinkfrekwensie met die onderwyspeil van die proefpersone gekorreleer. Anders as wat die geval met tabel 7.4 was, is daar hier geen algemene tendens te onderskei nie. Die onderwyspeilgroep met die hoogste kwalifikasies, wat 'n swaarder drankgebruikpatroon as die totale groep het (kyk tabel 7.4), het by die stedelike steekproef in tabel 8.4 'n groter persentasie proefpersone wat op drie tot ses dae per week drink as wat die totale groep het, nl. 23.9 persent teenoor 19.0 persent. By die landelike steekproef het hierdie onderwyspeilgroep nie alleen 'n groter persentasie persone wat daagliks drink nie, 26.7 persent teenoor 11.4 persent maar ook wat slegs een keer per maand en minder drank nuttig, 26.7 persent teenoor 21.2 persent. Dié groep wat nooit skool gegaan het nie, het weer by die stedelike steekproef 'n groter persentasie proefpersone wat daagliks drank gebruik as wat die totale groep het, 20.2 persent teenoor 17.8 persent, terwyl dit uit tabel 7.4 geblyk het dat dié onderwyspeilgroep 'n ligter patroon as die totale het wat die graad van drankgebruik betref.

Dit is egter betekenisvol dat die persentasie persone styg wat by die stedelike steekproef op drie tot ses dae per week drank gebruik, en by die landelike steekproef daagliks drank gebruik, namate die onderwyspeil van die betrokke onderwyspeilgroep hoër is. Dit wil voorkom asof die verskillende verspreidings wat daar bestaan ten opsigte van drankgebruikpatroon by onderwyspeilgroepe en drinkfrekwensiepatroon by onderwyspeilgroepe toegeskryf moet word aan die verskillende hoeveelhede wat van die verskillende dranksoorte by die twee steekproefgroepe gebruik word (vergelyk bv. tabel 5.5 en tabel 8.9).

## 8.7 DIE DRINKFREKWENSIE BY INKOMSTEGROEPE

Tabel 8.5 is 'n tabellasie van die drinkfrekwensie by verskillende inkomstegroepe. Uit die verspreiding in hierdie tabel kan 'n duidelike tendens onderskei word. By die stedelike steekproef blyk dit duidelik dat die persentasie proefpersone styg wat daagliks en op drie tot ses dae per week drank gebruik al na gelang die inkomstegroep se inkomste meer is; van 6.9 persent na 19.3 persent en 23.8 persent en van 13.8 persent na 19.6 persent en 22.2 persent onderskeidelik. Indien die inkomste van die inkomstegroepe weer minder word dan styg die persentasie persone wat op een tot twee dae per week en slegs een keer per maand en minder drank nuttig, van 46.5 persent na 47.8 persent en 49.0 persent en van 7.6 persent na 13.3 persent en 30.3 persent.

By die landelike steekproef kan so 'n duidelike tendens nie onderskei word nie. Die verspreiding van die stedelike steekproef word hier egter ondersteun deur die groter persentasie persone as die verwagte met 'n inkomste van R11-30 wat daagliks drank gebruik en van die inkomstegroep met die kleinste inkomste wat slegs een keer per maand en minder drank nuttig, 20.9 persent teenoor 11.4 persent en 24.2 persent teenoor 21.2 persent onderskeidelik.

Dit blyk dus dat by die stedelike steekproef die inkomstegroep met die hoogste inkomste 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon as die totale groep het, terwyl die groep met die kleinste inkomste 'n ligter patroon as die totale groep het; 'n soortgelyke tendens dus as dié wat ten opsigte van die graad van drankgebruik in tabel 7.5 aangetref is. Persone met hoë inkomste is juis dié wat

TABEL 8.4

DIE DRINKFREKWENSIE BY ONDERWYSPEILGROEPE

| Onderwyspeil | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nooit skool gegaan nie | 36 | 20.2 | 27 | 15.2 | 84 | 47.2 | 31 | 17.4 | 178 | 100.0 | 17 | 9.3 | 21 | 11.5 | 110 | 60.4 | 34 | 18.7 | 182 | 100.0 |
| Skoolbywoning in substanderd A. - st. 4 geslaag | 47 | 18.4 | 45 | 17.6 | 129 | 50.6 | 34 | 13.3 | 255 | 100.0 | 11 | 10.6 | 16 | 15.4 | 52 | 50.0 | 25 | 24.0 | 104 | 100.0 |
| St. 5 geslaag - verwerwing van universiteitsgraad | 32 | 15.0 | 51 | 23.9 | 95 | 44.6 | 35 | 16.4 | 213 | 100.0 | 8 | 26.7 | 2 | 6.7 | 12 | 40.0 | 8 | 26.7 | 30 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2$ = 8.1179; 30%>p>20%

$X^2$ = 12.5735; 10%>p>5%

TABEL 8.5

DIE DRINKFREKWENSIE BY INKOMSTEGROEPE

| Inkomste per maand | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| R10 en minder | 10 | 6.9 | 20 | 13.8 | 71 | 49.0 | 44 | 30.3 | 145 | 100.0 | 16 | 7.4 | 30 | 14.0 | 117 | 54.4 | 52 | 24.2 | 215 | 100.0 |
| R11 - 30 | 61 | 19.3 | 62 | 19.6 | 151 | 47.8 | 42 | 13.3 | 316 | 100.0 | 18 | 20.9 | 8 | 9.3 | 47 | 54.6 | 13 | 15.1 | 86 | 100.0 |
| R31 en meer | 44 | 23.8 | 41 | 22.2 | 86 | 46.5 | 14 | 7.6 | 185 | 100.0 | 2 | 13.3 | 1 | 6.7 | 10 | 66.7 | 2 | 13.3 | 15 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 46.1694$; $p < .1\%$

$X^2 = 14.5787$; $5\% > p > 2\%$

finansieel in staat is om in 'n relatief groter mate drank te bekom en ook dus meer dikwels kan drink.

## 8.8 DIE DRINKFREKWENSIE BY HUWELIKSTAATGROEPE

In tabel 8.6 word die drinkfrekwensie by verskillende huwelikstaatgroepe getabelleer. Die verspreiding in hierdie tabel toon dieselfde reëlmaat as dié wat ten opsigte van die graad van drankgebruik in tabel 7.6 onderskei is. Die persone wat nog nie getroud is nie, neig om by albei steekproefgroepe 'n groter persentasie persone as die totale groep in te sluit wat met 'n ligte frekwensiegraad hul drank nuttig, te wete stedelike steekproef diegene wat op een tot twee dae per week drink: 53.8 persent teenoor 47.6 persent (landelike steekproef: 71.7 persent teenoor 55.1 persent) en diegene wat een keer per maand en minder drink: 21.5 persent teenoor 15.5 persent.

Die wettiglik getroudes neig weer om groter persentasies proefpersone as die verwagte in te sluit wat meer dikwels hul drank nuttig. By die landelike steekproef se getroudes is hierdie tendens nie so kenmerkend nie, maar by die stedelike steekproef sluit die getroudes 22.6 persent persone in wat op drie tot ses dae per week drank gebruik, teenoor die totale groep se 19.0 persent, en 19.3 persent wat daagliks drink teenoor die verwagte 17.8 persent.

Dit wil dus voorkom asof die ongetroudes 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep het, en die wettiglik getroudes 'n swaarder frekwensiepatroon as die totale groep. Omdat die ongetroudes hoofsaaklik jong persone insluit, is dieselfde faktore hier van belang as dié wat in paragraaf 8.4 genoem is.

## 8.9 DIE DRINKFREKWENSIE BY ETNIESE GROEPE

In tabel 8.7 word die drinkfrekwensie ontleed volgens die etniese groepsverband van die proefpersone. Die Xhosas van albei steekproefgroepe en die Zoeloes van die landelike steekproef neig hier na 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep; aldrie die groepe het groter persentasies proefpersone as die verwagte wat slegs een keer per maand en minder drank gebruik (Xhosas 19.6% teenoor 15.5% en 30.2% teenoor 21.2%, en die Zoeloes 23.9% teenoor 21.2%) en groter persentasies wat slegs op een tot twee dae per week drink by die stedelike Xhosas en die landelike Zoeloes, 50.7 persent teenoor 47.6 persent en 62.7 persent teenoor 55.1 persent. Die stedelike steekproef se Zoeloes het weer 'n groter persentasie proefpersone wat daagliks en op drie tot ses dae per week drink.

Indien die algemene verspreiding in hierdie tabel met dié in tabel 7.7 vergelyk word, blyk dit duidelik dat daar in 'n hoë mate 'n ooreenkoms bestaan in die graad van drankgebruik en die drinkfrekwensie by die verskillende etniese groepe.

Dit wil uit die verskille tussen die stedelike en landelike steekproefgroepe ten opsigte van etniese verband voorkom asof die faktor van etniese groepsverband nie van deurslaggewende belang in die drinkpatroon is nie, maar eerder die stedelike invloed.

## 8.10 DIE DRINKFREKWENSIE BY WOONPLEKGROEPE

In tabel 8.8 word die drinkfrekwensie gekorreleer met die aard van die woonplek van die proefpersone. Die verspreiding van die gegewens in hierdie tabel kom baie ooreen met dié in tabel 7.8. Die Blankeplaasbewoners en diegene wat verspreid in Blankedorps- en stadsgebiede woon, het 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep omdat hulle groter persentasies proefpersone as die verwagte insluit wat op een tot twee dae per week en een keer per maand en minder drank gebruik, nl. 65.7 persent teenoor 55.0 persent en 25.5 persent teenoor 21.2 persent; en 54.2 persent teenoor 47.6 persent en 19.4 persent teenoor 15.5 persent, onderskeidelik. Die Bantoewoongebiedbewoners in Blankestads- of Blankedorpsgebiede het weer 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon as die totale groep.

TABEL 8.6

DIE DRINKFREKWENSIE BY HUWELIKSTAATGROEPE

| Huwelikstaat | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nie getroud nie | 23 | 14.6 | 16 | 10.1 | 85 | 53.8 | 34 | 21.5 | 158 | 100.0 | 3 | 6.5 | 3 | 6.5 | 33 | 71.7 | 7 | 15.2 | 46 | 100.0 |
| Op 'n erkende manier getroud | 83 | 19.3 | 97 | 22.6 | 192 | 44.6 | 58 | 13.5 | 430 | 100.0 | 28 | 12.2 | 30 | 13.1 | 120 | 52.4 | 51 | 22.3 | 229 | 100.0 |
| Woon saam, is geskei of is wewenaar/weduwee | 9 | 15.5 | 10 | 17.2 | 31 | 53.4 | 8 | 13.8 | 58 | 100.0 | 5 | 12.2 | 6 | 14.6 | 21 | 51.2 | 9 | 22.0 | 41 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2$ = 18.5382; 1% > p > .1%

$X^2$ = 6.3040; 50% > p > 30%

TABEL 8.7

DIE DRINKFREKWENSIE BY ETNIESE GROEPE

| Etniese groep | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Xhosa | 13 | 9.4 | 28 | 20.3 | 70 | 50.7 | 27 | 19.6 | 138 | 100.0 | 7 | 7.3 | 18 | 18.7 | 42 | 43.7 | 29 | 30.2 | 96 | 100.0 |
| Zoeloe | 39 | 27.5 | 33 | 23.2 | 55 | 38.7 | 15 | 10.6 | 142 | 100.0 | 7 | 10.4 | 2 | 3.0 | 42 | 62.7 | 16 | 23.9 | 67 | 100.0 |
| Noord-Sotho (Sepedi) | 14 | 19.2 | 11 | 15.1 | 37 | 50.7 | 11 | 15.1 | 73 | 100.0 | 5 | 11.1 | 9 | 20.0 | 30 | 66.7 | 1 | 2.2 | 45 | 100.0 |
| Tswana | 13 | 12.3 | 17 | 16.0 | 57 | 53.8 | 19 | 17.9 | 106 | 100.0 | 4 | 9.3 | 5 | 11.6 | 23 | 53.5 | 11 | 25.6 | 43 | 100.0 |
| Suid-Sotho (Sotho) | 16 | 19.5 | 19 | 23.2 | 31 | 37.8 | 16 | 19.5 | 82 | 100.0 | 6 | 27.3 | 1 | 4.5 | 8 | 36.4 | 7 | 31.8 | 22 | 100.0 |
| Ander: Ndebele Tsonga Venda Swazi, ens. | 20 | 19.0 | 15 | 14.3 | 58 | 55.2 | 12 | 11.4 | 105 | 100.0 | 7 | 16.3 | 4 | 9.3 | 29 | 67.4 | 3 | 7.0 | 43 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 32.1889$; $1\% > p > .1\%$

$X^2 = 42.7765$; $p < .1\%$

TABEL 8.8

DIE DRINKFREKWENSIE BY WOONPLEKGROEPE

| Woonplek | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Woonplek | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Verspreid in Blankedorps- of Blanke-stadsgebied | 25 | 12.4 | 28 | 13.9 | 109 | 54.2 | 39 | 19.4 | 201 | 100.0 | Bantoe-gebied | 23 | 14.1 | 30 | 18.4 | 78 | 47.8 | 32 | 19.6 | 163 | 100.0 |
| Bantoewoon-gebied in Blankedorps- of Blanke-stadsgebied | 76 | 18.6 | 87 | 21.3 | 189 | 46.3 | 56 | 13.7 | 408 | 100.0 | Blanke-plaas | 3 | 2.2 | 9 | 6.6 | 90 | 65.7 | 35 | 25.5 | 137 | 100.0 |
| Kampong in Blanke-dorps- of Blankestads-gebied | 14 | 37.8 | 8 | 21.6 | 10 | 27.0 | 5 | 13.5 | 37 | 100.0 | Kampong in Blan-kegebied | 10 | 62.5 | 0 | - | 6 | 37.5 | 0 | - | 16 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | TOTAAL | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.0 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 23.9294; \; p < .1\%$

Dieselfde verklarings wat ten opsigte van die verband tussen graad van drankgebruik en woonplek geld, is ook hier van toepassing, (kyk paragraaf 7.10).

## 8.11 DIE DRINKFREKWENSIE BY GROEPE WAT VERSKILLENDE DRANKSOORTE MEES DIKWELS GEBRUIK

In tabel 8.9 word die drinkfrekwensie van proefpersone getabelleer volgens die dranksoort wat hul mees dikwels drink.

Volgens hierdie tabel neig dié groep drankgebruikers by die stedelike steekproef wat mees dikwels Bantoebier en/of brousels gebruik om heelwat meer persone as wat verwag word, in te sluit wat meer dikwels drank nuttig, naamlik 20.7 persent teenoor 17.8 persent wat daagliks drank gebruik en 21.1 persent teenoor 19.0 persent wat op drie tot ses dae per week drank gebruik. Dié drankgebruikers wat weer Blankedrank mees dikwels gebruik, toon juis die teenoorgestelde tendens by die stedelike steekproef: 'n groter persentasie as die verwagte van hulle drink minder dikwels, naamlik 50.0 persent teenoor 47.6 persent wat op een tot twee dae per week drink en 28.5 persent teenoor 15.5 persent wat een keer per maand en minder drink. Omdat die getalseenhede van die groep wat by die landelike steekproef mees dikwels Blankedrank drink te klein is, kan geen betekenisvolle verspreiding onderskei word nie.

Dit wil voorkom asof dit veilig sou wees om te aanvaar dat die gebruik van Bantoebier met 'n hoër drinkfrekwensie as die verwagte gepaard gaan maar ook met die inname van 'n kleiner aantal „drankeenhede".

## 8.12 DIE DRINKFREKWENSIE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE KENNIS HET VAN BLANKEDRANK

Tabel 8.10 is 'n tabellasie van die drinkfrekwensie by groepe wat in verskillende grade kennis van Blankedrank het. Dit blyk uit hierdie tabel dat dit na aanleiding van die gevolgtrekking in paragraaf 8.11, foutief sou wees om te aanvaar dat „ervaring" van verskillende Blankedranksoorte glad nie die drinkfrekwensie beïnvloed nie. Dit blyk naamlik dat namate die drankgebruikgroep ervaring van 'n groter verskeidenheid Blankedranksoorte het, die betrokke drinkfrekwensie swaarder word as dié van die totale groep.

Veral by die stedelike steekproef blyk dit duidelik dat die groep drankgebruikers wat beweer dat hulle nog nooit enige Blankedranksoort gebruik het nie, neig om groter persentasies persone as die verwagte in te sluit wat minder dikwels drank gebruik, naamlik stedelike steekproef: een keer per maand en minder: 21.6 persent teenoor 15.5 persent en landelike steekproef: een tot twee dae per week: 60.9 persent teenoor 55.1 persent.

Aan die anderkant sluit dié groep wat van die drie verskillende Blankedranksoorte reeds minstens twee soorte gebruik het, 'n duidelike groter persentasie as die verwagte persone in wat meer dikwels hul drank gebruik, naamlik stedelike steekproef 22.7 persent teenoor 17.8 persent (daagliks) en 21.3 persent teenoor 19.0 persent (3 tot 6 dae per week) en landelike steekproef 30.0 persent teenoor 11.4 persent (daagliks).

Hierdie verskynsel kan ook verband hou met die feit dat die swaar drinker eintlik enige dranksoort wat voorkom, gebruik (vergelyk die bespreking in paragraaf 5.13).

## 8.13 SAMEVATTING

8.13.1 Die landelike steekproefgroep het 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep en die stedelike steekproefgroep 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon as die totale groep.

8.13.2 Die drinkfrekwensiepatroon van die mans is swaarder as dié van die totale groep en dié van die vroue ligter as dié van die totale groep.

TABEL 8.9

DIE DRINKFREKWENSIE BY GROEPE WAT VERSKILLENDE DRANKSOORTE MEES DIKWELS GEBRUIK

| Dranksoort wat mees dikwels gebruik word | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagl ks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Bantoebier of brousels | 101 | 20.7 | 103 | 21.1 | 229 | 46.9 | 55 | 11.3 | 488 | 100.0 | 30 | 10.4 | 37 | 12.8 | 168 | 58.3 | 53 | 18.4 | 288 | 100.0 |
| Blankedrank | 14 | 8.9 | 20 | 12.7 | 79 | 50.0 | 45 | 28.5 | 158 | 100.0 | 6 | 21.4 | 2 | 7.1 | 6 | 21.4 | 14 | 50.0 | 28 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 36.9417;\ p < .1\%$

$X^2 = 21.7175;\ p < .1\%$

TABEL 8.10

DIE DRINKFREKWENSIE BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE ERVARING HET VAN BLANKEDRANK

| Ervaring van Blankedrank | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | | Daagliks | | 3-6 dae per week | | 1-2 dae per week | | Een keer per maand en minder | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nooit Blanke-drank gedrink nie | 18 | 16.2 | 19 | 17.1 | 50 | 45.0 | 24 | 21.6 | 111 | 100.0 | 7 | 6.1 | 14 | 12.2 | 70 | 60.9 | 24 | 20.9 | 115 | 100.0 |
| Slegs wyn | 5 | 7.4 | 10 | 14.7 | 38 | 55.9 | 15 | 22.1 | 68 | 100.0 | 0 | - | 5 | 12.2 | 20 | 48.8 | 16 | 39.0 | 41 | 100.0 |
| Slegs spiritualieë | 24 | 15.0 | 33 | 20.6 | 84 | 52.5 | 19 | 11.9 | 160 | 100.0 | 7 | 8.4 | 15 | 18.1 | 44 | 53.0 | 17 | 20.5 | 83 | 100.0 |
| Slegs bier | 5 | 16.7 | 2 | 6.7 | 17 | 56.7 | 6 | 20.0 | 30 | 100.0 | 1 | 14.3 | 0 | - | 3 | 42.9 | 3 | 42.9 | 7 | 100.0 |
| Kombinasies van die drie soorte | 63 | 22.7 | 59 | 21.3 | 119 | 43.0 | 36 | 13.0 | 277 | 100.0 | 21 | 30.0 | 5 | 7.1 | 37 | 52.9 | 7 | 10.0 | 70 | 100.0 |
| TOTAAL | 115 | 17.8 | 123 | 19.0 | 308 | 47.6 | 100 | 15.5 | 646 | 100.0 | 36 | 11.4 | 39 | 12.3 | 174 | 55.1 | 67 | 21.2 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 24.2593;\ 2\% > p > 1\%$

8.13.3 Terwyl die jongste ouderdomsgroep 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep het, het die 31 tot 50 jaar ouderdomsgroep en die stedelike steekproef se hoogste ouderdomsgroep 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon as dié van die totale groep.

8.13.4 Albei steekproefgroepe se persone wat eienaars van ondernemings is en die stedelike steekproef se professionele beroepsgroep en algemene bedryfsarbeiders, het 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon as die totale groep.

8.13.5 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroep hoër is, styg die persentasie persone by die verskillende onderwyspeilgroepe wat by die landelike steekproef daagliks drink en by die stedelike steekproef op drie tot ses dae per week drink.

8.13.6 Die hoogste inkomstegroep neig om 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon en die laagste inkomstegroep om 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep te hê.

8.13.7 Terwyl die ongetroudes neig na 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep, neig die getroudes na 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon.

8.13.8 Die Xhosas, Tswanas en die landelike Zoeloes neig na 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep.

8.13.9 Die Bantoewoongebiedbewoners in Blankestads- en dorpsgebiede (en die kampongbewoners) het 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon as die totale groep; die proefpersone wat op Blankeplase woon en diegene wat verspreid in Blankestads-en-dorpsgebiede woon, het 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep.

8.13.10 By die stedelike steekproef het diegene wat mees dikwels Bantoebier of brousels drink, 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon as die totale groep, terwyl diegene wat mees dikwels Blankedrank drink, 'n ligter drinkfrekwensiepatroon as die totale groep het.

8.13.11 Namate die drankgebruikgroep ervaring van 'n groter verskeidenheid Blankedranksoorte het, word die betrokke drinkfrekwensiepatroon swaarder as dié van die totale groep.

8.13.12 Die volgende faktore neig veral om met 'n swaar drinkfrekwensiepatroon gepaard te gaan: lid van die manlike geslag by die landelike steekproefgroep, 'n ouderdom tussen 31 en 50 jaar en by die stedelike steekproefgroep 'n ouderdom hoër as 31 jaar, 'n hoë onderwyspeil, 'n hoë inkomste, 'n getroude status, 'n woonplek in 'n Bantoewoongebied in 'n dorp of stad en die ervaring van 'n groot verskeidenheid Blankedranksoorte.

# HOOFSTUK 9

## DIE MAANDELIKSE UITGAWE AAN DRANK

### 9.1 INLEIDING

Slegs die drank wat die proefpersoon gekoop het en self gebruik het gedurende die maand wat die opname voorafgegaan het, word hier in berekening gebring. Die drank wat die proefpersone verbruik gedurende die maand is bereken volgens die bedrag wat die verbruiker daarvoor betaal het - hetsy deur òf smokkel- òf die gewone handel.

### 9.2 DIE UITGAWE AAN DRANK BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE

Aangesien dit reeds in hoofstuk 7 geblyk het dat die proefpersone van die stedelike steekproef 'n swaarder drankgebruikpatroon het as dié van die landelike steekproef, kan dit stellig hipoteties aanvaar word dat die stedelike steekproef se drankgebruikers in 'n groter mate groter bedrae maandeliks aan drank bestee. Figuur 9.1 toon duidelik dat hierdie aanname juis is. Waar die landelike steekproef 'n dalende tendens vertoon wat die persentuele aandeel van lae na hoë uitgawe betref (vir die persentasieverspreiding, kyk tabel 9.2; 38.6 persent van die proefpersone het gedurende die maand geen finansiële uitgawe aan drank gehad nie, 29.7 persent het 'n uitgawe van 1 tot 99 sent gehad, 24.4 persent 'n uitgawe van R1.00 tot R2.99, 4.7 persent 'n uitgawe van R3.00 tot R4.99 en 2.5 persent 'n uitgawe van R5.00 en meer), toon die stedelike steekproef duidelike tekens van 'n stygende tendens van die geen-uitgawe-groep (14.4%) na die 1 tot 99 sent groep (26.8%) en die R1.00 tot R2.99 groep (30.0%). Eers dan neem die persentuele aandeel af, maar slegs in so 'n mate dat die hoogste-uitgawe-groep (R5.00 en meer) nog oor 'n groter persentuele aandeel as die geen-uitgawe-groep beskik, te wete 16.4 persent.

Wanneer die Bantoe se drankuitgawe (d.i. uitgawe aan drank wat hy dus self gebruik) vir een maand vergelyk word met die Blanke se gemiddelde koste van alle drank wat hy self, teen betaling of verniet, gebruik het (2, bl. 173), dan wil dit voorkom of drank vir die Bantoe van die stedelike gebiede 'n relatief uitermate groot finansiële las is, veral as sy inkomstepatroon in ag geneem word (tabel 2.3).

In tabel 9.1 word die drankuitgawe vir een maand van die twee steekproefgroepe getabelleer naas die gemiddelde waarde van drank vir een maand deur die Blankes gebruik.

TABEL 9.1

DIE DRANKUITGAWE VAN DIE BANTOES EN DIE GEMIDDELDE WAARDE VAN DRANK DEUR BLANKES GEBRUIK

| Blankes[1] | | Bantoes | | |
|---|---|---|---|---|
| Waarde van drank gemiddeld per maand gebruik | Persentasie | Maandelikse uitgawe aan drank self gebruik | Persentasie: Stedelike steekproef | Persentasie: Landelike steekproef |
| R1.00 of minder | 64.5 | Minder as R1.00 | 41.2 | 68.3 |
| Meer as R1.00 en minder as R4.00 | 21.6 | R1.00 tot R4.99 | 42.4 | 29.1 |
| Meer as R4.00 | 13.9 | R5.00 en meer | 16.4 | 2.5 |
| TOTAAL | 100.0 | TOTAAL | 100.0 | 100.0 |

1) 2, bl. 173.

FIGUUR 9.1

DIE UITGAWE AAN DRANK BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE



Dit blyk duidelik uit tabel 9.1 dat die stedelike Bantoe 'n buitengewoon groot drankuitgawepatroon het. 'n Faktor wat hierdie verspreiding moontlik in 'n groot mate beïnvloed, is die buitensporige pryse wat dikwels vir Blankedrank betaal is.

## 9.3 DIE UITGAWE AAN DRANK BY DIE TWEE GESLAGTE

In tabel 9.2 word die drankuitgawe van mans en vroue getabelleer. Aangesien die opname ook proefpersone insluit wat hul drank òf slegs verniet kry òf slegs tuisgebroude drank gebruik en dus nie vir hierdie drank „betaal" nie, is dit nie noodwendig dat die tendense in die ontledings van hoofstuk 7 presies met hierdie verdere ontledings gaan ooreenstem nie. Die markwaarde van sommige dranksoorte verskil ook van gebied tot gebied.

In tabel 9.2 kan dieselfde tendens as dié in tabel 7.1 opgemerk word. Die vroue van albei steekproewe dra meer as die totale groep by tot die laer uitgawegroepe. 'n Groter persentasie van die vroue as van die verwagte het geen uitgawe nie, stedelike steekproef, 21.6 persent teenoor 14.4 persent; landelike steekproef, 42.5 persent teenoor 38.6 persent. Die vroue het ook 'n groter persentasie persone as die verwagte wat slegs 1 tot 99 sent aan drank bestee, te wete stedelike steekproef, 34.8 persent teenoor 26.8 persent; landelike steekproef, 38.1 persent teenoor 29.7 persent. Die mans het aan die ander kant, 'n duidelik hoër persentasie persone as die verwagte wat meer as R1.00 die maand aan drank bestee het, (R1 tot R2.99: stedelike steekproef, 31.7% teenoor 30.0%; landelike steekproef 28.6% teenoor 24.4%; R3.00 tot R4.99: stedelike steekproef 14.9% teenoor 12.4%; landelike steekproef, 5.9% teenoor 4.7%; R5.00 en meer: stedelike steekproef, 19.2% teenoor 16.4%; landelike steekproef 3.9% teenoor 2.5%).

Die vrou het uiteraard 'n ligter drankuitgawepatroon as die man omdat sy sowel 'n ligter drankgebruikpatroon (tabel 7.1), as 'n ligter drinkfrekwensiepatroon (tabel 8.1) vertoon.

## 9.4 DIE UITGAWE AAN DRANK BY OUDERDOMSGROEPE

In tabel 9.3 word die ouderdom van die proefpersoon in verband gebring met sy uitgawe aan drank. Dit blyk dat die laagste ouderdomsgroep by albei steekproewe 'n ligte uitgawepatroon het. By die stedelike steekproef sluit die 15 tot 30 jaar ouderdomsgroep 21.1 persent proefpersone in wat geen uitgawe gehad het nie, teenoor 14.4 persent van die totale groep, en 28.2 persent wat slegs 'n uitgawe van 1 tot 99 sent gehad het, teenoor 26.8 persent van die totale groep. Hierdie ouderdomsgroep het by die landelike steekproef ook 'n groter persentasie persone as die verwagte wat dié maand geen uitgawe aan drank gehad het nie (41.4% teenoor 38.6%).

Teenoor die ligter drankuitgawepatroon as die verwagte van die jongste ouderdomsgroep, vertoon die 31 tot 50 jaar ouderdomsgroep 'n swaarder patroon as die verwagte. By die stedelike steekproef sluit hierdie ouderdomsgroep groter persentasies proefpersone as die totale groep in wat 'n uitgawe van meer as R1.00 gehad het (30.6% teenoor 30.0%, 13.1% teenoor 12.4% en 19.0% teenoor 16.4%). Die ouderdomsgroep met persone ouer as 50 jaar het by die stedelike steekproef 'n effens ligter drankuitgawepatroon as die vorige ouderdomsgroep terwyl dié groep by die landelike steekproef weer 'n duidelik ligter uitgawepatroon as die totale groep het.

Hierdie verspreidings kom ooreen met dié in tabel 7.2, waar die jongste ouderdomsgroep die ligste en die 31 tot 50 jaar ouderdomsgroep die swaarste drankgebruikpatroon toon. (Vergelyk ook tabel 8.2.) Dieselfde verklarings wat by die verband tussen die graad van drankgebruik, die drinkfrekwensie en ouderdom aangevoer is, geld blykbaar ook ten opsigte van hierdie verband.

## 9.5 DIE UITGAWE AAN DRANK BY BEROEPSGROEPE

Tabel 9.4 is 'n tabellasie van die drankuitgawe by verskillende beroepsgroepe. Die verspreidings in hierdie tabel stem in breë trekke ooreen met dié in tabel 7.3. Persone in professionele en dergelike „geleerde" beroepe, en die

## TABEL 9.2

## DIE UITGAWE AAN DRANK BY DIE TWEE GESLAGTE

| Geslag | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R 1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Mans | 49 | 11.1 | 102 | 23.1 | 140 | 31.7 | 66 | 14.9 | 85 | 19.2 | 442 | 100.0 | 74 | 36.5 | 51 | 25.1 | 58 | 28.6 | 12 | 5.9 | 8 | 3.9 | 203 | 100.0 |
| Vroue | 44 | 21.6 | 71 | 34.8 | 54 | 26.5 | 14 | 6.9 | 21 | 10.3 | 204 | 100.0 | 48 | 42.5 | 43 | 38.1 | 19 | 16.8 | 3 | 2.7 | 0 | - | 113 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

Stedelike steekproef: $X^2 = 33.2129$; $p < .1\%$

Landelike steekproef: $X^2 = 14.9553$; $1\% > p > .1\%$

TABEL 9.3

DIE UITGAWE AAN DRANK BY OUDERDOMSGROEPE

**Stedelike steekproef**

| Ouderdom | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 15-30 jr. | 44 | 21.1 | 59 | 28.2 | 53 | 25.4 | 25 | 12.0 | 28 | 13.4 | 209 | 100.0 |
| 31-50 jr. | 35 | 10.7 | 87 | 26.6 | 100 | 30.6 | 43 | 13.1 | 62 | 19.0 | 327 | 100.0 |
| 51 jr. en ouer | 14 | 12.7 | 27 | 24.5 | 41 | 37.3 | 12 | 10.9 | 16 | 14.5 | 110 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 |

$X^2 = 16.6523$; $5\% > p > 2\%$

**Landelike steekproef**

| Ouderdom | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| 15-30 jr. | 29 | 41.4 | 19 | 27.1 | 17 | 24.3 | 3 | 4.3 | 2 | 2.9 | 70 | 100.0 |
| 31-50 jr. | 53 | 32.7 | 52 | 32.1 | 45 | 27.8 | 10 | 6.2 | 2 | 1.2 | 162 | 100.0 |
| 51 jr. en ouer | 40 | 47.6 | 23 | 27.4 | 15 | 17.9 | 2 | 2.4 | 4 | 4.8 | 84 | 100.0 |
| TOTAAL | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 10.6931$; $30\% > p > 20\%$

## TABEL 9.4

## DIE UITGAWE AAN DRANK BY BEROEPSGROEPE

| Beroepsoort | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Arbeiders: plaasarbeiders, myn- en ander bedryfsarbeiders; vissers | 13 | 7.4 | 44 | 25.0 | 65 | 36.9 | 25 | 14.2 | 29 | 16.5 | 176 | 100.0 | 34 | 32.1 | 35 | 33.0 | 29 | 27.4 | 5 | 4.7 | 3 | 2.8 | 106 | 100.0 |
| Persone in professionele, tegniese en ander „geleerde" beroepe | 5 | 8.8 | 5 | 8.8 | 11 | 19.3 | 15 | 26.3 | 21 | 36.8 | 57 | 100.0 | 0 | - | 0 | - | 5 | 62.5 | 1 | 12.5 | 2 | 25.0 | 8 | 100.0 |
| Persone betrokke by aflewerings-, vervoer- en veiligheidsdienste en huis- en tuinbediendes | 34 | 13.0 | 80 | 30.5 | 85 | 32.4 | 28 | 10.7 | 35 | 13.4 | 262 | 100.0 | 18 | 32.1 | 21 | 37.5 | 11 | 19.6 | 4 | 7.1 | 2 | 3.6 | 56 | 100.0 |
| Voltydse studente, skoliere en huisvrouens en persone wat nie ekonomies bedrywig is nie | 25 | 25.0 | 30 | 30.0 | 25 | 25.0 | 8 | 8.0 | 12 | 12.0 | 100 | 100.0 | 33 | 45.8 | 24 | 33.3 | 12 | 16.7 | 3 | 4.2 | 0 | - | 72 | 100.0 |
| Persone met eie ondernemings bv. handelaars en selfstandige boere | 2 | 10.0 | 5 | 25.0 | 4 | 20.0 | 1 | 5.0 | 8 | 40.0 | 20 | 100.0 | 28 | 46.7 | 12 | 20.0 | 17 | 28.3 | 2 | 3.3 | 1 | 1.7 | 60 | 100.0 |
| Werkloses | 14 | 45.2 | 9 | 29.0 | 4 | 12.9 | 3 | 9.7 | 1 | 3.2 | 31 | 100.0 | 9 | 64.3 | 2 | 14.3 | 3 | 21.4 | 0 | - | 0 | - | 14 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

$\chi^2 = 94.9422$; $p < .1\%$

stedelike steekproef se eienaars van besighede en algemene bedryfsarbeiders het 'n swaarder drankuitgawepatroon as die totale groep. Hierteenoor het die werkloses, studente, skoliere, huisvroue en slegs die landelike steekproef se eienaars van besighede 'n ligter drankuitgawepatroon as die totale groep; van hierdie groepe drankgebruikers het 'n groter persentasie as die van die totale groep dus geen drank gedurende die voorafgaande maand gekoop en self gebruik nie.

Die rede waarom die persone met eie ondernemings 'n uitsondering op dié groep se verspreiding in tabel 7.3 en tabel 8.3 toon, is heelwaarskynlik geleë in die feit dat hierdie beroepsgroep op die platteland in 'n groter mate as hul stedelike beroepsgenote hul eie drank kan brou. 'n Groter persentasie van hierdie groep by die landelike steekproef verkies dan ook Bantoebier, (dit wil sê dié drank-soort wat gebrou kan word en potensieel 'n groter moontlikheid het om nie „gekoop" te word en by hierdie hoofstuk in berekening gebring word nie,) as dié wat by die stedelike steekproef Bantoebier verkies (tabel 6.4).

Dit wil egter voorkom, veral by die stedelike steekproef, dat wat beroepsgroepe betref, 'n swaar drankgebruikpatroon met 'n swaar drankuitgawepatroon gepaard gaan.

## 9.6 DIE UITGAWE AAN DRANK BY ONDERWYSPEILGROEPE

In tabel 9.5 word die proefpersone se uitgawe aan drank met hul onderwyspeil gekorreleer. Dieselfde reëlmaat waarvan daar in tabel 7.4 sprake was, kan hier onderskei word. By albei steekproewe het die laagste onderwyspeilgroep 'n groter persentasie persone as die verwagte wat geen uitgawe gehad het nie asook 'n groter persentasie wat slegs 1 tot 99 sent aan hul drank bestee het. Die hoogste onderwyspeilgroep het weer 'n groter persentasie persone as die verwagte wat tussen R3.00 en R4.99 en meer as R5.00 aan drank bestee het.

Hierdie tendens vertoon so reëlmatig dat die persentasie persone wat slegs 'n drankuitgawe van 1 tot 99 sent gehad het, reëlmatig afneem namate die onderwyspeil hoër is. As die onderwyspeil hoër is, styg die persentasie persone weer wat tussen 3 en 4 Rand en R5.00 en meer aan drank bestee het.

Wat die onderwyspeil betref, hou die drankuitgawepatroon dus verband met die drankgebruikpatroon (tabel 7.4).

## 9.7 DIE UITGAWE AAN DRANK BY INKOMSTEGROEPE

Tabel 9.6 is 'n tabellasie van die drankuitgawe by inkomstegroepe. Namate die inkomste van die inkomstegroep hoër is, neem die persentasie persone toe wat 'n groter uitgawe as R3.00 het en neem die persentasie af wat òf geen uitgawe het nie òf slegs tussen 1 tot 99 sent aan drank bestee. Die groep met die kleinste inkomste het dus 'n ligter drankuitgawepatroon as die totale groep en die hoogste inkomstegroep 'n swaarder drankuitgawepatroon as die totale groep.

Wat inkomste betref, gaan 'n swaarder drankgebruikpatroon dus gepaard met 'n swaarder drankuitgawepatroon (vergelyk die verspreidings in tabel 7.5). Persone met 'n groot inkomste kan relatief makliker drank bekostig en hulle was ook meer as persone in lae inkomstegroepe in staat om permitte vir die gebruik van Blankedrank te bekom.

## 9.8 DIE UITGAWE AAN DRANK BY HUWELIKSTAATGROEPE

Die huwelikstaat van die proefpersone word in tabel 9.7 met hul uitgawe aan drank gekorreleer. Soos duidelik uit tabel 7.6 en tabel 8.6 blyk, neig die getroudes ook hier na 'n swaarder patroon as die totale groep; 31.2 persent en 25.8 persent het 'n uitgawe van tussen R1.00 en R2.99 teenoor 30.0 persent en 24.4 persent by die stedelike en landelike steekproef onderskeidelik. Ook wat uitgawes van R3.00 en groter betref, neig die getroudes om groter persentasies as die totale groep in te sluit. Die ongetroudes het 'n ligter drankuitgawepatroon as die totale groep; 20.9 persent en 45.7 persent van hulle het geen uitgawe nie teenoor die 14.4 persent en 38.6 persent van die totale groep by die stedelike en landelike steekproef onderskeidelik.

TABEL 9.5

DIE UITGAWE AAN DRANK BY ONDERWYSPEILGROEPE

| Onderwyspeil | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nooit skoolgegaan nie | 31 | 17.4 | 64 | 36.0 | 62 | 34.8 | 8 | 4.5 | 13 | 7.3 | 178 | 100.0 | 74 | 40.7 | 62 | 34.1 | 39 | 21.4 | 6 | 3.3 | 1 | 0.5 | 182 | 100.0 |
| Skoolbywoning in substanderd A tot st. 4 geslaag | 33 | 12.9 | 75 | 29.4 | 76 | 29.8 | 31 | 12.2 | 40 | 15.7 | 255 | 100.0 | 42 | 40.4 | 27 | 26.0 | 29 | 27.9 | 4 | 3.8 | 2 | 1.9 | 104 | 100.0 |
| St. 5 geslaag - verwerwing van universiteitsgraad | 29 | 13.6 | 34 | 16.0 | 56 | 26.3 | 41 | 19.2 | 53 | 24.9 | 213 | 100.0 | 6 | 20.0 | 5 | 16.7 | 9 | 30.0 | 5 | 16.7 | 5 | 16.7 | 30 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 54.7762;\ p < .1\%$

$X^2 = 44.5220;\ p < .1\%$

TABEL 9.6

DIE UITGAWE AAN DRANK BY INKOMSTEGROEPE

| Inkomste per maand | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| R10.00 en minder | 46 | 47.9 | 60 | 31.3 | 27 | 11.3 | 8 | 6.3 | 4 | 3.1 | 145 | 100.0 | 98 | 46.2 | 71 | 32.0 | 41 | 19.2 | 4 | 2.2 | 1 | 0.3 | 215 | 100.0 |
| R11-30 | 31 | 9.8 | 95 | 30.1 | 107 | 33.9 | 38 | 12.0 | 45 | 14.2 | 316 | 100.0 | 22 | 25.6 | 23 | 26.7 | 29 | 33.7 | 8 | 9.3 | 4 | 4.7 | 86 | 100.0 |
| R31 en meer | 16 | 8.6 | 18 | 9.7 | 60 | 32.4 | 34 | 18.4 | 57 | 30.8 | 185 | 100.0 | 2 | 13.3 | 0 | - | 7 | 46.7 | 3 | 20.0 | 3 | 20.0 | 15 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 131.8614$; $p < .1\%$

## TABEL 9.7

### DIE UITGAWE AAN DRANK BY HUWELIKSTAATGROEPE

| Huwelikstaat | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Nog nie getroud nie | 33 | 20.9 | 38 | 24.1 | 44 | 27.8 | 20 | 12.7 | 23 | 14.6 | 158 | 100.0 | 21 | 45.7 | 14 | 30.4 | 10 | 21.7 | 1 | 2.2 | 0 | - | 46 | 100.0 |
| Op 'n erkende manier getroud | 52 | 12.1 | 110 | 25.6 | 134 | 31.2 | 55 | 12.8 | 79 | 18.4 | 430 | 100.0 | 85 | 37.1 | 65 | 28.4 | 59 | 25.8 | 13 | 5.7 | 7 | 3.1 | 229 | 100.0 |
| Woon saam, is geskei of is wewenaar/weduwee | 8 | 13.8 | 25 | 43.1 | 16 | 27.6 | 5 | 8.6 | 4 | 6.9 | 58 | 100.0 | 16 | 39.0 | 15 | 36.6 | 8 | 19.5 | 1 | 2.4 | 1 | 2.4 | 41 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 18.4811$;  $2\% > p > 1\%$

Ook wat huwelikstaat betref, neig 'n swaar drankuitgawepatroon om gepaard te gaan met 'n swaar drankgebruik- en drinkfrekwensiepatroon.

## 9.9 DIE UITGAWE AAN DRANK BY WOONPLEKGROEPE

Tabel 9.8 is 'n tabellasie van die drankuitgawe by verskillende woonplekgroepe. Soos die geval was in tabel 7.8 is dit die inwoners van Bantoewoongebiede in Blankedorpe en -stede, wat vir 'n beduidend swaar patroon verantwoordelik is want groter persentasies van die Bantoewoongebiedbewoners as van die totale groep het uitgawes van meer as R3.00.

Diegene wat verspreid in Blankedorps- en -stadsgebiede woon, het waarskynlik nie om dieselfde rede as die Bantoegebied- en Blankeplaasbewoners nie, 'n ligter drankuitgawepatroon as die totale groep. Laasgenoemde twee groepe proefpersone van die landelike steekproef se drankuitgawepatroon is ligter as dié van die totale groep alhoewel hul drankgebruikpatroon nie ligter as die van die totale groep is nie. Hierdie persone vervaardig in 'n groot mate hul drank (Bantoebier) self en „betaal" dus òf glad nie òf slegs min daarvoor (soos byvoorbeeld tydens bierdrinkpartye). Diegene wat verspreid in 'n Blankedorps- of -stadsgebied woon, het nie alleen 'n ligter drankuitgawepatroon as die totale groep nie, maar ook 'n ligter drankgebruikpatroon (tabel 7.8), blykbaar omdat hulle baie „versigtiger" moet wees vanweë hulle aanwesigheid in Blankewoonbuurtes.

Die rede waarom die kampongbewoners van die stedelike steekproef 'n swaarder drankgebruikpatroon as die totale groep het (tabel 7.8), maar geen beduidend swaarder drankuitgawepatroon as die totale groep het nie, hang blykbaar saam met die feit dat hulle baie van hul drank gratis kry.

## 9.10 DIE UITGAWE AAN DRANK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK

Die drankuitgawe by verskillende drankverbruiksgroepe word in tabel 9.9 getabelleer. Die verspreiding in hierdie tabel toon dat daar 'n betekenisvolle verband is tussen die getal eenhede gebruik en die uitgawe wat daaraan verbonde is. Die groep proefpersone wat gedurende die sewe dae wat die opname voorafgegaan het, geen eenhede drank gebruik het nie, sluit groter persentasies proefpersone in as die totale groep wat gedurende die voorafgaande maand aan drank geen uitgawe nie, of slegs 'n uitgawe van 1 tot 99 sent gehad het. Die grootste verbruiksgroepe (stedelike steekproef; 25 eenhede en meer; landelike steekproef, 13 eenhede en meer) het weer groter persentasies persone as die totale groep met uitgawes van meer as R3.00. Hierdie korrelasie dui op die betroubaarheid van die gegewens.

## 9.11 DIE UITGAWE AAN DRANK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE ERVARING HET VAN BLANKEDRANKSOORTE

Tabel 9.10 is 'n tabellasie van die drankuitgawe van groepe wat in verskillende grade ervaring van Blankedranksoorte het. Dit blyk duidelik uit die verspreiding in hierdie tabel dat die groep wat ervaring van die grootste verskeidenheid Blankedranksoorte het, groter persentasies proefpersone as die totaal insluit wat by die stedelike steekproef 'n maandelikse uitgawe van meer as R3.00 en by die landelike steekproef 'n uitgawe van meer as R1.00 het. Namate die groepe se ervaring van Blankedrank toeneem, styg die persentasie proefpersone by elke groep wat 'n uitgawe van meer as R3.00 het en daal die persentasie proefpersone wat geen uitgawe nie en 'n uitgawe tussen 1 en 99 sent het. Van deurslaggewende belang hier, is Blankedrank se relatief hoë prys.

## 9.12 SAMEVATTING

9.12.1 Die stedelike steekproef het 'n swaarder drankuitgawepatroon as die landelike steekproef.

9.12.2 Die vroue het 'n ligter drankuitgawepatroon en die mans 'n swaarder drankuitgawepatroon as die totale groep.

TABEL 9.8

DIE UITGAWE AAN DRANK BY WOONPLEKGROEPE

**Stedelike steekproef**

| Woonplek | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Verspreid in Blanke-dorps- en Blanke-stadsgebied | 40 | 19.9 | 66 | 32.8 | 59 | 29.4 | 19 | 9.5 | 17 | 8.5 | 201 | 100.0 |
| Bantoewoongebied in Blanke-dorps- of Blanke-stadsgebied | 47 | 11.5 | 97 | 23.8 | 124 | 30.4 | 58 | 14.2 | 82 | 20.1 | 408 | 100.0 |
| Kampong in Blanke-dorps- of Blanke-stadsgebied | 6 | 16.2 | 10 | 27.0 | 11 | 29.7 | 3 | 8.1 | 7 | 18.9 | 37 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 |

$X^2 = 25.1562;\ 1\% > p > .1\%$

**Landelike steekproef**

| Woonplek | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Bantoegebied | 74 | 45.4 | 38 | 23.3 | 40 | 24.5 | 8 | 4.9 | 3 | 1.8 | 163 | 100.0 |
| Blankeplaas | 45 | 32.8 | 54 | 39.4 | 33 | 24.1 | 4 | 2.9 | 1 | 0.7 | 137 | 100.0 |
| Kampong in Blankegebied | 3 | 18.8 | 2 | 12.5 | 4 | 25.0 | 3 | 18.8 | 4 | 25.0 | 16 | 100.0 |
| TOTAAL | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 54.4934;\ p < .1\%$

TABEL 9.9

DIE UITGAWE AAN DRANK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE DRANK GEBRUIK

| Eenhede drank gebruik gedurende die 7 dae wat die opname voorafgegaan het | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 85 | 26.7 | 115 | 36.2 | 81 | 25.5 | 19 | 6.0 | 18 | 5.7 | 318 | 100.0 |
| 1 tot 12 eenhede | 7 | 3.1 | 55 | 24.2 | 94 | 41.4 | 35 | 15.4 | 36 | 15.9 | 227 | 100.0 |
| 13 tot 24 eenhede | 1 | 1.4 | 3 | 4.3 | 16 | 22.9 | 21 | 30.0 | 29 | 41.4 | 70 | 100.0 |
| 25 eenhede en meer | 0 | - | 0 | - | 3 | 9.7 | 5 | 16.1 | 23 | 74.2 | 31 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 |

| Eenhede drank gebruik gedurende die 7 dae wat die opname voorafgegaan het | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Geen | 114 | 45.8 | 80 | 32.1 | 44 | 17.7 | 7 | 2.8 | 4 | 1.6 | 249 | 100.0 |
| 1 - 12 eenhede | 8 | 14.0 | 14 | 24.6 | 27 | 47.4 | 6 | 10.5 | 2 | 3.5 | 57 | 100.0 |
| 13 eenhede en meer | 0 | - | 0 | - | 6 | 60.0 | 2 | 20.0 | 2 | 20.0 | 10 | 100.0 |
| TOTAAL | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

$X^2 = 258.7644; p < .1\%$

TABEL 9.10

DIE UITGAWE AAN DRANK BY GROEPE WAT IN VERSKILLENDE GRADE ERVARING VAN BLANKEDRANK HET

| Ervaring van Blanke-drank | Stedelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nog nooit Blankedrank gedrink nie | 25 | 22.5 | 46 | 41.4 | 32 | 28.8 | 4 | 3.6 | 4 | 3.6 | 111 | 100.0 |
| Het ervaring van 1 Blanke-dranksoort: òf wyn òf bier òf spiritualieë | 37 | 14.3 | 86 | 33.3 | 82 | 31.8 | 31 | 12.0 | 22 | 8.5 | 258 | 100.0 |
| Het ervaring van meer as 1 Blanke-dranksoort | 31 | 11.2 | 41 | 14.8 | 80 | 28.9 | 45 | 16.2 | 80 | 28.9 | 277 | 100.0 |
| TOTAAL | 93 | 14.4 | 173 | 26.8 | 194 | 30.0 | 80 | 12.4 | 106 | 16.4 | 646 | 100.0 |

| Ervaring van Blanke-drank | Landelike steekproef | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen uitgawe nie | | 1-99 sent | | R1.00-R2.99 | | R3.00-R4.99 | | R5.00 en meer | | Totaal | |
| | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % | Getal | % |
| Het nog nooit Blankedrank gedrink nie | 56 | 48.7 | 44 | 38.3 | 15 | 13.0 | 0 | - | 0 | - | 115 | 100.0 |
| Het ervaring van 1 Blanke-dranksoort: òf wyn òf bier òf spiritualieë | 52 | 39.7 | 33 | 25.2 | 37 | 28.2 | 6 | 4.6 | 3 | 2.3 | 131 | 100.0 |
| Het ervaring van meer as 1 Blanke-dranksoort | 14 | 20.0 | 17 | 24.3 | 25 | 35.7 | 9 | 12.9 | 5 | 7.1 | 70 | 100.0 |
| TOTAAL | 122 | 38.6 | 94 | 29.7 | 77 | 24.4 | 15 | 4.7 | 8 | 2.5 | 316 | 100.0 |

Stedelike steekproef: $X^2 = 54.6753; \; p < .1\%$

Landelike steekproef: $X^2 = 48.3135; \; p < .1\%$

9.12.3 Die jongste ouderdomsgroep het die ligste en die 31 tot 50 jaar ouderdomsgroep die swaarste drankuitgawepatroon.

9.12.4 Wat die proefpersone se beroepe betref, wil dit voorkom dat, behalwe vir die persone met eie ondernemings by die landelike steekproef, 'n swaar drankgebruikpatroon met 'n swaar drankuitgawepatroon gepaard gaan.

9.12.5 Namate die onderwyspeil van die onderwyspeilgroepe hoër is, neig die persentasie drankgebruikers wat slegs 'n uitgawe van 1 tot 99 sent het, om af te neem, terwyl die persentasie persone wat 'n uitgawe van meer as R3.00 het, toeneem.

9.12.6 Namate die inkomste van die inkomstegroepe hoër is, neem die persentasie persone af wat 'n uitgawe minder as R1.00 het en styg die persentasie persone met 'n uitgawe groter as R3.00.

9.12.7 Die getroudes neig na 'n swaarder drankuitgawepatroon en die ongetroudes na 'n ligter drankuitgawepatroon as die totale groep.

9.12.8 Diegene wat in Bantoewoongebiede in Blankedorps- en -stadsgebiede woon het 'n swaarder drankuitgawepatroon as die totale groep, terwyl Bantoegebiedbewoners, Blankeplaasbewoners en die wat verspreid in Blankedorps-en-stadsgebiede woon, 'n ligter drankuitgawepatroon as die totale groep vertoon.

9.12.9 Die proefpersone wat gedurende sewe dae die meeste eenhede drank gebruik het, het 'n groter persentasie proefpersone wat gedurende die voorafgaande maand die grootste drankuitgawe gehad het.

9.12.10 Die proefpersone met ervaring van die grootste verskeidenheid Blankedranksoorte, het groter persentasies proefpersone as die totale groep wat die hoogste uitgawe aan drank het.

9.12.11 Die volgende faktore neig veral om met 'n swaar drankuitgawepatroon gepaard te gaan: lid van die manlike geslag, 'n ouderdom tussen 31 en 50 jaar, 'n statusgewende beroep, 'n hoë onderwyspeil, 'n hoë inkomste, 'n getroude status, 'n Bantoewoongebied in 'n stad of dorp as woonplek, 'n hoë graad van drankgebruik en die ervaring van 'n groot verskeidenheid Blankedranksoorte.

## HOOFSTUK 10

## DIE PLEK EN TYD VAN DRANKGEBRUIK

### 10.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die drinkplek en die drinktyd van die proefpersone by die twee steekproefgroepe kortliks bespreek. Al die verskillende plekke waar die proefpersoon drank gebruik of reeds gebruik het, word nie in ag geneem nie, slegs die plek waar hy mees dikwels drank gebruik. Onder drinktyd word hier verstaan die dag waarop die proefpersoon gewoonlik die meeste drank nuttig.

### 10.2 DIE DRINKPLEK VIR BANTOEBIER

Tabel 10.1 is 'n tabellasie van die plekke waar proefpersone mees dikwels Bantoebier nuttig.

TABEL 10.1

DIE DRINKPLEK VIR BANTOEBIER

| Drinkplek vir Bantoebier | Stedelike steekproef | | Landelike steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Aan eie huis | 236 | 44.9 | 174 | 59.0 |
| Aan huis van ander mense waar vir die drank betaal word | 104 | 19.8 | 58 | 19.7 |
| Aan huis van ander mense waar drank gratis verkry word | 25 | 4.8 | 40 | 13.6 |
| Munisipale- of kampongbiersaal | 157 | 29.8 | 13 | 4.4 |
| Werkplek | 4 | 0.8 | 10 | 3.4 |
| TOTAAL | 526 | 100.0 | 295 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 10.1 dat die drankgebruikers wat Bantoebier tuis drink, by albei steekproefgroepe die grootste enkele persentasie uitmaak, nl. stedelike steekproef 44.9 persent en landelike steekproef 59.0 persent. Die gebruik van Bantoebier tuis is blykbaar in 'n groot mate oorwegend vanweë die feit dat dié dranksoort ook as voedsel gebruik word. Wat die Bantoebierdrinkers by die stedelike steekproef betref, skyn dit asof die beskikbaarstelling van voorgeskrewe drinkplekke, die munisipale- of kampongbiersaal, die drinkplek in 'n mate beïnvloed, aangesien by die stedelike steekproef 'n kleiner persentasie Bantoes tuis drink as by die landelike steekproef en die biersaaldrinkers vir die tweede grootste enkele persentasie by die stedelike steekproef verantwoordelik is, nl. 29.8 persent.

### 10.3 DIE DRINKPLEK VIR BROUSELS

Tabel 10.2 is 'n tabellasie van die plekke waar proefpersone mees dikwels brousels nuttig.

TABEL 10.2

DIE DRINKPLEK VIR BROUSELS

| Drinkplek vir brousels | Stedelike steekproef | | Landelike steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Aan eie huis | 14 | 16.7 | 23 | 42.6 |
| Ander plek | 70 | 83.3 | 31 | 57.4 |
| TOTAAL | 84 | 100.0 | 54 | 100.0 |

Vanweë die onwettigheid van brouselgebruik kom die drink-aan-eie-huis in so 'n geringe mate voor, stedelike steekproef 16.7% en landelike steekproef 42.6 persent. Die drinkplek van brousels is weliswaar by die landelike steekproef in vergelyking met die stedelike steekproef in 'n groter mate die eie woning maar hier moet in gedagte gehou word dat onwettige gebruike vanweë die uitgestrektheid van die platteland moeiliker is om aan die lig te bring. Ook is van belang dat sommige brousels in die landelike gebiede juridies as Bantoebier geklassifiseer is, en dit moeilik is om vas te stel wanneer die Bantoebiergrens van 2 persent oorskry word. Aan die anderkant was die brouselhandel in die stedelike gebiede in die hande van eienaars van smokkelkroeë.

## 10.4 DIE DRINKPLEK VIR BLANKEDRANK

Tabel 10.3 is 'n tabellasie van die plekke waar die proefpersone mees dikwels Blankedrank nuttig.

TABEL 10.3

DIE DRINKPLEK VIR BLANKEDRANK

| Drinkplek vir Blankedrank | Stedelike steekproef | | Landelike steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Aan eie huis | 231 | 44.6 | 84 | 42.4 |
| Ander plek | 287 | 55.4 | 114 | 57.6 |
| TOTAAL | 518 | 100.0 | 198 | 100.0 |

Uit tabel 10.3 blyk dat die eie-huis as drinkplek 'n kleiner rol speel as ander plekke, stedelike steekproef 44.6 persent en landelike steekproef 42.4 persent. Ook hier is die feit dat die gebruik van Blankedrank vir die oorgrote meerderheid Bantoes tydens hierdie opname onwettig was, van deurslaggewende betekenis. Vanweë die „onverkrygbaarheid" van Blankedrank was die smokkelkroeg 'n belangrike drinkplek.

## 10.5 DIE DAG WAAROP MEES DIKWELS DRANK GENUTTIG WORD

Tabel 10.4 is 'n tabellasie van die dag van die week waarop die proefpersone

mees dikwels drank gebruik.

TABEL 10.4

DIE DAG WAAROP MEES DIKWELS GEDRINK WORD

| Dag waarop mees dikwels gedrink word | Stedelike steekproef | | Landelike steekproef | |
|---|---|---|---|---|
| | Getal | Persentasie | Getal | Persentasie |
| Sondag | 188 | 29.1 | 101 | 32.0 |
| Maandag tot Vrydag | 74 | 11.4 | 19 | 6.0 |
| Saterdag | 362 | 56.0 | 179 | 56.6 |
| Drink elke dag ewe veel | 22 | 3.4 | 17 | 5.4 |
| TOTAAL | 646 | 100.0 | 316 | 100.0 |

Die gegewens in tabel 10.4 toon in watter oorweldigende mate die proefpersone van albei steekproewe eintlik „naweekdrinkers" is. By die stedelike steekproef gebruik 85.1 persent van die proefpersone gewoonlik hul drank op Saterdae en Sondae. By die landelike steekproef is laasgenoemde die geval met 88.6 persent van die proefpersone.

10.6 SAMEVATTING

10.6.1 Behalwe ten opsigte van die gebruik van Blankedrank speel die gebruik van drank aan eie huis 'n baie groter rol by die landelike proefpersone as wat dit die geval is met die stedelike proefpersone.

10.6.2 Drank word by albei steekproefgroepe mees dikwels oor naweke gebruik.

# HOOFSTUK 11

# SAMEVATTING

## 11.1 INLEIDING

Die doel van hierdie samevatting is om sekere persoonlike kenmerke van die proefpersone wat op betekenisvolle wyse met die drinkpatroon van die Bantoe verband hou, oorsigtelik saam te vat. Onder drinkpatroon word verstaan 'n omvattende begrip wat betrekking het op al die verskillende fasette wat met die gebruik van drank in verband staan.

## 11.2 DIE DRINKPATROON BY DIE TWEE STEEKPROEFGROEPE

Ongeveer twee-derdes van die Bantoes van albei steekproefgroepe is gebruikers van drank (tabel 3.1). Van al die drankgebruikers gebruik vier-vyfdes onder andere Bantoebier, tussen drie- en vier-vyfdes onder andere Blankedrank en nie eërs een-vyfde nie brousels. 'n Groter persentasie van die drankgebruikers van die landelike steekproefgroep gebruik Bantoebier as wat by die stedelike steekproefgroep die geval is, maar wat Blankedrank betref, is dit weer die stedelike steekproefgroep wat 'n groter persentasie drankgebruikers as die landelike steekproefgroep insluit wat dié dranksoort gebruik (tabel 5.1). Ten spyte van die feit dat die drankgebruikers van die stedelike steekproefgroep ook net soos wat die geval met die landelike steekproefgroep is, die meeste keer Bantoebier drink (daarna Blankedrank en brousels - tabel 6.1), verkies die grootste enkele persentasie drankgebruikers by die stedelike steekproefgroep Blankedrank bo alle dranksoorte, terwyl die grootste enkele persentasie by die landelike steekproefgroep nog Bantoebier verkies (tabel 6.2).

Ongeveer vier-vyfdes van die drankgebruikers in albei steekproefgroepe beweer dat hulle veral om fisiologies-georiënteerde redes Bantoebier gebruik (tabel 4.1), terwyl die alkoholiese sterkte van Blankedrank die grootste enkele motief vir Blankedrankgebruik van die drankgebruikers is wat voorkeur aan Blankedrank bo Bantoebier gee (tabel 4.7).

Met betrekking tot die indeling van die drankgebruikers in bepaalde drankgebruikgroepe, is dit duidelik dat die groep wat sowel Bantoebier as Blankedrank drink, by albei steekproefgroepe die grootste drankgebruikgroep uitmaak. Die groep wat van alle dranksoorte net Bantoebier gebruik, maak by die landelike steekproefgroep die tweede grootste groep uit, terwyl die tweede plek by die stedelike steekproefgroep deur dié groep wat net Blankedrank drink, ingeneem word (tabel 5.2).

Die stedelike steekproefgroep vertoon 'n duidelike swaarder drankgebruikpatroon (wat die getal drankies betref wat gedurende sewe dae genuttig is - tabel 7.1), 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon (wat die kere betref waarop 'n proefpersoon gemiddeld drank gebruik - tabel 8.1) en 'n swaarder drankuitgawepatroon (wat betref die betaalde geldwaarde van die drank deur die proefpersoon self gebruik - tabel 9.1) as die landelike steekproefgroep.

Drank word by albei steekproefgroepe meer dikwels oor naweke gebruik (tabel 10.1) en behalwe ten opsigte van die gebruik van Blankedrank speel die gebruik van drank tuis 'n baie groter rol by die landelike steekproefgroep as wat die geval is met die stedelike steekproefgroep (tabelle 10.1, 10.2 en 10.3).

## 11.3 DIE DRINKPATROON BY DIE TWEE GESLAGTE

Terwyl vier-vyfdes van die mans drankgebruikers is, is slegs 'n rapsie meer as twee-vyfdes van die vroue drankgebruikers. Die persentasie mans en vroue onderskeidelik wat drankgebruikers is, is by albei steekproefgroepe min of meer gelyk (tabel 3.1).

Die vroue wat drank gebruik, toon by albei steekproefgroepe die neiging om in 'n groter mate as die drankgebruikende mans van Bantoebier en Blankedrank

slegs een dranksoort te drink; die mans wat drank gebruik, neig weer om in 'n groter mate as die vroue sowel Bantoebier as Blankedrank te drink (tabel 5.2). Die mans en vroue van die stedelike steekproefgroep verkies feitlik in dieselfde mate van alle dranksoorte Blankedrank, maar by die landelike steekproefgroep verkies die mans in 'n heelwat geringer mate as die vroue Bantoebier bo Blankedrank (tabel 6.1).

Albei geslagte gebruik feitlik in dieselfde mate by die twee steekproefgroepe Bantoebier eerstens om fisiologies-georiënteerde redes en tweedens om seremoniële redes (tabel 4.1), terwyl 'n groter persentasie van die mans as van die vroue Blankedrank bo Bantoebier verkies vanweë Blankedrank se alkoholiese sterkte (tabel 4.7).

Die man het by albei steekproefgroepe 'n swaarder drankgebruikpatroon (tabel 7.1), 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon (tabel 8.1) en 'n swaarder drankuitgawepatroon (tabel 9.1) as die vrou.

## 11.4 DIE DRINKPATROON BY OUDERDOMSGROEPE

By albei steekproefgroepe sluit die ouderdomsgroep met persone wat tussen 41 en 50 jaar is van alle ouderdomsgroepe die grootste persentasie drankgebruikers in. Die persentasie drankgebruikers styg dan ook reëlmatig vanaf die jongste ouderdomsgroep tot en met die 41 tot 50 jaar-ouderdomsgroep. Namate die ouderdom egter hoër as die van dié middeljarige groep is, daal die persentasie drankgebruikers. Alhoewel die persentasie drankgebruikers by albei steekproefgroepe feitlik dieselfde is, het die groepe met persone jonger as 40 jaar by die stedelike steekproefgroep groter persentasies drankgebruikers as die landelike steekproefgroep terwyl groepe met persone van 51 jaar en ouer by die landelike steekproefgroep groter persentasies drankgebruikers het as die stedelike steekproefgroep (tabel 3.2).

Terwyl proefpersone wat tussen 31 jaar en 50 jaar oud is by albei steekproefgroepe in 'n groter mate as die verwagte sowel Blankedrank as Bantoebier drink, gebruik die jongste ouderdomsgroep (diegene tussen 15 en 30 jaar) by die stedelike steekproefgroep in 'n groter mate as die verwagte slegs Blankedrank en by die landelike steekproefgroep in 'n groter mate as die verwagte slegs Bantoebier (tabel 5.3). Die tendens ten opsigte van drankvoorkeur van die ouderdomsgroepe kom baie ooreen met dié ten opsigte van die dranksoorte wat hulle gebruik: die jongste ouderdomsgroep by die stedelike steekproefgroep gee dan ook meer as die verwagte voorkeur aan Blankedrank, terwyl dit slegs die middeljarige ouderdomsgroep by die landelike steekproefgroep is wat ook van die drie dranksoorte Blankedrank verkies (tabel 6.3).

Aangesien die middeljarige ouderdomsgroep (persone tussen 31 en 50 jaar oud) van alle ouderdomsgroepe die swaarste drankgebruikpatroon (tabel 7.2), die swaarste drinkfrekwensiepatroon (tabel 8.2) en die swaarste drankuitgawepatroon het (tabel 9.3), kom dit nie vreemd voor nie as 'n groter persentasie van dié groep as wat verwag word Blankedrank bo Bantoebier verkies vanweë die alkoholiese sterkte van Blankedrank (tabel 4.8).

Die jongste ouderdomsgroep beskik nie alleen van die drie ouderdomsgroepe oor die ligste drankgebruikpatroon en drankuitgawepatroon nie, maar ook oor die ligste drinkfrekwensiepatroon.

Wanneer die oudste ouderdomsgroep met die jongste en middeljarige ouderdomsgroepe vergelyk word, blyk dit dat hierdie groepe onderskeidelik oor 'n ligter en swaarder drankgebruikpatroon, drinkfrekwensiepatroon en drankuitgawepatroon beskik as die oudste ouderdomsgroep.

## 11.5 DIE DRINKPATROON BY HUWELIKSTAATGROEPE

Die feit dat die ongetroudes (d.i. persone wat nog nie getroud is/was nie) 'n geringer persentasie drankgebruikers as die verwagte het, hang saam met die homogeniteit tussen hierdie huwelikstaatgroep en die jongste ouderdomsgroep

(tabel 3.6). Die ongetroudes lewer deurgaans dieselfde patroon as die jongste ouderdomsgroep. By die stedelike steekproefgroep gebruik 'n groter persentasie van hulle as van die verwagte slegs Blankedrank (tabel 5.8) en gee 'n groter persentasie van hulle as van die verwagte voorkeur aan Blankedrank (tabel 6.7), terwyl die landelike steekproefgroep 'n groter persentasie van hulle as van die verwagte slegs Bantoebier gebruik en 'n groter persentasie Bantoebier verkies.

Dit verbaas daarom glad nie dat die ongetroudes neig om 'n ligter drankgebruikpatroon (tabel 7.6) 'n ligter drinkfrekwensiepatroon (tabel 8.6) en 'n ligter drankuitgawepatroon (tabel 9.7) as die totale groep te hê nie. Die getroudes neig meer na 'n swaarder drankgebruikpatroon, 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon en 'n swaarder drankuitgawepatroon as die totale groep.

## 11.6 DIE DRINKPATROON BY ONDERWYSPEILGROEPE

Ten spyte van die feit dat die persentasie drankgebruikers by albei steekproefgroepe kleiner as die verwagte is namate die onderwyspeilgroep persone met 'n hoër onderwyspeil as 'n standerd 2-sertifikaat insluit (by die landelike steekproefgroep het die groep wat nooit skool gegaan het nie selfs van alle onderwyspeilgroepe die grootste persentasie drankgebruikers, nl. 71.7% - tabel 3.4), het die hoogste onderwyspeilgroep (d.i. diegene wat oor 'n standerd 5- of 'n hoër sertifikaat beskik) van alle groepe die swaarste drankgebruikpatroon en drankuitgawepatroon (tabelle 7.4 en 9.5). Ook styg die persentasie drankgebruikers wat by die landelike steekproefgroep daagliks drink en by die stedelike steekproefgroep op drie tot ses dae per week drink, namate die onderwyspeil hoër is.

Namate die onderwyspeil hoër is, daal die persentasie drankgebruikers wat net Bantoebier drink en styg die persentasie wat van alle dranksoorte slegs Blankedrank gebruik (tabel 5.5). Ook wat die drankvoorkeur betref, gee 'n groter persentasie drankgebruikers voorkeur aan Blankedrank en 'n kleiner persentasie aan Bantoebier namate die onderwyspeil hoër is (tabel 6.5).

As die swaarder drankgebruikpatroon van die hoë onderwyspeilgroepe in ag geneem word, kom dit nie vreemd voor nie dat die belangrikheid van die motief vir die voorkeur aan Blankedrank vanweë die alkoholiese sterkte daarvan toeneem namate die onderwyspeil hoër is (tabel 4.9).

## 11.7 DIE DRINKPATROON BY INKOMSTEGROEPE

Nieteenstaande die feit dat dit net die geval by die stedelike steekproefgroep is dat die persentasie drankgebruikers toeneem namate die inkomste hoër is (by die landelike steekproefgroep neem die persentasie drankgebruikers inderdaad af namate die inkomste hoër is -tabel 3.5), het die hoogste inkomstegroep by albei steekproefgroepe die swaarste drankgebruikpatroon en die swaarste drankuitgawepatroon en neig na die swaarste drinkfrekwensiepatroon. Die drankgebruikers weer, wat R10 of minder per maand as inkomste ontvang, het by albei steekproefgroepe die ligste drankgebruikpatroon, die ligste drinkfrekwensiepatroon en die ligste drankuitgawepatroon (tabelle 7.5, 8.5 en 9.6).

Net soos die geval by die onderwyspeilgroepe, styg die persentasie drankgebruikers wat slegs Blankedrank gebruik en daal die persentasie wat slegs Bantoebier drink, namate die inkomste hoër is (tabel 5.7). Namate die inkomste hoër is, gee 'n groter persentasie drankgebruikers dan ook voorkeur aan Blankedrank (tabel 6.5).

Namate die inkomste hoër is, styg die persentasie drankgebruikers wat vanweë higiëniteits- en gesondheidsredes en redes betreffende alkoholiese sterkte Blankedrank bo Bantoebier verkies, en daal die persentasie wat vanweë die besondere smaak van Blankedrank dié dranksoort nuttig.

## 11.8 DIE DRINKPATROON BY BEROEPSGROEPE

Ten opsigte van die proefpersone se beroep kan nie altyd duidelike tendense onderskei word nie. Dit is egter duidelik dat die verspreidings met betrekking

tot die beroep nou verband hou met dié ten opsigte van onderwyspeil en inkomste. Die drankgebruikers in „statusgewende" beroepe het dan ook 'n groter persentasie as die verwagte wat net Blankedrank drink (tabel 5.4) en 'n groter persentasie as die verwagte wat Blankedrank bo ander dranksoorte verkies (tabel 6.4) en ook 'n swaarder drankgebruikpatroon (tabel 7.3), by die stedelike steekproefgroep 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon (tabel 8.3) en 'n swaarder drankuitgawepatroon (tabel 9.4) as die verwagte.

## 11.9 DIE DRINKPATROON BY WOONPLEKGROEPE

Die proefpersone woonagtig in Bantoewoongebiede in Blankedorps- en -stadsgebiede het nie alleen 'n hoër persentasie drankgebruikers as die verwagte nie (tabel 3.9), maar ook 'n swaarder drankgebruikpatroon as die verwagte (tabel 7.8), 'n swaarder drinkfrekwensiepatroon as die verwagte (tabel 8.8) en 'n swaarder drankuitgawepatroon as die verwagte (tabel 9.8). Diegene wat verspreid in Blankewoongebiede in stede en dorpe woon en dié wat op Blankeplase woon, het 'n ligter drankgebruikpatroon, drinkfrekwensiepatroon en drankuitgawepatroon as die verwagte. Die proefpersone wat in Bantoegebiede woon, het weliswaar 'n kleiner persentasie drankgebruikers as die verwagte, en ook 'n kleiner drankuitgawepatroon maar 'n drankgebruikpatroon wat in 'n mate met die van die verwagte ooreenkom en 'n duidelik swaarder drinkfrekwensiepatroon as die verwagte.

Die faktor van verlies van kontak met die Bantoetuisland speel bepaald 'n deurslaggewende rol in die drinkpatroon van die Bantoe. Die Blankegebied-georiënteerde proefpersone het 'n groter persentasie drankgebruikers as die Bantoegebied-georiënteerde proefpersone (tabel 3.10) en namate die proefpersone se kennis van die amptelike tale toeneem, styg die persentasie Blankedrankdrinkers en drinkers van sowel Blankedrank as Bantoebier (tabel 5.9) en styg die persentasie drankgebruikers wat Blankedrank bo Bantoebier verkies (tabel 6.9).

Die antwoorde wat u gee,
is VERTROULIK.

BYLAAG 1

VRAELYS

N.B. 402.

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

ONDERSOEK NA DIE DRINKGEWOONTES VAN DIE

BANTOE IN SUID-AFRIKA

VRAELYS E

Ons onderneem om alle antwoorde wat u gee as baie vertroulik te behandel. Daar word nie belanggestel in u antwoorde afsonderlik nie maar in die gegewens van die hele Bantoebevolking.

U NAAM KOM NêRENS OP DIE VRAELYS VOOR NIE.

Nommer van vraelys.
(Alleenlik vir kantoorgebruik)

________ (1-4)

1. Is u 'n man of 'n vrou?

| Man | Vrou | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | (5) |

2. Hoe oud is u?

| 15-20 | 21-30 | 31-40 | 41-50 | 51-60 | 61-70 | 71 en ouer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | (6) |

3. Watter soort werk doen u?
(Skrywe hier so duidelik en volledig moontlik neer watter soort werk die proefpersoon doen. Byvoorbeeld werk in tuin, lewer melk af, verkoop koerante, werk op plaas, gee onderwys.)

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

..........................................................................

4. Maak 'n kruisie by die soort werk wat hy/sy doen.

| | | |
|---|---|---|
| Plaasarbeiders (landbouwerkers): bv. plaasvoormanne, plaasarbeiders, bosbouers, trekkerdrywers ens. | 01 | |
| Mynwerkers wat nie 'n geleerde beroep beoefen nie maar hoofsaaklik arbeiders is | 02 | |
| Ander arbeiders bv. in fabrieke, Spoorweë, boubedryf ens. | 03 | |
| Professionele, tegniese en verwante beroepe: Bv. dokters, predikante, onderwysers, prokureurs, aptekers, rekenmeesters, tolke, verpleegsters, landbou-opsieners ens. | 04 | |
| Ander geleerde beroepe: bv. administratiewe beamptes, klerke ens. | 05 | |
| Persone betrokke by aflewerings- en vervoerdienste. Bv. bestuurders van huurmotors, vragmotors, privaatmotors, busse, kragfietse. Aflewering met fietse, diere, ens. | 06 | |
| Voltydse studente en skoliere | 07 | |
| Huis- en tuinbediendes bv. huisbediendes, tuinwerkers, was- en stryk-bediendes ens. by privaat persone. Kelners in diens van die Spoorweë, hotelle, ens. | 08 | |
| Persone wat 'n eie privaat onderneming besit: bv. handelaars (ook smouse) huurmotoreienaars, skoenmakers, huisopknappers, ens. | 09 | (7-8) |
| Persone wat hoofsaaklik uit hul eie boerdery 'n bestaan maak (plaasarbeiders en voormanne uitgesluit) bv. veeboere, landbouers ens. | 10 | |
| Persone wat nie ekonomies bedrywig is nie: bv. pensioentrekkers, persone wie se familie vir hulle sorg, persone wat 'n ander bron van inkomste het, bv. renteniers ens. | 11 | |
| Veiligheidsdienste: bv. konstabels in die polisie, bewaarders in die gevangeniswese en persone in diens van die weermag, asook nagwagte, brandweermanne, vuurslaners, verkeersinspekteurs. ens. | 12 | |
| Voltydse huisvrouens wat nie vir ander werk om te verdien nie | 13 | |
| Het nie gewerk toe die onderhoud gevoer is nie. (Is werkloos) | 14 | |
| Doen werk wat nog nie genoem is nie | 15 | |

5. Watter standerd het u geslaag?

| | |
|---|---|
| Het u nooit skool gegaan nie | 01 |
| Was u op skool maar het geen standerd geslaag nie | 02 |
| Het u die sub-standerds A of B geslaag | 03 |
| Het u standerds een of twee geslaag | 04 |
| Het u standerds drie of vier geslaag | 05 |
| Het u standerds vyf of ses geslaag | 06 |
| Het u vorm een geslaag | 07 |
| Het u vorm een geslaag en besit ook 'n tegniese sertifikaat of 'n onderwysersertifikaat of 'n landbousertifikaat of 'n dergelike sertifikaat | 08 |
| Het u vorm twee geslaag | 09 |
| Het u vorm drie geslaag (dit sluit in al die verskillende junior sertifikate) | 10 |
| Het u vorm drie geslaag en besit ook 'n tegniese sertifikaat of 'n onderwysersertifikaat of 'n landbousertifikaat of 'n dergelike sertifikaat | 11 |
| Het u vorm vier geslaag | 12 |
| Het u vorm vyf geslaag (dit sluit in al die verskillende matriek-sertifikate) | 13 |
| Het u vorm vyf geslaag en besit ook 'n tegniese sertifikaat of 'n onderwysersertifikaat of 'n landbousertifikaat of 'n dergelike sertifikaat of 'n ander kwalifikasie behalwe 'n universiteitsgraad | 14 |
| Het u 'n universiteitsgraad behaal | 15 |

(9-10)

6. Hoeveel volle jare was u op skool, kollege, universiteit of dergelike inrigtings?

(11)

| 1-2 | 3-4 | 5-6 | 7-8 | 9-10 | 11-12 | 13-14 | 15-16 | 17-18 | 19-20 | 21 en meer | Geen |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 0 | X | Y |

7. Kan u lees en skrywe?

| Ja | Nee | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | (12) |

8. Is u inkomste

| | | |
|---|---|---|
| (a) slegs in kontant | 1 | |
| (b) in kontant en goedere | 2 | (13) |
| (c) slegs produksie vir selfonderhoud of slegs in goedere | 3 | |
| (d) het geen inkomste nie | 4 | |

9. Wat is op die oomblik u inkomste per maand. Indien u getroud is, gee die inkomste van u gesin as geheel.

| Geen | R1-R5 | R6-10 | R11-20 | R21-30 | R31-40 | R41-50 | R51-60 | R61-70 | R71-80 | R81-90 | R91-100 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | (14-15) |

| R101-110 | R111-120 | R121-130 | R131-140 | R141-150 | R151-160 | R161-170 | R171-180 | R181-190 | R191-200 | Indien meer as R200, vul die getal in | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | (14-15) |

10. Maak 'n kruisie in die hokkie teenoor die een vraag wat op die proefpersoon van toepassing is.

| | | |
|---|---|---|
| (a) Is u nog nie getroud nie? | 1 | |
| (b) Is u op 'n erkende manier getroud? | 2 | |
| (c) Is u op 'n erkende of nie-erkende manier getroud maar is nou geskei of verlaat? | 3 | (16) |
| (d) Is u nog nie op 'n erkende manier getroud nie maar woon saam met 'n vrou/man? | 4 | |
| (e) Is u 'n wewenaar of weduwee? | 5 | |

11. Is of was u huwelik 'n lobolaverbintenis?

| Ja | Nee | Ongetroud | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | (17) |

12. Aan watter etniese groep behoort u?

| | | |
|---|---|---|
| Xhosa | 1 | |
| Zoeloe | 2 | |
| Ndebele | 3 | |
| Noord-Sotho (Sepedi) | 4 | |
| Tswana | 5 | (18) |
| Suid-Sotho (Sotho) | 6 | |
| Tsonga (Sjangaan) | 7 | |
| Venda | 8 | |
| Swazi | 9 | |
| Ander groep nog nie genoem nie | 0 | |

13. Watter van die volgende tale kan u praat? (Maak net een kruisie)

| | | |
|---|---|---|
| Net Afrikaans | 1 | |
| Net Engels | 2 | (19) |
| Afrikaans <u>en</u> Engels | 3 | |
| Nie een van bostaande tale nie | 4 | |

14. Woon u tans

| | | |
|---|---|---|
| (a) in 'n Bantoegebied | 1 | |
| (b) op 'n Blanke se plaas | 2 | |
| (c) in 'n lokasie of skoonplaas in 'n Blankedorpsgebied | 3 | |
| (d) in 'n lokasie of skoonplaas in 'n Blankestadsgebied | 4 | |
| (e) in 'n kampong | 5 | (20) |
| (f) in 'n Blankedorpsgebied | 6 | |
| (g) in 'n Blankestadsgebied | 7 | |
| (h) op die gronde van 'n sendinggenootskap | 8 | |
| (i) op 'n plek nog nie genoem nie<br>Spesifiseer ............................................ | 9 | |

15. Maak 'n kruisie in die hokkie teenoor die een vraag wat op die proefpersoon van toepassing is.

| | | |
|---|---|---|
| Het in die afgelope vyf jaar nooit in 'n Blankegebied gekom nie | 1 | |
| Het in die afgelope vyf jaar nooit in 'n Bantoegebied gekom nie | 2 | (21) |
| Het in die afgelope vyf jaar meer in 'n Bantoegebied as in 'n Blankegebied gewoon | 3 | |
| Het in die afgelope vyf jaar meer in 'n Blankegebied as in 'n Bantoegebied gewoon | 4 | |

16. Watter een van die volgende dranksoorte drink u mees dikwels?

| | | |
|---|---|---|
| (a) Drink nie alkoholiese drank nie | 1 | |
| (b) Kafferbier | 2 | |
| (c) Ander dranksoorte deur Bantoes gemaak (kafferbier uitgesluit) | 3 | (22) |
| (d) Wyn | 4 | |
| (e) Sterkdrank byvoorbeeld brandewyn en jenewer | 5 | |
| (f) Witmansbier | 6 | |

17. Watter soort drank drink u gewoonlik die tweede meeste indien u meer as een soort drank gebruik? (Merk hoogstens een soort).

| | | |
|---|---|---|
| (a) Drink nie alkoholiese drank nie | 1 | |
| (b) Kafferbier | 2 | |
| (c) Ander dranksoorte deur Bantoes gemaak (Kafferbier uitgesluit) | 3 | (23) |
| (d) Wyn | 4 | |
| (e) Sterkdrank byvoorbeeld jenewer en brandewyn | 5 | |
| (f) Witmansbier | 6 | |
| (g) Drink slegs een soort drank | 7 | |

18. A. Wat het die drank wat u die afgelope maand gekoop het en self gedrink het, u gekos?

TABEL 1

| Kafferbier | Geen | 1c-25 | 26c-50 | 51c-99 | R1-2 | R3-4 | R5-6 | R7-8 | R9-10 | Meer as R10 | Weet nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | (24) |

| Ander Bantoe-drank-soorte | Geen | 1c-25 | 26c-50 | 51c-99 | R1-2 | R3-4 | R5-6 | R7-8 | R9-10 | Meer as R10 | Weet nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | (25) |

| Blanke-drank-soorte | Geen | 1c-25 | 26c-50 | 51c-99 | R1-2 | R3-4 | R5-6 | R7-8 | R9-10 | Meer as R10 | Weet nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | (26) |

*******************************************
* ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK *
*******************************************

TABEL 2

| Totaal vir alle dranksoorte | Geen | 1c-49 | 50c-99 | R1-2.99 | R3-4.99 | R5-6.99 | R7-8.99 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | (27-28) |

| R9-10.99 | R11-12.99 | R13-14.99 | R15-16.99 | R17-18.99 | R19-20.99 | R21-22.99 | R23-24.99 | R25 en meer |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |

18. B. Wat is die waarde van die drank wat u in die afgelope maand verniet gekry het of self vervaardig het en wat u self gedrink het?

TABEL 3

| Kaffer-bier | Geen | 1c-25 | 26c-50 | 51c-99 | R1-2 | R3-4 | R5-6 | R7-8 | R9-10 | Meer as R10 | Weet nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | (29) |

| Ander Bantoe-drank-soorte | Geen | 1c-25 | 26c-50 | 51c-99 | R1-2 | R3-4 | R5-6 | R7-8 | R9-10 | Meer as R10 | Weet nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | (30) |

| Blanke drank-soorte | Geen | 1c-25 | 26c-50 | 51c-99 | R1-2 | R3-4 | R5-6 | R7-8 | R9-10 | Meer as R10 | Weet nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | (31) |

*******************************************
* ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK *
*******************************************

TABEL 4

| Totaal vir alle drank-soorte | 0 | 1c-49 | 50c-99 | R1-2.99 | R3-4.99 | R5-6.99 | R7-8.99 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | (32-33) |

| R9-10.99 | R11-12.99 | R13-14.99 | R15-16.99 | R17-18.99 | R19-20.99 | R21-22.99 | R23-24.99 | R25 en meer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | (32-33) |

******************************************
* ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK *
******************************************

TABEL 5

| Groot-totaal van tabelle 2 en 4 | 0 | 1c-49 | 50c-99 | R1-2.99 | R3-4.99 | R5-6.99 | R7-8.99 | R9-10.99 | R11-12.99 | R13-14.99 | R15-16.99 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | (34-35) |

| R17-18.99 | R19-20.99 | R21-22.99 | R23-24.99 | R25-26.99 | R27-28.99 | R29-30.99 | R31-32.99 | R33-34.99 | R35-36.99 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | (34-35) |

| R37-38.99 | R39-40.99 | R41-42.99 | R43-44.99 | R45-46.99 | R47-48.99 | R49-50.99 | R51 en meer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | (34-35) |

19. Watter soort(e) witmansdrank het u al gedrink? (Maak net een kruisie)

| | | |
|---|---|---|
| Het nog nooit witmansdrank gedrink nie | 1 | |
| Wyn | 2 | |
| Sterkdrank | 3 | |
| Witmansbier | 4 | (36) |
| Wyn en witmansbier | 5 | |
| Wyn en sterkdrank | 6 | |
| Witmansbier en sterkdrank | 7 | |
| Wyn, witmansbier en sterkdrank | 8 | |

20. Drink u alkoholiese drank (kafferbier ingesluit)

| Daagliks | Vier tot ses dae per week | Drie dae per week | Twee dae per week | Een maal per week | Een maal per maand | Minder as een maal per maand | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | (37) |

21. Drink u

| Soort drank | Daagliks | Vier tot ses dae per week | Drie dae per week | Twee dae per week | Een maal per week | Een maal per maand | Minder as een maal per maand | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kaffer-bier | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | (38) |
| Ander Bantoe-drank | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | (39) |
| Blanke-drank-soorte | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | (40) |

22. Watter dag van die week drink u gewoonlik die meeste?

| | | |
|---|---|---|
| Drink nie | 1 | |
| Sondag | 2 | |
| Maandag | 3 | |
| Dinsdag | 4 | |
| Woensdag | 5 | (41) |
| Donderdag | 6 | |
| Vrydag | 7 | |
| Saterdag | 8 | |
| Drink elke dag ewe veel | 9 | |

23. Hoeveel Blankedrank het u die afgelope sewe dae gedrink?

| Wyn (Glase) | Niks | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | 22-24 | 25-27 | 28-30 | Indien meer as 30 vul die getal in | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y | (42) |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sterk-drank (Sopies) | Niks | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | 22-24 | 25-27 | 28-30 | Indien meer as 30 vul die getal in | (43) |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y | |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Wit-mans-bier (Pinte) | Niks | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | 22-24 | 25-27 | 28-30 | Indien meer as 30 vul die getal in | |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y | (44) |

1 bottel sterkdrank = 21 sopies; 1 bottel wyn = 12 glase;
1 klein botteltjie witmansbier = 1 pint;
1 groot bottel witmansbier = 2 pinte.

************************************************

ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK

************************************************

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal vir Blanke-dranksoorte | 0 | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | 22-24 | 25-27 | 28-30 | 31-33 | |
| | 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | (45-46) |
| | 34-36 | 37-39 | 40-42 | 43-45 | 46-48 | 49-51 | 52-54 | 55-57 | 58-60 | 61-63 | 64-66 | 67-69 | |
| | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | (45-46) |
| | 70-72 | 73-75 | 76-78 | 79-81 | 82-84 | 85-87 | 88-90 | 91-93 | 94-96 | 97-99 | 100-102 | 103-105 | (45-46) |
| | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | |

24. Hoeveel Bantoedrank het u die afgelope sewe dae gedrink?

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kafferbier Klein skaal (Twee pinte) | Niks | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | 22-24 | 25-27 | 28-30 | Indien meer as 30 vul die getal in | (47) |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y | |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bantoedrank-soorte (uitgesonder kafferbier) Halfskaal (Half pint) | Niks | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | 22-24 | 25-27 | 28-30 | Indien meer as 30 vul die getal in | (48) |
| | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | X | Y | |

***********************************************
* ALLEENLIK VIR KANTOORGEBRUIK *
***********************************************

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal vir alle drank-soorte | 0 | 1-3 | 4-6 | 7-9 | 10-12 | 13-15 | 16-18 | 19-21 | 22-24 | 25-27 | 28-30 | 31-33 | (49-50) |
| | 00 | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | |
| | 34-36 | 37-39 | 40-42 | 43-45 | 46-48 | 49-51 | 52-54 | 55-57 | 58-60 | 61-63 | 64-66 | 67-69 | |
| | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | (49-50) |
| | 70-72 | 73-75 | 76-78 | 79-81 | 82-84 | 85-87 | 88-90 | 91-93 | 94-96 | 97-99 | 100-102 | 103 of meer | (49-50) |
| | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | |

25. By watter een van die onderstaande plekke drink u gewoonlik u kafferbier?

| | | |
|---|---|---|
| (a) By u eie huis | 1 | |
| (b) By ander mense se huis waar u daarvoor betaal | 2 | |
| (c) By ander mense se huis waar u die bier verniet kry | 3 | (51) |
| (d) By 'n munisipale biersaal of kampongbiersaal | 4 | |
| (e) By die plek waar u werk | 5 | |
| (f) Drink nie kafferbier nie | 6 | |

26. By watter een van onderstaande plekke drink u gewoonlik ander Bantoedrank-soorte (behalwe kafferbier)?

| | | |
|---|---|---|
| (a) By u eie huis | 1 | |
| (b) By 'n ander plek as u eie huis | 2 | (52) |
| (c) Drink nie hierdie dranksoorte nie | 3 | |

27. By watter een van onderstaande plekke drink u gewoonlik Blankedrank?

| | | |
|---|---|---|
| (a) By u eie huis | 1 | |
| (b) By 'n ander plek as u eie huis | 2 | (53) |
| (c) Drink nie Blankedrank nie | 3 | |

28. Wat is die vernaamste rede waarom u kafferbier drink?
(Merk net een rede)
(Moenie aanvanklik die moontlike redes aan die proefpersoon noem nie)

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Drink nie kafferbier nie | 1 | |
| (b) | Omdat dit kos is<br>Omdat dit sterk maak<br>Omdat dit gesond is<br>Omdat dit lekker smaak<br>Omdat u lus is daarvoor<br>Omdat u daarvan hou<br>Omdat dit u dors les | 2 | |
| (c) | Omdat dit gebruiklik is by geleenthede soos bruilofte, stamseremonies, begrafnisse ens.<br>Omdat u ouers drink<br>Omdat u vir die geeste van die voorvaders drink | 3 | (54) |
| (d) | Om van bekommernis ontslae te raak<br>Om bly te word<br>Om meer moed te kry<br>Om nie bang te wees nie<br>Om van minderwaardigheid ontslae te raak | 4 | |
| (e) | Daar is nie 'n besondere rede nie, u drink sommer | 5 | |
| (f) | Om gesellig saam met u vriende te wees | 6 | |
| (g) | Vir 'n rede nog nie genoem nie<br>Spesifiseer ..............................................<br>.................................................. | 7 | |

29. Watter een van die volgende dranksoorte verkies u?

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Drink nie | 1 | |
| (b) | Wyn | 2 | |
| (c) | Sterkdrank byvoorbeeld brandewyn en jenewer | 3 | (55) |
| (d) | Witmansbier | 4 | |
| (e) | Kafferbier | 5 | |
| (f) | Ander Bantoedranksoorte | 6 | |

30. Om watter een van die onderstaande redes verkies u Blankedrank bo Bantoedrank? (Moenie aanvanklik die moontlike redes aan die proefpersoon noem nie).

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | Drink nie alkoholiese drank nie | 1 | |
| (b) | Verkies nie Blankedrank bo Bantoedrank nie | 2 | (56) |
| (c) | Omdat u dink dat Blankedrank lekkerder smaak | 3 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (d) | Omdat u dink dat Blankedrank u gewoonlik vinniger vrolik maak as die Bantoedranksoorte; omdat Blankedrank sterker is | 4 | |
| (e) | Omdat u dink dat Blankedrank 'n nuwigheid is | 5 | |
| (f) | Omdat Blankedrank 'n verbode drank is | 6 | (56) |
| (g) | Omdat u dink dat die gebruik van Blankedrank u 'n hoër status gee | 7 | |
| (h) | Omdat Blankedrank makliker vervoer en gebêre kan word en sonder voorbereiding, dadelik gedrink kan word | 8 | |
| (i) | Omdat Blankedrank meer higiënies is | 9 | |
| (j) | Vir 'n rede nog nie genoem nie<br>Spesifiseer ..........................................<br>.................................................... | 0 | |

31. Blankedrank sal vrygestel word aan Bantoes. Dink u dit is goed?

| Ja | Nee | Weet nie |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

(57)

32. Gee u vernaamste rede vir u antwoord ..................................

.................................................................... (58)

....................................................................

33. Het u 'n permit om Blankedrank te koop?

| Ja | Nee |
|---|---|
| 1 | 2 |

(59)

34. Dui met 'n kruisie die gebied aan waarin hierdie vraelys voltooi is. (Slegs vir die gebruik van die veldwerkers.)

KAAPPROVINSIE

| Wynberg | De Aar | Kuruman | Oos-Londen | Humansdorp | Queenstown | Worcester |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

(60)

TRANSKEI

| Matatiele | Umtata | Idutywa | Port St. Johns |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |

(61)

NATAL

| Umzinto | Bergville | Newcastle | Durban | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | (62) |

O.V.S.

| Bloemfontein | Thaba N'Chu | Odendaalsrust | |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | (63) |

TRANSVAAL

| Pretoria | Johannes-burg | Randfon-tein | Nel-spruit | Benoni | Pieters-burg | Groblers-dal | Rusten-burg | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | (64) |

ZOELOELAND

| Eshowe | Hlabisa | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | (65) |

Naam van gebied (Indien van toepas-sing) ______________________

Nommer van opnemersdistrik ____________

# BIBLIOGRAFIE


1. BRUUN, K. : Drinking Behaviour in Small Groups. Finland, 1959.

2. VENTER, J.D. : Die drinkpatroon van die Blanke in Suid-Afrika.

3. BURO VIR SENSUS EN STATISTIEK: Bevolkingsensus, 1960 Bantoes, Boekdeel 5.

4. JEPPE, W.J.O. : Die voorsiening van alkoholiese drank aan die Bantoe met spesiale verwysing na Wes-Kaapland. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, 1962.

5. BEAVEN, W.H. : Whither Research. Institutes of Scientific Studies. Washington.

6. BURO VIR SENSUS EN STATISTIEK: Bevolkingsensus, 1951, Boekdeel 1.

7. LANSDOWN, C.W.A.: The South African Liquor Law.

8. CARR, W.J.P. : Implementation of 1961 Liquor Act among Bantu. Institute of Scientific Studies, 1962.

9. DEBATTE VAN DIE VOLKSRAAD (HANSARD) No. 20, 1961.

10. MALAN, A.I. : Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Algemene Distribusie en Verkoopspryse van Sterk Drank, U.G. 55/1960.

11. QUIN, P.J. : Foods and Feeding Habits of the Pedi. Johannesburg, 1959.

1970
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL
RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY
46397
46398
Copy no

V&R—Pta. 1128